

University of Pretoria etd – Lubbe, J J (2003)

**DIE INVLOED VAN GESTALTGROEPSPELTERAPIE OP DIE
SELFBEELD VAN
LAERSKOOLDOGTERS IN 'N KINDERHUIS**

deur

JACOMINA JACOBA LUBBE

**VOORGELê TER GEDEELTELIKE VERVULLING
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD**

**MAGISTER SOCIALIS DILIGENTIAE
(SPELTERAPIE)**

in die

**Departement Maatskaplike Werk
Fakulteit Geesteswetenskappe**

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: DR. J.M. YSSEL

PRETORIA

OKTOBER 2003

**Opgedra aan my ouers
wat altyd in my geglo het**

DANKBETUIGINGS

Ek wil graag my opregte dank en waardering teenoor die volgende uitspreek:

* Aan my Hemelse Vader wat aan my die verstand, gesondheid, geldelike hulp, deursettingsvermoë en bystand van ander geskenk het en waarsonder ek nie hierdie studie sou kon voltooi het nie.

* Aan Dr. Marietjie Yssel vir haar altyd eerlike, bekwame en flinke leiding en aanmoediging en vir die oneindig baie wat ek van haar kon leer.

* Aan Prof. Delport wat my met empatie tegemoet gekom het toe ek my heup gebreek het en met groot moeite 'n mondelingse eksamen vir my gereël het.

* Aan Jaqueline Theunissen en Liezl Stieger van die Universiteit van Pretoria se Inligtingsdiens. Geen moeite was ooit vir hulle te groot om my altyd met die uiterste bekwaamheid en geduld te help nie.

* Aan Dr. Florinda Taute wat met die grootste geduld en liefde my boeke en werk heen en weer tussen Potchefstroom en Pretoria vervoer het.

* Aan my man, Piet, vir sy liefde en ondersteuning en dat hy my nog altyd my vryheid gegun het om my ideale na te strew.

* Aan my kinders, Pieter en Elsje vir hulle liefde en gasvryheid en by wie ek altyd in Pretoria kon tuisgaan. Ook vir die skootrekenaar wat hulle vir my persent gegee het en wat my werk oneindig makliker gemaak het.

* Aan my seun, Jaco wat my altyd met groot geduld in die verskrikkinge van die rekenaarwêreld ingelei het.

* Aan my vriendinne, Ria Nel en Rina Kleinschmidt vir hulle hulp en ondersteuning.

* Aan my hoof, Mev. Marthie Wassermann wat my sonder aarseling tyd afgegee het om die lesings by te woon.

* Aan my huishulp, Paulina Maruping wat altyd gesorg het dat my huishouding glad verloop het en dat ek met 'n geruste gemoed kon werk aan hierdie studie.

* Aan die Abraham Kriel Kinderhuis se hoof, Mnr. Saaiman, Mev. Annetjie Dupper, die hoof maatskaplike werker en Mev. Ina Lemmer, die huismoeder van Hebron wat my altyd met vriendelikheid, respek en geduld gehelp en bygestaan het.

University of Pretoria etd – Lubbe, J J (2003)

- En laaste maar nie die minste nie sê ek dankie aan my ses respondente. Hulle moed, humor, deursettingsvermoë en krag onder moeilike omstandighede was vir my 'n inspirasie.

Mientjie Lubbe Oktober, 2003.

OPSOMMING

**DIE UITKOMS VAN GESTALTGROEPSPELTERAPIE OP DIE SELFBEELD VAN DIE
MIDDELKINDERJARE-KIND IN 'N KINDERHUIS**

deur

Jacomina Jacoba Lubbe

**STUDIELEIER: DR. J.M. YSSEL
DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**GRAAD: MAGISTER ARTIUM IN MAATSKAPLIKE WERK:
SPELTERAPIE**

Hierdie ondersoek is gerig op die vasstelling van die invloed wat gestaltterapie in groepsverband op die selfbeeld van 'n kind in 'n kinderskool in die middelkinderjare sal hê.

Vanuit die literatuurstudie is vasgestel dat 'n kinderskoolmilieu gewoonlik 'n negatiewe uitwerking op 'n kind se funksionering en sy selfbeeld het. Kinderskool is egter 'n werklikheid van ons samelewing en daarom moet soveel hulp moontlik aan sodanige kinders verleen word. Daar moet verder gepoog word dat hierdie hulpverlening op deeglike navorsing gebaseer sal wees.

Ten einde vas te stel wat die uitkoms van gestaltterapie op die middelkinderjare-kind sal wees, is die selfbeeld van ses dogters tussen die ouderdomme van sewe en elf jaar eers getoets en daarna is hulle tydens agt byeenkomste bymekaar gebring en terapie gebaseer op die gestaltterapeutiese beginsels in groepsverband met hulle gedoen. Aan die einde van die laaste sessie is hulle selfbeeld weer getoets.

Die empiriese gegewens is kwalitatief en kwantitatief geïnterpreteer en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat gestaltgroepspeeltherapie kinders kan help om tot groter bewustheid van hulself te kom en dat dit positief inwerk op hulle selfbeeld.

Die gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie fokus op die bereiking van die doelstellings en doelwitte van die studie, gevolgtrekkings oor die navorsingsbevindinge en riglyne om belanghebbendes wat met kinders werk te help om die waarde van 'n gesonde selfbeeld te besef en doeltreffende aandag aan die positiewe selfbeeldvorming van kinders te gee.

SUMMARY

THE INFLUENCE OF GESTALT GROUP PLAYTHERAPY ON THE SELF-ESTEEM OF PRIMARY SCHOOL GIRLS IN A CHILDREN'S HOME

by

Jacomina Jacoba Lubbe

Study leader: Dr. J.M. Yssel

Department of Social Work

MSD (Play Therapy)

The objective of this research was to establish what the influence of gestalt group playtherapy on the self-esteem of primary schoolgirls in a children's home would be.

The goals of the research were to build a knowledge basis by means of a literature study and consultation with experts in the field. The aim of this knowledge basis was the needs and developmental characteristics of the middle childhood years, the characteristics and problems encountered by the children's home child, to assess by means of an empirical study what the influence of gestalt group playtherapy on the self-esteem of the child in the middle childhood years in a children's home would be and the nature and scope of gestalt therapy. The study also had the further aim to make recommendations for the use and appropriate application of social workers working in the field of children's welfare, especially the children's home.

For the empirical study the dominant-less-dominant model was used. The dominant data collection measure that was used, was of the quantitative kind with a small component of qualitative study to support the last mentioned quanti-tative investigation. Six respondents were identified and engaged in eight group playtherapeutic sessions.

Applied research was used as the researcher aimed to find a solution for the problem of low self-esteem in specific children, namely the primary

school child in the children's home. The research resorted under the sub-category of intervention-knowledge-development. This type of research focuses on the practical application of research.

The research design that researcher utilized, was the quasi-experimental design where one group pretest-posttest was being used. This design is useful to assess how an independent variable would influence a specific group. The data collection methods used were questionnaires, unstructured observation and the study of respondent's case records.

Empirical data results indicated the following:

- the child in a children's home has weak self-esteem;
- the child in a children's home has problems binding with the peer group;
- respondents could already identify and regulate emotions in themselves and understand that emotions are not always correctly observed and interpreted in others;
- respondent were very negative towards the children's home and their committal to the home;
- gestalt group playtherapy has a significant influence on the self-esteem of the above mentioned child.

The research lead to specific recommendations addressed to parents, teachers, social workers and housemothers aiding them regarding the improvement of a child's self-esteem.

MIENTJIE LUBBE

OCTOBER 2003

SLEUTELTERME / KEY TERMS	
KINDERHUISKIND	CHILDREN'S HOME CHILD
MIDDELKINDERJARE	MIDDLE CHILDHOOD YEARS
SELFBEELD	SELF-ESTEEM
GESTALTTERAPIE	GESTALT THERAPY
LAERSKOOL KIND	PRIMARY SCHOOL CHILD

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1	BLADSY
DIE INVLOED VAN GESTALTGROEPSPELTERAPIE OP DIE SELFBEELD VAN DIE LAERSKOOLDOGTER IN 'N KINDERHUIS	
1. Inleiding	1
2. Motivering vir die keuse van die onderwerp	1
3. Probleemformulering	2
4. Doelstellings en doelwitte	4
4.1 Doelstelling	4
4.2 Doelwitte	4
5. Navorsingsvraag	4
6. Navorsingsbenadering	4
7. Soort navorsing	5
8. Navorsingsontwerp	6
9. Navorsingsprosedure en werkswyse	7
10. Voorondersoek	9
10.1 Literatuurstudie	9
10.2 Konsultasie met kundiges	9
10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek	10
10.4 Toetsing van die meetinstrument	11
11. Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming	11
12. Etiese aspekte	12
13. Uitvoerbaarheid en leemtes in die studie	13
14. Definisies van hoofkonsepte	14
14.1 Die laerskoolkind	14
14.2 Speltherapie	14
14.3 Gestaltterapie	15
14.4 Selfbeeld	15

14.5 Kinderhuis	16
15. Indeling van die navorsingsverslag	17
HOOFSTUK 2	
DIE SELFBEELD VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE IN 'N KINDERHUIS	18
2.1 Inleiding	18
2.1.1 Die middelkinderjare as ontwikkelingsfase	18
2.1.1.1 Liggaamlike ontwikkeling	19
2.1.1.2 Kognitiewe ontwikkeling	20
2.1.1.3 Emosionele ontwikkeling	20
2.1.1.4 Sosiale ontwikkeling	22
2.1.1.5 Morele ontwikkeling	22
2.2 Die kinderhuiskind	23
2.2.1 Die institusionalisering van kinders	23
2.2.2 Die effek van verwydering en die invloed daarvan op die kind se gedrag	24
2.3 Selfbeeld	26
2.3.1 Omskrywing of komponente van die selfbeeld	26
2.3.2 Die ontwikkeling van die selfbeeld	29
2.3.2.1 Die ontwikkeling van die selfbeeld tydens die middelkinderjare	29
2.3.3 Die waarde van 'n gesonde selfbeeld	30
2.3.4 Aanduidings van 'n goeie selfbeeld of persoonsbeeld	31
2.3.5 Aanduidings van 'n swak selfbeeld of persoonsbeeld	32
2.3.6 Strategieë ter verbetering van die selfbeeld	33
2.3.6.1 Die rol van die ouers	33
2.3.6.2 Die rol van die skool en die onderwyser	35
2.3.6.3 Die rol van die maatskaplike werker in die kinderhuis	36
2.3.6.4 Die rol van die kinderversorger in die kinderhuis	36
2.4 Samevatting	36

HOOFSTUK 3	
GESTALTGROEPSPELTERAPIE EN SPELTEGNIKE	
GEFOKUS OP DIE ONTWIKKELING VAN DIE SELFBEELD	37
3.1 Inleiding	37
3.2 Die ontstaan en ontwikkeling van gestaltterapie	37
3.3 Die teorie en basiese konsepte van gestaltterapie	38
3.3.1 Holisme	38
3.3.2 Bewustheid	39
3.3.3 Figuur/grond	39
3.3.4 Selfregulering	39
3.3.5 Hier-en-nou	39
3.3.6 “Unfinished business”	40
3.3.7 “Topdog versus underdog”	40
3.3.8 Polariteite	41
3.3.9 Selfversorging	41
3.3.10 Kontak	41
3.3.10.1 Tipes disfunksies of kontakgrensversteurings	42
3.3.10.2 Introjeksie	42
3.3.10.3 Projeksie	42
3.3.10.4 Retrofleksie	42
3.3.10.5 Samevloeiing	43
3.3.10.6 Defleksie	43
3.4 Terapeutiese fases	43
3.4.1 Die valse laag	43
3.4.2 Die fobiese laag	43
3.4.3 Die impasse (dooie punt) laag	44
3.4.4 Die implosiewe laag	44
3.4.5 Die eksplosiewe laag	44
3.5 Gestaltterapeutiese tegnieke	44
3.5.1 Tegnieke om huidige tyd bewuswording te fasiliteer	45
3.5.1.1 Sensoriese bewuswordinge	45
3.5.1.2 “Nou is ek bewus van...”	45
3.5.1.3 “Waarvan is jy nou bewus?”	45
3.5.1.4 Taalbenaderings	45
3.5.1.5 Taalintervensies waarop die terapeut ten opsigte van homself moet let	46
3.5.1.6 Nie-verbale gedrag	46
3.5.1.7 Fantasie intervensies	46
3.5.1.8 Dialoë	46
3.5.1.9 Die verlede en die toekoms	46

3.5.1.10 “Unfinished business”	47
3.5.1.11 Benaderings ten opsigte van emosies	47
3.5.1.12 Polariteite	47
3.5.1.13 Droomwerk	47
3.6 Gestaltgroeptherapie	48
3.7 ‘n Gestaltriglyn vir selfbeeldontwikkeling	48
3.8 Speltherapie	49
3.8.1 Assessering van die kind se proses	49
3.8.2 Sensoriese bewustheid	50
3.8.3 Projeksie	52
3.8.4 Vorme van spel of speltegnieke	54
3.8.4.1 Gedramatiseerde spel	54
3.8.4.1.1 Handpoppe, poppe en sagte speelgoed	54
3.8.4.1.2 Gedramatiseerde rollespel as medium	55
3.8.4.2 Skeppende spel	55
3.8.4.2.1 Teken as vorm van skeppende spel	55
3.8.4.2.2 Kleispiel as vorm van skeppende spel	56
3.8.4.3 Bibliospel/Biblioterapie	56
3.9 Samevatting	57
HOOFSTUK 4	
NAVORSINGSBEVINDINGS	58
4.1 Inleiding	58
4.2 Beknopte gesinsgeskiedenis van die onderskeie respondente	58
4.3 Byeenkoms 1	62
4.3.1 Doelstellings van die sessie	62
4.3.2 Verloop van die sessie	62
4.3.3 Emosionele uitdrukking en selfbeeldmanifestasie van die respondente tydens die sessie	64
4.3.4 Evaluasie van die sessie	66
4.4 Byeenkoms 2	67
4.4.1 Doelstellings van die sessie	67
4.4.2 Verloop van die sessie	67
4.4.3 Emosionele uitdrukking en selfbeeldmanifestasie van die respondente tydens die sessie	69
4.4.4 Evaluasie van die sessie	71

4.5 Byeenkoms 3	71
4.5.1 Doelstellings van die sessie	71
4.5.2 Verloop van die sessie	71
4.5.3 Emosionele uitdrukking en selfbeeldmanifestasie van die respondente tydens die sessie	72
4.5.4 Evaluasie van die sessie	74
4.6 Byeenkoms 4	75
4.6.1 Doelstellings van die sessie	75
4.6.2 Verloop van die sessie	75
4.6.3 Emosionele uitdrukking en selfbeeldmanifestasie van die respondente tydens die sessie	76
4.6.4 Evaluasie van die sessie	78
4.7 Byeenkoms 5	78
4.7.1 Doelstellings van die sessie	78
4.7.2 Verloop van die sessie	78
4.7.3 Emosionele uitdrukking en selfbeeldmanifestasie van die respondente tydens die sessie	79
4.7.4 Evaluasie van die sessie	81
4.8 Byeenkoms 6	81
4.8.1 Doelstellings van die sessie	81
4.8.2 Verloop van die sessie	81
4.8.3 Emosionele uitdrukking en selfbeeldmanifestasie van die respondente tydens die sessie	83
4.8.4 Evaluasie van die sessie	84
4.9 Byeenkoms 7	85
4.9.1 Doelstellings van die sessie	85
4.9.2 Verloop van die sessie	85
4.9.3 Emosionele uitdrukking en selfbeeldmanifestasie van die respondente tydens die sessie	86
4.9.4 Evaluasie van die sessie	88
4.10 Byeenkoms 8	88
4.10.1 Doelstellings van die sessie	88
4.10.2 Verloop van die sessie	88
4.10.3 Evaluasie van die sessie	89
4.10.4 Samevatting en gevolgtrekking	98

HOOFSTUK 5	
GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	99
5.1 Inleiding	99
5.2 Bereiking van die doelstelling en doelwitte	99
5.2.1 Bereiking van doelstelling	99
5.2.2 Bereiking van doelwitte	99
5.3 Gevolgtrekkings oor navorsingsvraag	100
5.4 Gevolgtrekkings oor navorsingsbevindinge	100
5.4.1 Bruikbaarheid van die navorsingsaktiwiteite	100
5.4.2 Spesifieke aktiwiteite wat gebruik is	101
5.4.2.1 Betekenis van naam speletjie	101
5.4.2.2 Verfwerk	101
5.4.2.3 Dans op maat van musiek	101
5.4.2.4 Sensoriese bewustheid (smaak)	102
5.4.2.5 Terugvoering oor goeie eienskappe	102
5.4.2.6 Kleiwerk	102
5.4.3 Ontwikkelingskenmerke van die middelkinderjare	102
5.4.4 Houding van respondente ten opsigte van kindershuisplasing	103
5.4.5 Selfbeeld van die kindershuiskind	104
5.4.6 Benutting van gestaltterapietegnieke	104
5.4.7 Terapeutiese proses van gestaltterapie	105
5.4.8 Kontakgrensversteurings	105
5.5 Aanbevelings	106
5.5.1 Opleiding van die gemeenskap	106
5.5.2 Opleiding van belanghebbendes	106
5.5.3 Kindershuise	106
5.5.4 Implimentering van die riglyn	107
5.5.5 Navorsing	107
5.5.6 Samevatting	108

BRONNELYS

BYLAE A

BYLAE B

BYLAE C

BYLAE D

HOOFSTUK 1

DIE INVLOED VAN GESTALTGROEPSPELTERAPIE OP DIE SELFBEELD VAN LAERSKOOLDOGTERS IN 'N KINDERHUIS

1. INLEIDING

Die kind wat uit die sorg van sy ouer of voog verwyder word en in alternatiewe sorg (soos 'n kinderkuis) geplaas word, gaan deur 'n pynlike ervaring. Hy ervaar gevoelens van verlatenheid, hulpeloosheid en vrees (Matthias 1997:34). Genoemde skrywer meld ook dat sodanige kind se selfbeeld ernstig geskaad is as gevolg die verlies aan identifikasie met 'n eie ouer. (Vergelyk Departement van Welsyn, 1998:7.)

In hierdie navorsingstudie is daar gefokus op die invloed van gestaltgroepspeeltherapie op die selfbeeld van laerskooldogters in 'n kinderkuis soos gemeet voor en na intervensie. Gestaltgroepspeeltherapie help volgens navorser se mening 'n kind op 'n besondere wyse om van sy emosies bewus te word en die groep bied verder ook ondersteuning aan die individuele groeplid.

Binne hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting van die beplanning, struktuur, strategie en navorsingsmetodiek wat vir die studie gebruik is, gegee. Daar word ook op die motivering vir die ondersoek, probleemformulering, die stel van 'n navorsingshipotese en die omskrywing van 'n aantal kernbegrippe gefokus.

2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Vanweë navorser se kliniese werk en besondere belangstellig en ervaring met kinders in 'n kinderkuis het sy bewus geword van die gebrek aan 'n goeie selfbeeld wat sodanige kinders openbaar. Benewens laasgenoemde waarneming is navorser ook van mening dat aangesien dit algemeen aanvaar word dat 'n gesin die beste milieu bied waarin 'n kind kan groei en gedy, kinderkuisse nie die ideale opvoedingsinstansies vir 'n kind is nie. Navorser wou dus die geleentheid benut om 'n bydrae te maak om die lewensomstandighede van die kind in 'n kinderkuis te verbeter en met haar navorsing poog dat belanghebbendes die kind in 'n kinderkuis beter sal verstaan.

Motivering vir hierdie studie het verder gespruit uit die mening van die navorser dat 'n resente ondersoek ten opsigte van dié navorsingsonderwerp toepaslik en gewens sou wees aangesien 'n soortgelyke ondersoek so lank as dertien jaar gelede onderneem is deur Fraser (1989). Daar bestaan dus 'n kennisleemte vir resente inligting. Navorser was van

mening dat dit noodsaaklik was om terapeutiese riglyne vir spelterapeute daar te stel ten einde kinders se selfbeeld aan te spreek aangesien dit uit die literatuurstudie geblyk het dat 'n lae selfbeeld dikwels met ander probleme soos enurese en aggressiewe gedrag gepaard gaan. (Roos, 1994:47 en McParlin, 1996:113). Inligting uit hierdie studie sou dus toepassings-waarde hê in optimale hulpverlening aan die kind in 'n kinderhuis met 'n swak selfbeeld.

3. PROBLEEMFORMULERING

In die inleiding is reeds daarvan melding gemaak dat die kind wat uit die sorg van sy ouer of voog verwyder is groot ontwrigting ervaar. Die Abraham Kriel Kinderhuis in Potchefstroom het plek vir 200 gekommitteerde kinders asook vir 60 kinders as Plek van Veiligheid. Hierdie getalle word deur die Noord-Wes Provinsie (Departement van Welsyn) bepaal. Bogenoemde getalle bly altyd konstant (Dupper, 2002). Die afleiding kan dus gemaak word dat die voorkoms van sorgbehoewende kinders nie afneem nie. Elke kind sal egter verskillend reageer en emosionele belewenisse/reaksies sal van sy ouderdom, die aard van sy verhouding met sy ouer en die vermoë om te verstaan wat met hom gebeur, afhang (Matthias, 1997:34). 'n Paar van die emosies en reaksies wat so 'n kind ervaar, word soos volg deur Matthias (1997:35) aangedui:

- 'n Kind ervaar onveiligheid as gevolg van die tydelike verlies van 'n ouer.
- Die lewenslyn van 'n kind is voortydig verbreek omdat hy sy natuurlike gevoel van "behoort aan" verloor het.
- 'n Kind se selfbeeld is ernstig geskaad as gevolg van verlies van identifikasie met 'n eie ouer.
- 'n Kind is geneig om deur 'n fase van protes, wanhoop en onttrekking te gaan.
- 'n Kind mag probleme om by die veranderde en vreemde omgewing aan te pas, ervaar.
- 'n Kind mag onbeheerbare gedrag, angs en depressie toon en ervaar.
- 'n Kind kan moontlik die realiteit van twee groepe ouers (in geval van pleegsorg) te kompleks vind om daarby aan te pas

Die skrywer McParlin (1996:112) maak die volgende stelling: "It is clear that, as a subculture, children 'looked after' experience secondclass citizenship but they also suffer from marginalised status".

Uit bogenoemde gegewens is dit duidelik dat die kind in 'n kinderhuis probleme met sy selfbeeld kan ondervind en dat 'n swak selfbeeld dikwels met ander emosionele probleme gepaard gaan. Dit is selfs moontlik dat 'n bouse kringloop kan ontstaan. Die kind in die middelkinderjare (laerskool) word voorberei op aanpassings en uitdagings wat in die adolessente jare gaan volg en ewewigtige ontwikkeling gedurende die jare lê 'n stewige fondament vir latere ontwikkeling (Yssel, 1999:25). Die gesin wat die kind met bogenoemde take moet bystaan, is vir die kind in die kinderhuis grootliks afwesig en hy ontbeer dus gesinsondersteuning wat sy selfbeeld kan beïnvloed (sien 1.2). Deur goed of beter oor homself te voel, is bemagtigend en bevorder 'n persoon se interaksie met ander. Volgens Oaklander (1988:281) word persone se gedrag verder deur hul selfbeeld bepaal. As 'n kind beter of goed oor homself voel, gaan hy vanuit daardie verwysings-raamwerk optree wat weer meer positiewe reaksie van ander gaan uitlok en 'n gelukkiger kind tot gevolg gaan hê. Dit is navorser se oortuiging dat daar vir 'n spelterapeut geen groter bevrediging is as om 'n ongelukkige, verwerpe kind tot 'n beter aanpassing in sy lewe te begelei nie.

Die getraumatiseerde kind gaan ook deur 'n rouproses en dit is waarskynlik dat die kind in die proses deur die fases van ontkenning, fantasie, vrees, woede, skuldgevoelens, hartseer, depressie, hantering van die probleme, insig in nuwe realiteite, maak van positiewe veranderinge, losmaking van die verlede, aanvaarding en herstel na bemagtiging, sal gaan (Graver & Morse in Van der Merwe, 1996a:187).

'n Gestaltspelterapie groep het die voordeel om soos 'n beskermde klein wêreld vir die kind te wees waarin sy huidige gedrag ervaar kan word en met nuwe gedrag geëksperimenteer kan word (Oaklander, 1988:285). Boonop bied 'n groep die geleentheid aan 'n kind om te leer om met sy eie ouderdomsgroep te kommunikeer, hoe hy in interaksie met ander kan verkeer en om probleme in dié verband uit te sorteer. Volgens laasgenoemde skrywer is sekere prosedures en tegnieke veral in groepsverband baie effektief (Oaklander, 1988:285). Temas (soos byvoorbeeld "mense hou nie van my nie") is veral geskik om in 'n gestaltspelterapie groep te gebruik. Volgens navorser se mening het 'n groep ook die praktiese voordeel dat meer kinders per sessie bereik kan word. Die probleem wat in hierdie studie aangespreek is, is soos volg geformuleer: die meeste kinders in die kinderhuis is erg getraumatiseer, emosioneel ontwrig en toon 'n lae selfbeeld. Binne dié studie is bepaal of gestaltterapeutiese tegnieke soos toegepas in 'n groep, die laerskooldogter se selfbeeld kan verbeter sodat haar intrapsigiese en sosiale aanpassing daarby sal baat.

4. DOELSTELLING EN DOELWITTE

4.1 Doelstelling

Die oorhoofse doelstelling was om vas te stel wat die invloed van gestaltgroepspeeltherapie op die selfbeeld van laerskooldogters in die kinderhuis sal wees.

4.2 Doelwitte

Die doelwitte ten einde bogenoemde te bereik was:

- om 'n kennisbasis daar te stel ten opsigte van wat selfbeeld is, die ontwikkelingskenmerke en -behoefte van die laerskoolkind, die kenmerke en probleme van die kind in 'n kinderhuis en die aard en omvang van gestaltgroepspeeltherapie,
- om deur middel van 'n empiriese ondersoek vas te stel wat die invloed van gestaltgroepspeeltherapie op die selfbeeld van die laerskooldogter in die kinderhuis is,
- om aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van gestaltgroepspeeltherapie ten opsigte van die selfbeeld van laerskooldogter in 'n kinderhuis, vir praktiese benutting deur maatskaplike werkers wat aan hierdie kinders hulp verleen.

5. NAVORSINGSVRAAG

Volgens Grinnell (1997:59) is 'n navorsingsvraag die vraag wat die navorser deur 'n studie wil beantwoord. Die navorsingsvraag wat in hierdie studie beantwoord wou word, is: Wat is die invloed van gestaltgroepspeeltherapie op die selfbeeld van die laerskooldogter in 'n kinderhuis?

6. NAVORSINGSBENADERING

Navorsing kan kwantitatief of kwalitatief benader word. Die kwantitatiewe paradigma is op positivisme gebaseer wat wetenskaplike verduideliking as nomoteties (gebaseer op universele wette) beskou. Die hoofdoelstelling is om die sosiale wêreld objektief te meet, hipoteses te toets en om menslike gedrag te voorspel en te beheer (Schurink, 1998:241).

In kontras hiermee ontspring die kwalitatiewe paradigma van die anti-positivistiese, interpreterende benadering, dit is idiografies of holisties van aard en die hoofdoelstelling is om die sosiale lewe te verstaan, asook die betekenis wat mense aan die alledaagse lewe heg (Schurink, 1998:241).

Die studie is vanuit die dominant-minder-dominant model onderneem. Die dominante benadering was die kwantitatiewe met 'n klein komponent van kwalitatiewe studie om die kwantitatiewe ondersoek te ondersteun. Navorser het van die gestandaardiseerde

vraelys van die Perspektief Kollege gebruik gemaak om selfbeeld voor en na die intervensie te toets. Vir die kwalitatiewe komponent is 'n gevallestudie van elke groeplid gedoen. Om hierdie data te verkry, is van ongestruktureerde waarneming, dokument-analise en bandopnames tydens die groepsessies gebruik gemaak.

7. SOORT NAVORSING

Die soort navorsing wat onderneem is, was toegepaste navorsing. Grinnell, Rothery en Thomlison (in De Vos, Schurink & Strydom 1998:8) beweer: "The goal of applied studies is to develop solutions for problems and applications in practice". Hierdie skrywers is verder van mening dat toegepaste en suiwer navorsing (wat ten doel het om teorie te ontwikkel) oorvleulend van aard is. Toegepaste navorsing kan weer in sub-kategorieë ingedeel word, naamlik ontwikkelings-, evaluerende-, intervensie- en aksienavorsing. Intervensienavorsing het uit ontwikkelingsnavorsing gegroei. Hierdie tipe navorsing fokus op die praktiese toepassing van navorsing. Hierdie studie het geval onder die sub-kategorie van intervensie-kennis-ontwikkeling en het bestaan uit vier fases. (Vergelyk De Vos, 1998a:384-401.):

7.1 Probleemanalise en projekbeplanning.

7.2 Versameling van informasie en sintesevorming.

7.3 Ontwerp.

7.4 Vroeë ontwikkeling en voorondersoek toetsing.

Hier volg nou kortliks 'n uiteensetting van hoe navorser beoog het om bogenoemde stappe in haar navorsing toe te pas:

7.1 Probleemanalise en projekbeplanning (sien punt 1.9 stap 1 vir volledige bespreking).

7.1.1 Identifisering van kliënte (sien punt 1.9 stap 10).

7.1.2 Verkryging van toegang (sien punt 1.9 stap 10).

7.1.3 Analisering van geïdentifiseerde probleem (sien punt 1.9 stap 10).

7.1.4 Voorstelling van doelstellings (sien punt 1.9 stap 9).

7.2 Versameling van informasie en sintesevorming (sien punt 1.9 stap 5).

7.3 Ontwerp (sien punt 1.9 stap 6).

7.4 Vroeë ontwikkeling en voorondersoek (sien punt 1.9 stap 9).

8. NAVORSINGSONTWERP

Volgens navorsers se mening omvat die navorsingsontwerp die plan van aksie of bloudruk waarvolgens die navorsing uitgevoer gaan word (Thyer in Fouché & De Vos, 1998a:123). In die onderhawige navorsing is van die kwasi-eksperimentele ontwerp van een groep pretoets-posttoets gebruik gemaak. In hierdie soort ontwerp is daar die meting van 'n afhanklike veranderlike (O1) (selfbeeld) waar geen onafhanklike veranderlike (X) aanwesig is nie en dan word 'n onafhanklike veranderlike (gestaltgroepspeeltherapie) ingebring, gevolg deur 'n herhaalde meting van die afhanklike veranderlike (O2) (selfbeeld) na 'n bepaalde tyd (Grinnell & Williams, 1990:150). Die metings van die afhanklike veranderlikes O1 en O2 word vergelyk ten opsigte van hul stand na die invoeging van die onafhanklike veranderlike. Daar moet akkurate, betroubare en geldige meting wees en alle elemente van die eenheid moet gemeet word.

Hierdie ontwerp kan gebruik word om presies vas te stel hoe die onafhanklike veranderlike 'n spesifieke groep beïnvloed (Fouché & De Vos, 1998a:130). Die verskil tussen O1 en O2 kan egter die gevolg wees van faktore buite om die onafhanklike veranderlike (Grinnell in Fouché & De Vos, 1998a:130). Aangesien die empiriese ondersoek egter binne twee maande afgehandel is en die versorgings- en skoolastiese omstandighede van die respondente dieselfde gebly het, is hierdie faktore volgens navorsers se mening tot die minimum beperk. Data insamelingsmetodes wat gebruik is, was:

- Vraelyste.
- Ongestruktureerde waarneming.
- Bestudering van die gevallelêers van die respondente (dokument-analise).

Ten opsigte van die ongestruktureerde waarneming, is die volgende stappe nagevolg:

- Omskrywing en lysing van die gedrag (ook verbaal) wat aanduidend van selfbeeldvlak is. Die literatuurstudie is onder andere vir laasgenoemde doelstelling aangewend;
- Identifisering van 'n tydraamwerk waarin die gedrag waargeneem is;
- Die inneem van 'n waarnemingsrol;
- Onderneming van die waarneming;
- Terugspeel en luister na die bandopname;
- Skryf van verslae.

Vir die doel van hierdie studie het navorsers beoog om ses laerskoolkinders van

een geslag by agt gestaltgroepspeeltherapie sessies te betrek.

9. NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE

Die volgende uiteengesette proses (vergelyk De Vos, 1998b:39-40) is gevolg:

FASE 1 : KIES VAN 'N NAVORSINGSONDERWERP

Navorser het vantevore reeds die onderwerp bepaal, naamlik om te bepaal watter invloed gestaltgroepspeeltherapie op die selfbeeld van die laerskooldogter in die kindershuis sal hê.

STAP 1 : Navorser het verder gepoog om deur middel van literatuurstudie en konsultasie met kundiges die volgende vas te stel:

- Die omvang van die probleem (swak selfbeeld van die kindershuisdogter).
- Die moontlike oorsaaklike faktore.
- Die effek wat die probleem spesifiek binne die ontwikkelingskonteks op die gedrags- en sosiale lewe van die kind uitoefen.
- Die intervensie tekortkominge en hoe die probleem aangespreek kon word met gestaltgroepspeeltherapie.
- Bestaande intervensies wat reeds ontwikkel is om die probleem aan te spreek.

FASE 2 : FORMELE FORMULERING

STAP 2 : Assesseer die toepaslikheid van die navorsingsbenadering.

Navorser het haar studie vanuit die hoofsaaklik (dominante) kwantitatiewe benadering met die minder dominante, kwalitatiewe komponent onderneem.

STAP 3 : Formuleer die probleem, vraag of hipotese.

Sien 1.3. en 1.5.

STAP 4 : Skryf die navorsingsvoorlegging.

Hoofstuk 1 van die mini-skripsie het gedien as die navorsingsvoorlegging.

FASE 3 : BEPLANNING

STAP 5 : Navorser het gepoog om deur middel van literatuurstudie vas te stel wat ander navorsers reeds op die probleemgebied vermag het.

Gerekenariseerde databasisse is veral ook gebruik. Verder het navorser onderhoude met kundiges wat kennis van die probleem het, en dit reeds aangespreek het, gevoer.

- STAP 6 : Kies 'n navorsingsontwerp.
 Na bogenoemde stappe het navorser 'n duidelike ontwerp of plan ten opsigte van elke spesifieke intervensie opgestel. Verder het sy bepaal watter gedrag aanduidend van 'n goeie selfbeeld is. Navorser moes vooraf duidelik weet waarna opgelet moes word. Definisies van die gedrag wat met die probleem geassosieer word, is in operasionele terme uitgedruk (Sien 1.8).
- STAP 7 : Kies metodes van datainsameling en -analise (Sien 1.10.4).
- STAP 8 : Kies 'n steekproefmetingsmetode (Sien 1.11).
- FASE 4 : IMPLEMENTERING
- STAP 9 : Vroeë ontwikkeling en voorondersoek.
 Navorser het deur middel van literatuurstudie 'n voorondersoek onderneem en die werkbaarheid en waarde van die intervensie bepaal. Navorser het haarself sekere vrae afgevra: Hoe sal sy weet die intervensie is effektief? Is die intervensie eenvoudig om te gebruik? Is dit prakties uitvoerbaar? Kan die intervensie deur ander terapeute of navorsers herhaal word? Verder is deur 'n empiriese ondersoek bepaal wat die invloed van gestaltgroeptelapie op die selfbeeld van die laerskooldogter in die kindershuis is. Terapeutiese insette is met die huismoeders en maatskaplike werkers bespreek sodat hulle samewerking in dié opsig verkry kon word.
- STAP 10 : Die hoofondersoek
Identifisering van respondente
 Navorser het vantevore reeds haar teikengroep geïdentifiseer, naamlik laerskooldogters in 'n kindershuis.
Verkryging van toegang
 Navorser het 'n samewerkingsverhouding met die bestuur en personeel van die Abraham Kriel Kindershuis Potchefstroom, gevestig en terugvoer sal aan hulle na afloop van die studie gegee word.
Analisering van geïdentifiseerde probleem
 Navorser het gepoog om vas te stel hoedanig en tot watter mate die gedrag van swak selfbeeld moet verander om as positief veranderde gedrag beskou te word. (Sien ook 1.8.).
- FASE 5 : INTERPRETERING EN AANBIEDING
- STAP 11 : Prosesseer en analiseer data en interpreteer resultate.

Reeds voor die data ingesamel is, is die analisering daarvan beplan.

Data-analise behels dat data afgebreek word in saamgestelde dele sodat

Die hipotese getoets kan word. Navorser het die kwantitatiewe resultate statisties voorgestel. Die kwalitatiewe resultate is deur verslagskrywing weergegee.

STAP 12 : Skryf die navorsingsverslag.

Navorser het gepoog om die navorsingsverslag so eerlik, objektief en wetenskaplik moontlik te skrywe.

10. VOORONDERSOEK

10.1. Literatuurstudie

Die noodsaaklikheid van 'n literatuurstudie vir die suksesvolle uitvoering van 'n navorsingsprojek word deur Fouché en De Vos (1998b:65) en Grinnell & Williams (1990:67) beklemtoon. Arkava en Lane (in Grinnell & Williams, 1990:67) meld ook dat die literatuurstudie drie funksies het, naamlik:

- Dit mag aan die lig kom dat 'n ander navorser reeds dieselfde studie onderneem het. Reeds is gemeld dat Fraser (1989) reeds dertien jaar gelede 'n soortgelyke studie onderneem het.
- Dit voorsien 'n beter insig in die dimensies en kompleksiteite van die probleem.
- 'n Deeglike literatuurondersoek lê die fondament vir goeie navorsing.
- 'n Literatuurstudie rus die ondersoeker toe met 'n volledige en deeglike regverdiging vir die daaropvolgende stappe.

In navorser se literatuurstudie was die fokus op die volgende aspekte geplaas:

- Die profiel van die kind in die kindershuis en die probleme waarmee sy te kampe het.
- Middelkinderjare as ontwikkelingsfase.
- Selfbeeld, die aard daarvan en die oorsake van 'n goeie of swak selfbeeld.
- Die teorie en tegnieke van gestaltgroepspeeltherapie.
- Terapeutiese groepspeelintervensies wat suksesvol met die spesifieke teikengroep aangewend kan word.

Internasionale en nasionale bronne is by die Akademiese Inligtingsdiens van

die Universiteit van Pretoria en die Ferdinand Postma Biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO geraadpleeg. Daar is van die Internet, boeke en tydskrifte en tesse en proefskrifte van verskeie vakrigtings soos Maatskaplike Werk, Sielkunde en Opvoedkunde gebruik gemaak.

10.2 Konsultasie met kundiges

Kennis en inligting van persone met die nodige ondervinding is ingewin. Die volgende kenners is genader:

- Dr J M C Joubert, Senior Lektor in speltherapie, Departement Maatskaplike Werk, UP vir haar kennis van gestaltspeltherapie.
- Mev. A. Dupper, Hoof Maatskaplike Werker van die Abraham Kriel Kinderhuis, Potchefstroom vir haar kennis van die kind in die kinderhuis.
- Mev. A. Meniers, maatskaplike werker van die Abraham Kriel Kinderhuis, Potchefstroom vir haar kennis van die kind in die kinderhuis.

10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Die volgende praktiese aspekte is onder die uitvoerbaarheid van die ondersoek in ag geneem:

▪ **Toestemming**

Toestemming wat oorweeg is, is die skriftelike toestemming van die hoof en bestuur van die Abraham Kriel Kinderhuis om die navorsing te mag doen en om die respondente per motor na navorser se huis (waar sessies sou plaasvind) te vervoer. Toestemming moes ook van die betrokke respondente verkry word (sien 1.12.).

▪ **Kostes**

Kostes ten opsigte van hulpmiddels soos kryte, papier, klei en fotostatering is deur navorser self gedra.

▪ **Tyd**

Groepspeeltherapeutiese sessies van een uur lank is tweemaal per week vir vier weke onderneem.

▪ **Benutting van hulpmiddels**

Die sessies is op band opgeneem en respondente is daarvan in kennis gestel. Hulle is van hul anonimiteit en die konfidensialiteit van die sessies verseker deur hul te vertel van die gebruik van skuilname.

10.4 Toetsing van die meetinstrument

Die Hudsonskaal met betrekking tot selfbeeld, wat 'n gestandaardiseerde vraelys van Perspektief Kollege is, is as pre- en posttoets (na die terapeutiese intervensie) gebruik. Hierdie meetinstrument is dus nie getoets nie. Kwalitatiewe data van elke groeplid is na elke sessie in die vorm van 'n verslag geskrywe. Vir hierdie doel is van ongestruktureerde waarneming gebruik gemaak. Sien 1.8. vir volledige bespreking.

11. OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING

Die skrywers Arkava en Lane (in Strydom & De Vos, 1998:190) beweer: "Universe refers to all potential subjects who possess the attributes in which the researcher is interested. Population is a term that sets boundaries on the study units, it refers to individuals in the universe who possess specific characteristics". In die onderhawige navorsing sou gesê kon word dat die universum alle kinders in kinders in Suid-Afrika was. Die populasie het bestaan uit alle dogters in die Abraham Kriel Kinderhuis te Potchefstroom wat in die middelkinderjare (6-12 jaar) ouderdomsgroep geval het.

'n Nie-waarskynlikheid steekproefseleksie en spesifiek die doelgerigte steekproefneming is benut om ses respondente te identifiseer. Volgens Strydom en De Vos (1998:198) berus hierdie steekproef geheel op die oordeel van die navorser deurdat 'n steekproef saamgestel word uit elemente wat die mees kenmerkende eienskappe van die populasie besit. Volgens genoemde outeurs is die oordeel van die navorser te prominent met hierdie wyse van steekproefneming.

Die volgende kriteria was van toepassing op die steekproef:

- Die respondente moes dogters tussen 6 en 12 jaar oud wees.
- Respondente moes minstens een jaar in die Abraham Kriel Kinderhuis woonagtig wees.
- Na die literatuurstudie het navorser kriteria vir 'n goeie en lae selfbeeld opgestel. Hierdie kriteria is aan die hoof maatskaplike werker van die Abraham Kriel Kinderhuis oorhandig. Navorser het haar gevra om volgens al die kriteria ses dogters vir die onderhawige navorsing te identifiseer.
- Afrikaanse en Engelse respondente is oorweeg.

12. ETIESE ASPEKTE

Die skrywer Strydom (1998:24-35) maak melding van die volgende etiese kwessies wat navorser te alle tye in ag gehou en respekteer het:

▪ **Ingeligte toestemming**

Skriftelike toestemming is van die hoof en bestuur van die Abraham Kriel Kinderhuis, Potchefstroom wat as die voog van die kinders optree, verkry. 'n Kort uiteensetting van die aard en wyse asook strategie van die navorsing wat onderneem sou word, is gegee. 'n Gesprek is ook vooraf met die respondente gevoer waarin die navorsingsprosedure aan hulle verduidelik is. Indien een van die kinders sou aangedui het dat hulle nie aan die navorsing wou deelneem nie, sou die besluit eerbiedig word.

▪ **Emosionele of fisiese skade aan respondente**

Navorser het die etiese verpligting gehad om te sorg dat geen fisiese of emosionele skade as gevolg van die navorsing aan respondente berokken sou word nie.

▪ **Misleiding van respondente**

Navorser het eerlik teenoor die respondente opgetree en geen poging aangewend om die respondente doelbewus onder 'n verkeerde indruk te bring nie.

▪ **Skending van privaatheid**

Die gebruik van 'n bandmasjien tydens sessies is openlik aan respondente bekend gemaak en alles moontlik is gedoen om die privaatheid van respondente te beskerm. Die bandopname sal na afloop van die studie vernietig word en in die navorsings-verslag is van skuilname gebruik gemaak.

▪ **Bekwaamheid en optrede van navorser**

Deur middel van deeglike literatuurstudie en studieleiding het navorser probeer om die navorsing met soveel moontlik kennis en vaardigheid aan te pak. Navorser het te alle tye sensitief opgetree en geen waardeoordele gemaak nie. Werk is onder supervisie van Dr. J.M. Yssel ter gedeeltelike vervulling van die graad MSD (Speltherapie) onderneem.

▪ **Samewerking met medewerkers**

Navorser het te alle tye gepoog om goeie verhoudinge met die Abraham Kriel

Kinderhuis se personeel te handhaaf. Die reëls en regulasies van die Kinderhuis is ook te alle tye gerespekteer. Gevallestudieverslae en die volledige navorsingsverslag sal aan die kinderhuis beskikbaar gestel word.

- **Publikasie van bevindinge**

Navorsers het die finale navorsingsverslag so akkuraat en objektief moontlik weergegee. Bevindinge en resultate vanuit ander bronne is erken en leemtes en tekortkominge van die studie is uitgewys. Die navorsingsverslag is as gedeeltelike vereiste vir die graad MSD (Speltherapie) ingehandig en het aan alle vereistes voldoen.

- **Herstel van respondente**

Waar navorsers bespeur het dat van die respondente spanning weens die navorsing ervaar het en terapie benodig het, het sy gesorg dat sodanige respondente vir terapie na die maatskaplike werkers van die kinderhuis verwys is. Respondente is ook deeglik op die terminering van die navorsingsessies voorberei omdat emosionele binding tussen die respondente onderling en die navorsers kon ontstaan wat terminering moontlik 'n pynlike ervaring van verlies kon maak.

13. UITVOERBAARHEID EN LEEMTES IN DIE STUDIE

Navorsers het probleme met die afneem van Perspektief Kollege se selfbeeldtoets ondervind. Die dogters het aanvanklik spontaan in 'n koor die vrae beantwoord wat navorsers aan hulle voorgelees het. Toe navorsers hulle daarop gewys het dat hulle niks moet sê nie en die vrae stil moet beantwoord, het hulle dit gedoen maar met nie-verbale geluide en gedrag (byvoorbeeld 'n sug of keelgeluid) tog mekaar beïnvloed, sodat nie gesê kan word dat elke dogter se lesing outentiek was nie.

Tydens projeksies het navorsers bemerk dat die dogters mekaar dophou en naboots sodat weer eens gesê kan word dat dit moeilik was om te besluit wie se projeksies suiwer uit hulself gekom het.

'n Verdere probleem was dat die dogters verveeld geraak het wanneer navorsers die projeksie van 'n individuele kind met haar bespreek het. Dit het navorsers genoop om nie te veel vrae te vra nie, met die gevolg dat al die onvoltooidhede van die dogters nie aangespreek is nie. Navorsers het ook agtergekom dat die dogters in konfluensie met mekaar verkeer wat meegebring het dat navorsers se taak bemoeilik is want as een 'n sekere vraag op 'n sekere manier beantwoord het, het die ander dogters dit gewoonlik op dieselfde wyse gedoen.

Nog 'n aspek wat navorser as 'n leemte beskou, is dat die sessies nie verspreid was nie (twee per week). Navorser meen dat die kinders meer tyd gegun moes word om dit wat hulle in 'n sessie ervaar het, te verwerk. Nog 'n aspek wat hiermee saamhang, is dat die totale terapietyd te kort was (vier weke). Hierdie feit kon weens praktiese redes nie anders gewees het nie maar navorser vind dit jammer ter wille van die respondente wat meer tyd nodig gehad het om die komplekse aard van hul onvoltooidhede deur te werk. Dit is ook nie altyd moontlik vir die maatskaplike werkers van die kindershuis om opvolgwerk te doen nie aangesien hulle reeds meer as genoeg werk het. Die probleem kan miskien ondervang word deur vier in plaas van ses respondente te betrek.

Alhoewel al die respondente in die middelkinderjare tydperk was, het navorser ervaar dat die verskil tussen die sewejarige en elfjarige te groot was. Omdat die sewejarige onbekwaam teenoor die ouer dogters gevoel het, was dit nie 'n bemagtigende situasie vir die bou van haar selfbeeld nie en moet so 'n situasie liefers vermy word.

14. DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

14.1 Die laerskoolkind

Die kind tussen ses en twaalf jaar word as 'n kind in die middelkinderjare beskou (Louw, Schoeman, Van Ede & Wait, 1998:325). Volgens Pretorius (1994:97) word die laerskooltydperk (middelkinderjare) deur drie groot uitwaartse dryf- en groei-bewegings gekenmerk, naamlik:

- die sosiale beweeg uit die gesin na die portuurgroep toe;
- die fisiese beweeg na die wêreld van spel en arbeid;
- die psigiese beweeg na die wêreld van volwasse konsepte, logika, simboliek en kommunikasie.

Navorser beskou die middelkinderjare as die primêr rustige laerskooltydperk waar die kind op alle gebiede groei en ontwikkel. Die kind ontwikkel in dié tydperk sy vermoë om probleme en behoeftes in sy lewe aan te spreek.

14.2 Spel terapie

Volgens Axline (in West, 1992:14) is spel terapie gebaseer op die feit dat spel die kind se natuurlike medium van uitdrukking is. Dis 'n geleentheid waartydens die

kind sy gevoelens en probleme uitspeel soos wat 'n volwassene in terapie oor sy probleme en gevoelens sal praat. Landreth (1991:14) gee die volgende definisie van spel-terapie: "... play therapy is defined as a dynamic interpersonal relationship between a child and a therapist trained in play therapy procedures who provides selected play materials and facilitates the development of a safe relationship for the child to fully express and explore self (feelings, thoughts, experiences and behaviors) through the child's natural medium of communication, play".

Volgens navorser se mening is spelterapie terapie met 'n kind waartydens die kommunikasie hoofsaaklik op spel berus. Die doelstellings en beginsels is dieselfde as dié wat vir volwasse terapie geld, naamlik 'n beter aanpassing ten opsigte van lewensprobleme.

14.3 Gestaltherapie

Joubert (1997:81) dui aan dat gestaltherapie 'n fenomenologiese, eksistensiële benadering is wat fokus op die kliënt en terapeut se bewustheid van die realiteit in die hier-en-nou. Volgens gestaltteorie is dit baie belangrik om diep en wesenlik met die eie mens en omgewing kontak te maak en daardeur beheer te verkry oor die eie lewe. Egtheid en eerlikheid is van groot belang. Om eg en volledig te lewe en eie kontak met die lewe in realiteit te ervaar, sluit die moontlikheid tot volle bewustheid en selfbeslissing in. Meer bewustheid maak weer selfregulering moontlik. Via gestaltherapie word die kind dus gehelp om tot groter bewustheid van sy gevoelens in die hier-en-nou en dus in kontak met homself en sy omgewing te kom wat weer groter selfregulering tot gevolg het.

Gestaltherapie word deur Oaklander (1988:143) beskryf as 'n humanistiese, proses georiënteerde vorm van terapie wat betrekking het op al die aspekte van 'n persoon, naamlik sy sintuie, liggaam, gevoelens en intellek. Sy meld dat hierdie terapeutiese benadering suksesvol met kinders gebruik kan word omdat al die konsepte en beginsels aan gesonde kinderontwikkeling en kinderpsigopatologie verwant is.

Volgens navorser se opinie is gestaltherapie 'n terapeutiese benadering wat op die teenwoordige tyd in die lewe van 'n kliënt fokus - die verlede en toekoms is ewe onwerklik. Die terapeut poog verder om eenheid, heelheid en verantwoordelikheid in 'n kliënt te bewerkstellig en die kliënt te lei tot volle bewustheid van en kontak met alle aspekte van homself. Gestaltherapie het 'n onmiddellikheid wat dit 'n kragtige terapie maak om te gebruik.

14.4 Selfbeeld

Dit blyk asof daar in die literatuur verwarring aangaande sekere begrippe heers. Selfbegrip en selfbeeld skyn sinoniem te wees aangesien

Odendal en Gouws (2000:36) beweer dat "begrip":

1. die vermoë is om te begryp,
2. denkbeeld, mening of voorstelling, beteken.

"Agting" het volgens laasgenoemde outeurs 'n gunstige, positiewe konnotasie want hulle beweer dit beteken: gunstige opinie, waardering, respek. Vir die doeleindes van hierdie studie, sal navorser deurgaans die term "selfbeeld" vir "self-esteem" gebruik wat volgens navorser 'n meer neutrale term as "selfagting" is en "selfkonsep" weer 'n meer direkte vertaling uit Engels is.

Volgens King (1997:208) is daar ook in die Engelse literatuur verskeie definisies vir selfkonsep en selfbeeld. Volgens hom beweer sommige skrywers dat selfbeeld die verskil tussen die ideale self (hoe jy graag sou wou wees) en die ware self (hoe jy in werklikheid is) reflekteer.

Atherley (in King 1997:208) is van mening dat 'n individu met betekenisvolle afstand tussen die ware self en die ideale self 'n negatiewe persepsie van die self (lae selfbeeld) sal ontwikkel. King maak verder die bewering dat "self-concept" en "selfesteem" in die literatuur dikwels as sinonieme gebruik word.

Volgens Brooks (1998:142) sluit selfbeeld die gevoelens en idees in wat individue omtrent hulle vermoëns om 'n positiewe verskil te maak, het. Selfbeeld impliseer ook die geloof wat individue het om uitdagings te konfronteer eerder as om daarvan

te wil ontkom, om te leer van sukses en mislukking en om hulself en ander met respek te behandel.

Volgens navorser het selfbeeld te make met liefde en respek wat 'n persoon teenoor homself ervaar. Dit het te make met 'n positiewe ingesteldheid ten opsigte van die lewe, 'n gevoel dat 'n persoon iewers inpas en iewers 'n bydrae tot die verbetering van die wêreld maak. 'n Goeie selfbeeld is ook gekoppel aan norme en waardes, indien 'n seun byvoorbeeld die insluiting tot die eerste rugbyspan as die hoogste waarde beskou, sal hy vanselfsprekend 'n swak selfbeeld hê as hy nooit tot die span toegelaat word nie. 'n Goeie selfbeeld het ook ten diepste te make met jou vermoë om positiewe reaksie (onder andere liefde) van jou medemens te ontlok en vir jouself te hê.

14.5 Kinderhuis

Kinderverwaarlosing of kinders wat in ongunstige omstandighede leef, word deur lede van die gemeenskap onder die aandag van 'n maatskaplike werker gebring. Nadat die situasie ondersoek is en die kind sorgbehoewend bevind is, word die kind ingevolge die Wet op Kindersorg, nommer 74 van 1983 uit die sorg van sy ouer verwyder en in alternatiewe sorg geplaas, wat 'n kinderhuis kan wees (Lategan, 1999:13). Die meeste kinderhuise in Suid-Afrika is nog groot inrigtings en slegs 'n klein persentasie van die kinderhuise is in aparte eenhede van 12 of minder kinders per eenheid opgedeel.

Kinderhuise het vyf doelstellings. Hulle ontvang noodgevalle van die samelewing (kinders), versorg hulle vir 'n tyd en dan word die kinders weer na hulle ouerhuise teruggeplaas. Kinderhuise dien ook as sogenaamde "dekompressiekamers" vir diegene wat nie terug huis toe of vir 'n tyd nie huis toe kan keer nie sodat in "rustigheid" oor hul toekoms besluit kan word. Kinderhuise verskaf ook behandeling aan kinders wie se gedrag sodanig moet verander alvorens hul in alternatiewe sorg geplaas kan word. Hulle verskaf langtermyn huisvesting en opvoeding vir ernstig beskadigde kinders en opleiding betreffende lewensvaardighede vir diegene wat op hulle eie wil woon (Sinclair, 1998:241).

Volgens navorser se mening is 'n kinderhuis 'n inrigting waar sorgbehoewende kinders versorging en opvoeding ontvang.

15. INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag word soos volg ingedeel:

- Hoofstuk 1 : Inleiding
- Hoofstuk 2 : Literatuurstudie : Die selfbeeld van die kind in die kindershuis in die middelkinderjare.
- Hoofstuk 3 : Literatuurstudie: Gestaltgroepspeeltherapie en speltegnieke gefokus op die ontwikkeling van die selfbeeld.
- Hoofstuk 4 : Empiriese studie.
- Hoofstuk 5 : Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings

HOOFSTUK 2

DIE SELFBEELD VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE IN 'N KINDERHUIS

2.1 INLEIDING

Aangesien navorsers se studie oor die selfbeeld van die kind in die laerskooljare in 'n kinderskool gegaan het, word die selfbeeld van die kinderskoolkind in die middelkinderjare in hierdie hoofstuk vanuit 'n verskeidenheid benaderings ondersoek. Daar word eers gekyk na die middelkinderjare as fase en die kenmerke van dié spesifieke ouersdomsgroep. Daar word ook gekyk watter invloed institusionalisering op 'n kind het en wat die invloed daarvan op die kind se gedrag is. Daarna word na selfbeeld gekyk. Die verskillende aspekte van selfbeeld waaraan aandag gegee word is: 'n omskrywing van selfbeeld, die komponente waaruit dit saamgestel is, die ontwikkeling en waarde van 'n gesonde selfbeeld, die aanduidings van 'n goeie en swak selfbeeld en uit die ondersoek word dan strategieë en spesiale tegnieke ter verbetering van die selfbeeld aangedui.

2.1.1 DIE MIDDELKINDERJARE AS ONTWIKKELINGSFASE

Verskeie skrywers (Davies, 1999:293; Louw, *et al.*, 1998:325 en Roos, 1994:51) beweer dat die middelkinderjare (ongeveer 6-12 jaar) 'n tydperk van relatiewe rustigheid en kalmte tussen die vinnige ontwikkeling van sowel die voorafgaande kinderjare as die daaropvolgende adolessente jare is.

Davies (1999:294) dui die volgende ontwikkelings wat tydens dié fase voorkom aan:

- Verbeterde selfregulering.
Die kind is nou in staat om bewuste beheer oor impulse uit te oefen. Onbewuste verdedigingsmeganismes word dikwels benut om byvoorbeeld vrese te beheer.
- Internalisering van die superego of gewete en verwante vordering in die morele ontwikkeling. Die kind het nou 'n innerlike begrip van reg en verkeerd. Dinge wat reg gedoen word, word goedgekeur; weerstand word gebied teen slegte impulse; en skuldgevoelens ontstaan wanneer iets verkeerd gedoen word. Morele beheer word ondersteun deur die morele waardes van die ouers en vriende; daar ontstaan 'n toenemende begrip van regverdigheid en bewustheid van sosiale waardes deur reëls na te kom; en 'n toenemende begrip vir 'n ander sienswyse as die eie ontwikkel.
- Vordering in realiteitstoetsing en kognitiewe ontwikkeling.
Egosentrisme neem af, die kind beskou gebeure meer objektief en met minder verwysing na die eie-ek. Basiese realiteitstoetsing-kapasiteit is nou gevestig. Die

kind kan toenemend onderskei tussen fantasie en realiteit, denke en aksie, gedagtes en gevoelens, en die vermoë om op taal te fokus, verbeter. Leer word gebaseer op waarnemingsvermoë, logika en oorsaak- en gevolgredenering,

- Verhoogde vermoë om denke, woorde en fantasie met aksie te vervang. Tydens die middelkinderjare is die kind toenemend in staat om denke met daade te vervang en om fantasie te gebruik om daade in te oefen.
- Verhoogde potuurgroeporiëntasie. Die kind beweeg in die sosiale wêreld van gelykes. Die kind se selfbeeld en siening van homself word toenemend op erkenning en aanvaarding deur die portuurgroep gebaseer, en die kind assesser homself op grond van hoe hy/sy in vergelyking met die portuurgroep vaar. Die begeerte om by die portuurgroep in te pas, word 'n magtige motivering om reëls en selfbeheersing toe te pas.

Volgens navorser se waarneming het die kind in die middelkinderjare 'n groter realiteitsbegrip, behoefte om deel van die portuurgroep te wees maar nog 'n groot mate van egosentrisme en selfgesentreerdheid en hierdie diskrepansie lei waarskynlik tot innerlike konflik. Die kind fluktueer volgens navorser se mening voortdurend tussen die behoefte na aanvaarding in die groep en die begeerte om as individu uitgesonder te word.

Omdat navorser in haar riglyn vir terapie in haar empiriese studie 'n appél tot die liggaamlike-kognitiewe-, emosionele-, sosiale- en morele aspekte van haar teikengroep gerig het, spreek dit vanself dat sy haar daarvan moes vergewis watter vaardighede en take 'n kind van daardie ouderdomsgroep kan bemeester en sy van genoemde aspekte kennis moes neem. Daarom word daar nou kortliks na die ontwikkelingsfase van die kind in die middelkinderjare onder die genoemde hoofde gekyk.

2.1.1.1 LIGGAAMLIGE ONTWIKKELING

Sowel Davies (1999:295) as Louw, *et al.* (1998:327) stem saam dat fisiese ontwikkeling vanaf ouderdom ses tot twaalf jaar minder opvallend is as dié tydens die kleutertydperk, sowel as dié tydens die daaropvolgende adolessensie. Wat lengte en massa betref, is die gemiddelde jaarlikse groei onderskeidelik 6cm en 2kg. Meer spesifiek neem lengte van gemiddeld ongeveer 1,20m op sesjarige ouderdom toe tot ongeveer 1,50m op 12-jarige ouderdom, terwyl die massa oor dieselfde tydperk vanaf ongeveer 20kg tot ongeveer 40kg toeneem. Laasgenoemde skrywers beklemtoon dat die voorafgaande gegewens op gemiddeldes berus en dat groot individuele afwykings kan voorkom.

(Vergelyk <http://www.nncc.org/child.dev/mid.dev.html>.)

Volgens navorsers se mening vind hierdie voorspelbare fisiese ontwikkelings nie altyd so voorspelbaar by die kinderhuiskind plaas nie aangesien sodanige kind gewoonlik uit 'n depreverende milieu kom (sien 2.2.1 en 2.2.2).

2.1.1.2 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

'n Kind bring die grootste deel van die dag in die skool deur, daarom is dit belangrik om aandag te skenk aan die ontwikkeling van die kind se kognitiewe vermoëns. Berk (2000:250) noem die volgende mylpale wat die kind in die middelkinderjare bereik:

- die kind dink op 'n meer georganiseerde, logiese wyse aan konkrete inligting,
- die kind toon 'n beter begrip van ruimtelike konsepte, soos aangedui deur die skatting van afstand, vermoë om duidelike aanwysings te gee en georganiseerde kognitiewe denke,
- die kind toon logiese redenering ten opsigte van verskillende inhoud.

Die ontwikkeling van die middelkinderjarekind se kognitiewe vaardighede sal vervolgens kortliks aan die hand van Piaget se teorie verduidelik word (Roth, Slone & Dar, 2000:354): Piaget noem die periode tussen sewe en elf of twaalf jaar die konkreet-operasionele periode omdat die kind wel oor operasionele denke beskik, maar dit nog konkreet en nie abstrak is nie. Die term "konkreet" beteken nie dat kinders 'n objek moet sien of daaraan moet raak alvorens hul 'n probleem in verband daarmee kan oplos nie; dit beteken dat probleme identifiseerbare objekte bevat wat direk waarneembaar of kognitief voorstelbaar kan wees. (Vergelyk Louw, *et al.* 1998:82.) Konkreet-operasionele kinders behou nog die simboliese funksie maar 'n groot tekortkoming is hulle onvermoë om abstrak te dink. Konkreet-operasionele kinders kan nie dink oor abstrakte idees (byvoorbeeld demokrasie) of redeneer in terme van hipoteses nie. Hulle spekulêr ook nie oor moontlikhede nie. Hulle kan egter oor 'n waarneembare realiteit redeneer.

Indien 'n kind se kognitiewe ontwikkeling volgens navorsers se mening gearresteer word as gevolg van deprivasie en die kind op skool sukkel, kan dit as gevolg van die groot klem wat ons samelewing op akademiese prestasie plaas, 'n ingrypende invloed op sy selfbeeld-ontwikkeling hê.

2.1.1.3 EMOSIONELE ONTWIKKELING

Navorsers is van mening dat die hantering van emosies problematies van aard is omdat kinders en volwassenes dikwels nie erkenning aan sekere emosies wil of kan gee nie en dit ontken of in die onderbewussyn (grond) "versteek". Emosies bring ook vreugde en pyn en moet dikwels deur die terapeut met die uiterste sensitiwiteit benader word. Navorsers stem

saam met Yssel (1997:38) dat 'n kind se beleving van sy emosies 'n drastiese invloed op sy sosiale, kognitiewe en selfs fisieke funksionering kan hê.

Die middelkinderjare gaan met groter emosionele volwassenheid gepaard. Dit beteken dat daar 'n verandering is van hulpeloosheid na onafhanklikheid en selfgenoegsaamheid. Dit impliseer ook die bereiking van groter emosionele buigbaarheid en differensiasie (Turner & Helms in Louw, *et al.* 1998:349).

Erikson was van mening dat die mens deur verskillende ontwikkelingsstadiums/krisisse gaan waardeur sy ego-identiteit ontwikkel en dat hierdie stadiums deur genetiese en sosiale faktore bepaal word. Elke stadium bring komplimentêre teenoorgesteldes na vore en die ideale oplossing is telkens geleë in die vind van 'n balans tussen die twee.

So kry mens in die babastadium (0-1jaar) vertrou (tese) teenoor wantrou (antitese) met die egosterkte van hoop (sintese). In die vroeë kinderjare: (1-2) outonomie teenoor twyfel met wilskrag as sintese; kleutertydperk: inisiatief teenoor skuld met doelgerigtheid as sintese; middelkinderjare: arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid met bekwaamheid as sintese en in die adolessensie identiteit teenoor verwarring met vertrou as sintese (Feist, 1994:82-96).

Bogenoemde kenmerke van elke ontwikkelingsstadium en veral van die middelkinderjare was vir navorser veral van belang tydens haar empiriese studie. Dit is insiggewend dat die middelkinderjarige kind dikwels minderwaardigheidsgevoelens ervaar en worstel om 'n balans tussen arbeidsaamheid en selfvertrou te vind.

Bender (1999:29) beweer dat 'n sterk dryfveer om emosies te beheer, by die primêre skoolkind ontwikkel namate rypwording plaasvind. Hierdie beheer is die gevolg van die leerproses, want verandering in die kind se emosionele uitdrukkingspatroon is gewoonlik die gevolg van wyer ervaring.

Berk (2000:413) lys die volgende emosionele mylpale wat die kind in die middelkinderjare bereik:

- die kind se eie emosies word met uiterlike standaarde geïntegreer,
- die kind se strategieë om emosies te reguleer brei uit en kan aanpas by die eise van die situasie,
- die kind se bewustheid van emosionele "reëls" verbeter,
- die kind ontwikkel die vermoë om alternatiewe bronne om ander persone se emosies te verduidelik, te oorweeg,

- die kind se bewustheid dat mense gemengde emosies kan hê en dat die uitdrukking van emosies nie noodwendig altyd ware emosies weerspieël nie, verbeter, en namate emosionele insig verbeter, verhoog die kind se empatiese vermoëns.

Volgens navorser se mening ervaar die kinderhuiskind verskeie negatiewe emosies; dikwels is hulle liefdesbehoefte nie bevredig nie (sien 2.2.1) en ervaar hulle aggressie, vrees en jaloesie in 'n poging om daarvoor te kompenseer. Dikwels het hulle 'n skewe beeld ten opsigte van die hantering van konflik en stresvolle situasies sodat hulle negatief op omgewingsprikkelers reageer en daardeur weer die onmin van hul portuurgroep en volwassenes op die hals haal. Laasgenoemde het weer 'n negatiewe invloed op die ontwikkeling van 'n gesonde selfbeeld.

2.1.1.4 SOSIALE ONTWIKKELING

Indien die kind se sosiale ontwikkeling in die jare voor die aanvang van die middelkinderjare om een of ander rede versteur is, sal die kind in die middelkinderjare volgens navorser se mening baie probleme ervaar aangesien hierdie jare die tydperk is wat die kind die huis "verlaat" en die skool betree. Hierdie milieu is nie altyd so veilig en geborge soos wat die kind in die ouerhuis gewoon aan was nie.

Volgens Berk (2000:598) is die gesin die eerste sosiale omgewing waarin die kind hom bevind, waar sosiale ontwikkeling plaasvind en waar hy emosionele ondersteuning ontvang. Met sy toetreding tot die skool word sy sosiale wêreld verder uitgebrei. Die kind het nou 'n bewustheid van sosiale orde en hiërargie.

(Vergelyk <http://www.nncc.org/child.dev/mid.dev.html>.) Hy besef dat sy gedrag nou sekere reaksies van ander mense kan ontlok.

Navorser is van mening dat die portuurgroep en samelewing beide 'n positiewe en negatiewe rol in 'n kind se lewe kan speel. Kinders kan algemeen aanvaarde idees van 'n samelewing intojekter (dit wil sê, inhoud word kritiekloos aanvaar) wat nie altyd op realistiese feite gebou is nie. So het navorser die ervaring gehad dat 'n maer dogtertjie aanhoudend melding van haar "vet" maak het en negatief oor haar fisieke voorkoms gevoel het. Die portuurgroep en breë samelewing kan egter 'n kind leer om ander ook in ag te neem en te konsidereer. 'n Kind wat in gebreke bly om dit te doen, sal gou ervaar dat hy nie vriende het nie.

2.1.1.5 MORELE ONTWIKKELING

Navorsers is die mening toegedaan dat norme en waardes nie daargestel is om die kind/mens te straf nie maar om die mens te beskerm en geborge te hou. Om hierdie beginsel te onderskryf het navorsers saam met haar groep met wie sy haar empiriese studie gedoen het, reëls vir die groep opgestel. Dit was opmerklik dat die kinders self dikwels daarna verwys het. Waarskynlik is dit 'n bewys dat dit betekenis vir hulle gehad het.

Berk (2000:480) omskryf morele ontwikkeling as die teenstrydigheid tussen die individuele egoïstiese behoeftes en die behoeftes van ander. Morele ontwikkeling verwys volgens Louw, *et al.* (1998:376) na die proses waardeur kinders beginsels wat hulle in staat stel om bepaalde gedrag as "reg" en "verkeerd" te beoordeel, aanleer en om hul eie gedrag in terme van hierdie beginsels te rig. Die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei is 'n belangrike ontwikkelingstaak van die kind. Berk (2000:481) is van mening dat die belangrikste aspek in die morele ontwikkeling van die kind internalisering (die kritieklose aanvaarding van inhoud) is. Die kind se moraliteit word deur sy ouers aan hom geleer en gekontroleer. Later moet die kind egter hierdie reëls as sy eie aanvaar en internaliseer.

Navorsers het haar ten opsigte van haar studie deeglik van bogenoemde ontwikkelingsaspekte vergewis want dit was haar rigsgaande om te weet wat sy van die groepie kinders kon verwag en nie onmoontlike eise aan hulle te stel nie.

2.2 DIE KINDERHUISKIND

Volgens Steenberg (1995:33) was kinderhuise een van die eerste tipes van kindersorg waarvan in Suid-Afrika gebruik gemaak is. Een van die eerstes van sodanige inrigtings was die Suid-Afrikaanse Weeshuis wat in 1814 in Kaapstad tot stand gekom het. Volgens gemelde outeur is daar egter vandag min kinders in kinderhuise wat werklik wees is. Institutionalisering word vandag grootliks oorweeg wanneer daar ernstige probleme in gesinsituasies ondervind word en wat nie in die gesin op bevredigde wyse hanteer kan word nie. Aangesien navorsers met die kinderhuiskind gewerk het, is dit vir die doeleindes van hierdie studie nodig om kortliks te kyk watter proses die kind deurloop totdat sy in die kinderhuis beland en watter invloed die kinderhuisopset op haar het.

2.2.1 DIE INSTITUSIONALISERING VAN KINDERS

Strijdom & Smith (in Steenberg, 1995:33) het navorsing met 131 kinders wat versorging in 'n kinderhuis benodig het, gedoen en hulle rapporteer die volgende kenmerke in die kinders se gesin van oorsprong: baie van die ouers is op 'n vroeë ouderdom getroud, waarvan ten

minste 'n derde van die huwelike geforseerd was as gevolg van swangerskappe. Laasgenoemde lei weer tot swak huweliksaanpassing en swak ouerlike opvoedingstyle. Die gesin is gewoonlik groot en die huislike omstandighede swak. Die meeste ouers beskik oor 'n lae vlak van opvoeding (standerd 6 of 7), is werkloos of verrig ongeskoolde arbeid (nege uit elke tien kinderhuiskinders kom van werkersklasgesinne). Hierdie faktore lei tot 'n lae gesinsinkomste, wat gewoonlik ook swak spandeer word. Die meeste kinderhuiskinders het in oorbewoonde huise gebly, met onvoldoende geriewe. Baie ouers misbruik alkohol, openbaar immorele gedrag of het kriminele rekords. Dit is tipies van hierdie gesinne om baie te verhuis, binne een dorp of tussen dorpe. Daar is voortdurende struweling in die gesin, asook verlating van een ouer, egskeiding of dood. Pulvermacher (in Lategan, 1999:15) is van mening dat die ouers self as kinders slagoffers van deprivasie was. Alhoewel rekonstruksiewerk voortgesit word met die gesinne van oorsprong is dit in die meeste gevalle onsuksesvol en daarom keer die meeste gekommitteerde kinders nooit weer terug na hulle gesinne van oorsprong nie. (Vergelyk Hart, 1994:9.)

Kinders wat in ongunstige omstandighede leef, word deur lede van die gemeenskap onder die aandag van 'n maatskaplike werker gebring. Die betrokke omstandighede word dan ondersoek, 'n kinderhofsak word, indien nodig, aanhangig gemaak en indien die kind deur die hof in terme van die Wet op Kindersorg, 74 van 1983 sorgbehoewend bevind word, kan die kind na 'n kindersorgsentrum gekommitteer word (Lategan, 1999:13).

Dit is vir navorsers tragies om kennis te neem daarvan dat die huislike omstandighede van 'n kind soms so swak is dat die kind, om hom te beskerm, uit die ouerhuis wat 'n veilige hawe behoort te wees, verwyder moet word. Die kind belewe dan 'n verdere trauma deur by nuwe, vreemde omstandighede in 'n kindersorgsentrum aan te pas.

2.2.2 DIE EFFEK VAN VERWYDERING EN DIE INVLOED DAARVAN OP DIE KIND SE GEDRAG

Kinders wat uit die sorg van hul ouers verwyder word en deur die kindersorgsisteem beweeg, word met vele verliese en verwyderings gekonfronteer. (Vergelyk Taussig, 2002:1180.) Nie alleen word hulle uit die sorg van hulle primêre versorgers verwyder nie maar hulle word ook geskei van hulle broers en susters, vriende, skool, uitgebreide gesinslede en bure. Hieruit kan afgelei word dat dit die taak van die maatskaplike werker is om sodanige kinders te help om deur hierdie verliese te werk sodat 'n emosionele blokkasie of depressie in die aangesig van 'n gevoel van hulpeloosheid nie ontstaan nie (Pringle in

Steenberg, 1995:35). Hoe jonger die kind, hoe meer skadelik is dit vir hom omdat hy nie in staat is om die verbale verklarings daarvoor te verstaan nie.

McParlin (1996:112) maak die volgende opmerking: “It is clear that, as a subculture, children ‘looked after’ experience second-class citizenship but they also suffer from marginalised status.” Hy is van mening dat die behoeftes van sodanige “looked after children” nie op ‘n eenvormige, duidelike en konsekwente wyse hanteer word nie. Hy is verder van mening dat professionele vooroordele in die kindershuisopset voorkom en dat dit die stigma en stereotipering van die kindershuiskind ondersteun. (Vergelyk Cronjè & Nieuwoudt in Steenberg, 1995:38.) McParlin (1996:113) haal die volgende aanhaling van ‘n kindershuiskind aan: “You didn’t ask us about our feelings – I mean, inside feelings of being in care. My honest feeling about being in care from deep inside is - it’s the pits – I wouldn’t wish it upon anyone”.

McParlin (1996:114) maak selfs die uiterste stelling dat institusionele versorging van kinders die afgelope vier dekades katastrofies van aard was. Hy haal die volgende statistieke aan: miskien sal een in 300 gekommitteerde jongmense naskoolse opleiding aan ‘n universiteit ontvang, kinders wat vir meer as ‘n jaar in ‘n kindershuis is, sal twee jaar agter wees met betrekking tot leesvaardigheid en een jaar agter wees met wiskunde. Van die ongeveer 10,000 kinders wat jaarliks uit institusionele sorg tree, het tussen 75 en 90 persent geen opvoedkundige kwalifikasies van enige aard nie, en verder was meer as 50 persent van Londense bedelaars, 38 persent van die jong gevangenes-populasie en 66 persent van London se manlike prostitute geïnstitusioneel.

Volgens navorsers se mening is dit egter nie ‘n wetenskaplik uitgemaakte saak dat sodanige kinders in elk geval so sou uitgedraai het, indien hulle by hulle ouerhuise gebly het nie.

Lategan (1999:17) meen egter dat sekere aspekte in ‘n kindershuisopset ‘n kind ten goede kan beïnvloed, naamlik:

- **beskerming** word gebied teen gevare en nadelige invloede,
- **fisiese versorging**: die beter fisiese versorging wat ‘n kind in ‘n kindershuis kry, hou vir hom groot voordele in ten opsigte van sy gesondheid en skoolstudiese vordering,
- **stabiliteit**: die kindershuis bied in die meeste gevalle meer bestendigheid, veral op skoolstudiese gebied, want skoolbywoning vind meer gereeld plaas en daar is minder skoolverwisseling,
- **roetine en dissipline**: die kindershuis bied aan die kind die nodige struktuur en stabiliteit,

- **groeplewe:** in die kindershuis leer die kind om in interaksie met verskeie ander kinders te tree. Die groep kan behulpsaam wees om positiewe verandering in die kind mee te bring,
- **verskeidenheid identifikasiefigure:** die kind is nie verplig om 'n naby verhouding met net een ouerfiguur op te bou nie en kan kies uit verskeie identifikasiefigure.
- **groter permissiwiteit vir gedrag:** in sommige kindershuise word 'n wyer reeks gedrag aanvaar as wat in die gemeenskap aanvaar sou word, omdat daar begrip en insig is vir die kind se agtergrond,
- **spesiale fasiliteite:** 'n groot verskeidenheid fasiliteite tot voordeel van die kind is soms beskikbaar.

Volgens navorsers se ervaring word die negatiewe aspekte van 'n kindershuisopset in die literatuur by verre meer as die positiewe beklemtoon. Verder het sy ervaar dat kinders in die kindershuis baie negatief teenoor die kindershuisopset staan. (Haar ervaring is egter ook dat kinders in 'n gewone skool dieselfde negatiewe ervarings omtrent die kindershuisopset het!). Navorsers is van mening dat die kindershuisopset nie die ideale een is nie, tog het niemand tot dusver nog met 'n beter alternatief (behalwe miskien pleegsorg) na vore gekom nie en sal kindershuise seker solank as wat pleegouers skaars is, vir 'n lang tyd nog met ons wees. (Vergelyk Rhodes, Haight & Briggs, 2000:186.) Die negatiewe gesinsomstandighede en die impak van institusionalisering wat hierbo beskryf is, het egter volgens navorsers 'n beduidende negatiewe invloed op die vorming van 'n positiewe selfbeeld by die kind.

2.3 SELFBEELD

Navorsers het uit eie ervaring belewe dat die wyse waarop 'n kind/mens homself beleef, sy totale funksionering negatief of positief kan beïnvloed. Verder het navorsers in haar persoonlike waarneming bemerk dat baie kinders wat vir spel terapie kom, 'n gebrek aan 'n goeie selfbeeld toon. Hierdie realiteit het haar genoop om ondersoek in te stel en te bepaal wat gedoen kan word om die kind te help om beter oor homself te voel.

Sien Hoofstuk 1 punt 14.4 vir 'n verduideliking van die gebruik van die term "selfbeeld". (Vergelyk Robinson, 2000:8.)

2.3.1 OMSKRYWING OF KOMPONENTE VAN DIE SELFBEELD

Volgens King (1997:208) het "self-esteem" te make met die evaluasie wat die mens op homself as mens binne 'n sekere konteks plaas. (Vergelyk Wigfield & Eccles, 1994:90.)

Coopersmith (in King, 1997:208) gee die volgende definisie wat King se mening onderskryf: “ (self-esteem)...is the evaluation which the individual makes and customarily maintains with regards to him/herself.”

Soos onder 1.13.4. aangedui, beweer sommige navorsers in die Engelse literatuur dat selfbeeld (“self-esteem”) die verskil tussen die ideale self (hoe jy graag sou wou wees) en die ware self (hoe jy in werklikheid is) reflekteer. Volgens navorsers se mening ontstaan die vraag egter: “Wat bepaal dan jou siening van die ware self?” en “Hoekom is sommige mense se siening van die ware self positief en ander s’n negatief?” Dit is vrae wat ‘n persoon weer by die basiese begrip “selfbeeld” uitbring.

Om sake nog meer problematies te maak, beweer Bower (1993:122) dat gevoelens van selfwaarde nie noodwendig psigologiese welstand reflekteer nie. In ‘n ondersoek wat hy onderneem het, het 14-jarige seuns wat ‘n baie goeie selfbeeld openbaar het, probleme ondervind om hulle gevoelens te openbaar en om goed met ander oor die weg te kom. Dieselfde outeur meld ook dat selfbeeld-vraelyste fokus op vrae wat probeer vasstel of die respondent van homself hou maar probeer nie vasstel wáárom die respondent nie van homself hou nie (sien ook Kohn, 1994:53).

Pawel (2001:5) spreek ook ‘n ander aspek aan wanneer sy verwys na selfbeeld as “our thoughts about our outside appearance, what we think others see. This includes our looks, talents, popularity, or accomplishments.”

Hierdie aanhaling bring navorsers by die besef dat daar twee aspekte van die selfbeeld na vore kom, naamlik die evaluasie wat jy aan jouself oor jouself heg en die evaluasie wat jy van mening is dat ander aan jou heg. (Vergelyk Burnett, 1999:77.) Die vraag ontstaan: As jy ‘n positiewe evaluasie van jouself het, sal jy nie ook dink ander het ‘n positiewe evaluasie van jou nie? Hierdie navorsers is van mening dat dit wel die geval sal wees. Negatiewe en positiewe selfspraak kom ook hier ter sprake. Volgens navorsers se mening moet ‘n terapeut ‘n kind lei en leer om positiewe dinge van homself aan homself te sê. (Vergelyk Cleghorn, 1996:5.)

Geldard en Geldard (1997:164) beklemtoon die feit dat ‘n kind bewus kan wees van sy positiewe eienskappe maar steeds ‘n lae selfbeeld kan hê en negatief oor homself voel. Volgens hierdie outeurs behels selfbeeld dus soms die kognitiewe siening van eienskappe, maar omsluit nie die emosionele belewenis nie.

Vir die doeleindes van hierdie studie word met selfbeeld bedoel hoe die persoon sowel kognitief as emosioneel oor homself voel. Met ander woorde hoe hy homself as totale mens evalueer (sien Coopersmith se definisie van selfbeeld in die paragraaf hierbo).

Prinsloo (1994:22) meld verder dat selfkonsep varieerbaar is na gelang van die situasie waarin die persoon hom bevind. Hy kan tussen sy vriende 'n positiewe selfkonsep met gepaardgaande selfvertroue openbaar, terwyl hy hom in sy werksituasie as ontoereikend ervaar.

Volgens Statman (1993:125) is dit nie moontlik om iemand se selfbeeld ten goede te beïnvloed nie. Hy maak dan ook die volgende stelling: "...leads to a pessimistic conclusion, one which state in effect that a low self-esteem is not something one can get rid of, since it depends to a large extent, on social convention and values over which one's control is very minimal."

Dié navorser stem nie met bogenoemde stelling saam nie want die volgende moet onthou word; enige persoon wat met kinders werk soos ouers, onderwysers en terapeute kan en behoort die skewe diskoerse waarop evaluasies berus, uit te daag en sodoende 'n bydrae lewer tot die verandering van die bestaande sosiale konvensies. In ons samelewing word die "om iets goed te doen" byvoorbeeld grootliks gebaseer op uiterlike prestasies wat maklik waarneembaar is, soos om goeie rugby te speel of om 'n prys op 'n kunswedstryd te wen. Weinig mense sien en gee erkenning aan minder sigbare "prestasies" soos eerlikheid, deursettingsvermoë, vriendelikheid of die aanvaarding van jou lot. Statman (1993:126) weerspreek ook self sy bogenoemde stelling deur Kant aan te haal wat beweer het dat elke mens as 'n verteenwoordiger van die mensdom homself as belangrik en as van waarde (hoë selfbeeld) kan ag.

Dewhurst (in Statman, 1993:126) maak die stelling dat 'n gesonde selfbeeld met selfaanvaarding eerder as met selfevaluering gepaard moet gaan – wat volgens hierdie navorser daaruit afgelei kan word, is dat enige iemand wat ander persone tot 'n beter selfbeeld wil lei, eerstens op selfkennis moet fokus. Deur middel van selfkennis kom 'n realistiese besef van die sterktes en swakhede van die persoon en alleenlik dan kan die sterktes waardeur en uitgebou en die swakhede aanvaar en verbeter word.

Statman (1993:127) vra egter die retoriese vraag: Wat gedoen as selfkennis jou bring by die besef dat jy geen besondere gawes of talente het nie? Hy beantwoord self sy vraag en

sê dat selfaanvaarding 'n hersiening van selfevaluering moet bevat. Indien 'n terapeut met 'n kind werk, moet die terapeut die kind help om in te sien dat hy waarskynlik een of ander positiewe eienskap oorgesien of onderwaardeer het.

2.3.2 DIE ONTWIKKELING VAN DIE SELFBEELD

Burns (in Viljoen, 1998:45) is van oordeel dat selfbeeldvorming dwarsdeur die mens se lewe plaasvind en dat die terugvoering van betekenisvolle persone in die mens se lewe (veral ouers, onderwysers en die portuurlede) 'n belangrike rol in die vorming van 'n positiewe of negatiewe selfbeeld vervul.

'n Baba word nie met 'n negatiewe selfbeeld gebore nie (Oaklander, 1988:28) maar 'n gebrek aan emosionele binding met 'n vertroude, primêre versorger kan sy selfbeeld nadelig beïnvloed. (Vergelyk Viljoen, 1998:45.) Gedurende die eerste ses jaar van 'n kind se lewe vind die grootste ontwikkeling in sy lewe plaas en dus ook van die selfbeeld. Latere invloede, soos veral die skool, speel egter ook 'n rol. Die kind reageer op boodskappe vanuit die omgewing, maak sy afleidings en so word sy selfbeeld bepaal. In die proses van die vorming van die selfbeeld is Hart (1994:22) van mening dat soos albei ouers buitenshuis werk, daar toenemend meer enkelouers is en die uitgebreide gesin verdwyn, kinders kwesbaar word want hulle het nou minder rolmodelle en word aan die invloed van die televisie blootgestel sonder die sensorskap van die ouers. Volgens laasgenoemde outeur is die lys van aanvaarbaarheid kort: wees mooi, gewild, ryk en wit. Die "nie reg" lys is baie lank: om 'n uitlander te wees, gekleurd, arm, meisies wat slimmer as seuns is, geskeide mense, gestremde mense, homoseksualiste, vet mense, kinders en adolessente en skaam mense.

Navorsers kom tot die gevolgtrekking dat die ontwikkeling van die selfbeeld 'n proses is wat deur die hele lewe voltrek word en deur 'n menigte faktore en veral die terugvoering van betekenisvolle mense beïnvloed word. Die invloed van die samelewing moet egter nie onderskat word nie.

2.3.2.1 DIE ONTWIKKELING VAN DIE SELFBEELD TYDENS DIE MIDDEL-KINDERJARE

Die kenmerke van die middelkinderjare is reeds bespreek (sien 2.1.1). In hierdie afdeling gaan kortliks na die selfbeeld in genoemde ouderdomsfase gekyk word.

Die kind in middelkinderjare is volgens Du Toit & Kruger (in Coetzee, 1997:45) in hierdie tydperk uiters sensitief vir ander se siening van en houding teenoor hom. Die kind is geneig om sy eie idee te vorm van wat ander van hom dink en namate hy beantwoord aan die spesifieke eise wat aan hom gestel word, ontwikkel die kind 'n beeld van homself en ander. Volgens Du Toit & Kruger (in Prinsloo, 1994:46) word die kind se selfbeeld nou grootliks deur sy liggaamsbeleving bepaal. Hulle waarsku ook dat verantwoordelike persone moet waak dat kinders nie aan die spot en venyn, veral ten opsigte van hulle liggaamsbou onderwerp moet word nie.

Dit is gedurende hierdie tydperk dat kinders in aanraking met die skool kom. Die belangrike invloed wat die onderwyser speel in die ontwikkeling van 'n gesonde selfbeeld kan nie onderskat word nie. Die onderwyser behoort byvoorbeeld nie onrealistiese eise aan die kind te stel nie en moet genoeg erkenning en aanmoediging aan die kind gee. Soos onder 2.1.1.4. vermeld, is hierdie stadium die stadium waar kinders vriendskappe met ander kinders sluit. Tussen vriende raak die kind nou meer bewus van sy sterk en swak eienskappe en dit spreek vanself dat 'n kind wat sukkel om maats te maak en vriendskappe te behou, 'n swak selfbeeld sal ontwikkel. (Vergelyk Coetzee, 1994:49 en Rubin, 2000:35.)

Volgens navorsers se mening word die kind in hierdie lewenstydperk ook met sterk akademiese- en sportkompetisie op skool gekonfronteer. Dit spreek vanself dat die gemiddelde- of swakkerige presteerder op hierdie gebiede sal voel dat hy by die presteerders afsteek en dat dit sy selfbeeld nadelig sal beïnvloed.

2.3.3 DIE WAARDE VAN 'N GESONDE SELFBEELD

Verskeie outeurs (King, 1997:207; Crozier; 1995:93 en Cochran, 1996:11) het getoon dat selfbeeld positief met akademiese prestasie, prestasies op sportgebied, die kwaliteit van portuurverhoudinge en hanteringsvaardighede korreleer. King (1997:208) beweer verder: "...children with realistic self-concepts and higher levels of self-esteem engage in fewer negative health behaviors and express less intention to do so in the future".

Kohn (1994:55) is 'n ander mening toegedaan en verklaar dat daar weinig studies is wat 'n positiewe korrelasie tussen 'n goeie selfbeeld en akademiese prestasie of diensbaarheid aan ander kon bevestig. Hy verklaar: "The implications is that the better the research, the less significant the connection it will find between self-esteem and achievement". (Vergelyk Greene, 2000:20.) Hy beweer ook dat die studies wat wel 'n korrelasie kon toon, nie kon bewys dat selfbeeld die oorsaak van prestasie was nie en dat die oorsaaklikheid dalk

andersom was. Dieselfde outeur (Kohn, 1994:53) verklaar ook dat selfbeeldvraelyste deur die respondente self ingevul word en dat sodanige toetsing altyd problematies is – dit vertel ons eerder hoe 'n persoon graag sou wou wees as wat die ware toedrag van sake is. Wat hierdie skrywer dus sê, is dat huidige selfbeeldtoetse onbetroubaar is.

Navorsers is weens eie ervaring geneig om met King (hierbo) saam te stem. (Vergelyk Cochran, 1996:3-7.) Indien 'n kind se beeld omtrent homself gesond en positief is, spreek dit vir navorsers vanself dat dit 'n positiewe wisselwerking op hanteringsvaardighede, verhoudinge en prestasies sal hê. 'n Goeie selfbeeld kan dan met ander woorde ook die kinderhuiskind help om die redes vir sy kommittering en sy verblyf in die kindershuis meer sinvol te verwerk en beter met die ander kinders klaar te kom.

Cleghorn (1996:71) is ook van mening dat die mens se hele lewe uit verhoudinge met jouself en ander bestaan en dat 'n goeie selfbeeld essensieel is om liefdevolle en gelukkige verhoudinge met ander aan te knoop. Mosek & Adler (2001:149) is ook van mening dat hoe hoër die selfbeeld, hoe beter is die individu se aanpassingsvermoë en dat die selfbeeld reg deur die lewe groei en ontwikkel.

2.3.4 AANDUIDINGS VAN 'N GOEIE SELFBEELD OF PERSOONSBEELD

Dit is volgens navorsers se mening vir elke spelterapeut belangrik om te weet wat die aanduidinge van 'n gesonde/goeie selfbeeld en 'n swak selfbeeld is want alleenlik dan kan hy/sy dit assesseer en toepaslike aandag daaraan gee. Om dié rede word daar vervolgens na genoemde kenmerke gekyk.

Na aanleiding van navorsers se ervaringe openbaar persone/kinders met 'n goeie selfbeeld assertiwiteit, 'n ontspanne houding, gemaklikheid in die omgang met ander, soek nie verskoning vir die self nie, kan tekortkominge erken, is spontaan en glo dat ander mense van hulle hou. Navorsers is ook van mening dat geen mens onder alle omstandighede sodanige eienskappe ('n goeie selfbeeld) sal openbaar nie.

Volgens 'n studie wat Bower (1993:122) onderneem het, openbaar dogters met 'n goeie selfbeeld die volgende eienskappe: opgewektheid, assertiwiteit, emosioneel oop en warm, relatief spontaan, in staat om met ander saam te werk en onwillig om moed op te gee in die lig van frustrasie. Die seuns in die studie het weer die vermoë om hul emosies in stresvolle situasies te beheer as belangrik vir die beoordeling van 'n goeie selfbeeld geag.

Rubin (2000:33) dui die volgende kenmerke van 'n gesonde selfbeeld aan: 'n gevoel van vrede en tevredenheid met wie jy is, 'n kennis van wat jy wil wees en 'n gevoel dat jy jou lewensideale en drome kan verwesentlik, 'n gevoel dat sekere vaardighede bemeester is of kan word, die daarstelling van goeie menseverhoudinge en 'n gevoel dat jy deel van 'n betekenisvolle kulturele groep is, die internalisering van positiewe omtrent die eie-ek en kennis van eie beperkinge. (Vergelyk Geldard & Geldard, 1997:165; Van der Merwe, 1992:147-173 en Coopersmith in Prinsloo, 1994:34.)

Volgens navorser se mening het 'n gesonde selfbeeld veral die volgende belangrike funksies of waardes:

- Dit rig gedrag ten goede. 'n Persoon met 'n gesonde selfbeeld sal homself byvoorbeeld in enige geselskap of verhouding kan handhaaf. Hy sal nie noodwendig vriende of 'n moontlike lewensmaat as verhewe bo homself beskou en so sy pad tot vervulling en geluk versper nie. Dieselfde geld ten opsigte van beroepskeuses.
- Wat uit die voorafgaande voortvloei, is dat 'n goeie selfbeeld tot selfaktualisering lei.
- Dit bevorder goeie interpersoonlike verhoudinge. Iemand met 'n goeie selfbeeld is nie behep met homself nie en is in staat om "uit homself" te beweeg na en tot ander mense. Hy is tot gesonde verhoudinge met ander mense in staat, is nie onnodig liggeraak en selfsugtig nie, kan ander se standpunte en menings insien of probeer om dit te verstaan. Omdat hy "genadig" met homself is, is hy ook "genadig" teenoor ander, hy is ook nie suinig om 'n opregte kompliment te gee nie.
- Dit bevorder gesonde nederigheid. Omdat 'n goeie selfbeeld ook kennis van die swakhede van die eie-ek impliseer, is die persoon met 'n goeie selfbeeld nooit "opgeblase" of verwaand nie.
- Dit word voorafgegaan en bevorder selfkennis. Die persoon met 'n goeie selfbeeld ken sy swakhede en probeer voortdurend om daarop te verbeter, hy ken egter ook sy sterktes maar beskou homself nie beter as ander nie, hy ken sy eie waarde en respekteer alle mense. Hy weet ook dat selfkennis nooit voltooi kan word nie en strewe steeds na 'n beter begrip van homself.
- Dit ondersteun die ego. Omdat die persoon in homself sterk voel, bevorder 'n gesonde selfbeeld kreatiwiteit (die persoon is nie bang om te waag nie) en onafhanklikheid (hy soek nie voortdurend ondersteuning by ander vir sy menings en oordele nie).

2.3.5 AANDUIDINGS VAN 'N SWAK SELFBEELD OF PERSOONSBEELD

Oaklander (1988:281-282) meld die volgende algemene kenmerke van 'n swak selfbeeld by kinders: huilerigheid, gedrewendheid om te wen, kul in spel, perfeksionisme, oordrewe

spogger, weggee van lekkergoed, geld of speletjies, aandagsoekende gedrag soos lawwe optrede, ontoepaslike optrede, terg graag, anti-sosiale gedrag, selfkritiek of baie skaam, blameer ander vir alles, maak aanhoudend verskoning vir alles, vrees om nuwe take aan te pak, wantrou ander mense, wil baie goed hê, tree verdedigend op, ooreet, wil altyd ander tevrede stel, is nie in staat om keuses uit te oefen nie, kan nooit nee sê nie. (Vergelyk Hart, 1994:30.)

In aansluiting by bogenoemde noem Van der Merwe (1996b:102) dat die kind met 'n lae selfbeeld die reëls van 'n speletjie sal wil verander om homself te bevoordeel. Hy is dikwels ook 'n swak verloorder.

Coopersmith (in Prinsloo, 1994:36) gee die volgende kenmerke van 'n persoon met 'n lae selfbeeld:

- onttrekking van ander,
- konstante ervaring van gevoelens van ongelukkigheid,
- 'n neiging om passief te wees ten opsigte van aanpassings by omgewingseise,
- ervaring van gevoelens van minderwaardigheid, skaamte, selfhaat, gebrekkige selfaanvaarding,
- hoër angsvlakke en 'n groter neiging tot psigosomatiese simptome en depressiewe neigings,
- 'n neiging tot isolering. Hulle ervaar groter probleme ten opsigte van die vorming van vriendskappe,
- 'n neiging tot minder weerstand teen sosiale druk,
- 'n onvermoë om kritiek te hanteer. (Vergelyk Jacobs & Very in Prinsloo, 1994:36.)

Volgens navorser se ervaringe toon persone met 'n swak selfbeeld dikwels op ironiese wyse eienskappe soos grootprater, 'n houding van ek-is-in-volle-beheer, perfeksionisme, geleerde gesprekke met hoë woorde en 'n onverdraagsaamheid teenoor hulle "minderes". Hierdie gedrag is waarskynlik 'n soort kompensasie vir gevoelens van ontoereiktheid.

2.3.6 STRATEGIEË TER VERBETERING VAN DIE SELFBEELD

2.3.6.1 Die rol van die ouers

Die ouers is en bly volgens navorser die belangrikste rolspelers in hul kinders se lewe. Navorser is van mening dat ouers vanweë hul emosionele gebondenheid aan die kind en die feit dat hulle feitlik elke dag in kontak met hul kind is, die beste in staat is om die selfbeeld van hul kind te verbeter.

Brooks (1998:145) is van mening dat kinders se selfbeeld bevorder kan word indien ouers aan hulle 'n gevoel van eienaarskap en verantwoordelikheid ten opsigte van hulle eie ervarings gee. Volgens hom voel te veel kinders “Ek moet dit doen, ek moet dat doen, ek moet daarheen gaan, ek moet my huiswerk doen”, ensovoorts. Hy gee dan die volgende wenke:

- Die vryheid om foute te maak – ouers moet erken dat hulleself foute maak en met hulle kinders gesels oor die ervaring om foute te maak, die vrees en intimidasie daarvan en wat dit aan mense doen,
- Die maak van 'n bydrae – 'n goeie selfbeeld kom deur 'n gevoel van waardeer-te-word. Elke kind het een klein eiland van bekwaamheid – ouers moet kinders help om dit te ontdek en 'n bydrae te maak. Vra 'n kind waarvan hy hou en bou daarop voort. Brooks (1998:145) gee die voorbeeld van 'n kind wat nie wou skool toe gaan nie, hy probeer toe vasstel waarvan die kind hou – dié vertel toe aan hom dat hy daarvan hou om met sy hond te speel. Op die ou einde het die kind die skool se hamsters versorg en toe graag skool toe gegaan,
- Die gee van 'n keuse – hy beveel aan dat selfs klein keuses aan kinders gegee kan word, soos: “Watter hemp wil jy vandag aantrek?” Dit plaas die kind in beheer en verhoog sy egokrag.

Loewy (1998:147) het 'n studie met oorgewig kinders onderneem en beweer “Parents have a strong impact on children’s self-image and esteem”. Hy gaan verder en beweer dat ouers byvoorbeeld hulle misnoë met hulle eie liggame dikwels op hulle kinders projekteer. Daar word geweldig druk op die kind en adolessent uitgeoefen om die “ideale liggaamsvorm” na te strewen en hoe meer dit gedoen word, hoe meer word die mite versterk dat elkeen dit kan bereik. Volgens Loewy moet vet kinders (en by implisiete implikasie alle kinders met 'n swak selfbeeld) bewondering, waardering en vertroeteling ontvang en nie heeldag aanmerkings van ouers hoor oor hoe vet die kind en hulleself is nie.

Pawel (2001:17) postuleer dat die mite bestaan dat as jy 'n kind prys en komplimenteer, hy verwaand sal word. Hy beweer dat verwaandheid impliseer dat jy beter as ander mense is en noem dit “ego-esteem”. Persone met hoë “ego-esteem” laat hulleself beter voel deur ander mense af te kraak. Ware, gesonde selfbeeld is anders; dit kom van binne en beteken die persoon stel nie belang om ander af te kraak nie maar is vol vertrouwe en onafhanklikheid. Volgens hierdie outeur bereik 'n ouer egter tog meer met aanmoediging as met die prys van 'n kind. Ook in hierdie verband beweer Greene (2000:21) “...kids aren’t fooled by indiscriminate praise”. Aanprysing gebruik waardeoordele en kan negatiewe druk

en ontmoediging tot gevolg hê. (Vergelyk Wood, 2001:13.) Greene (2000:22) maak die volgende aanbevelings wat ten opsigte van aanprysing toegepas behoort te word:

- Laat die kind jou lei – moenie jou norme of oordele op hom oorplaas nie. Indien die kind voor die hand liggend trots lyk op iets wat hy gedoen het, kan jy hom aanprys.
- Laat plek vir verdere sukses – moet byvoorbeeld nie sommer sê “fantasties!” as “goed” beter pas nie.
- Sê deur die dag vir jou kind dinge soos: “Ek is lief vir jou” of “Jy’s so mooi soet”- hierdie aanmerkings is nie geassosieer met iets wat die kind gedoen het nie, maar spreek die kind se gevoel van sy eie-ek aan. Die kind redeneer: ek doen nie altyd iets belangriks nie maar ek is van waarde.

Nog ‘n skrywer, Kelly (1998:155) beveel aan dat ouers moet beseft dat elke kind tot ‘n meerdere of mindere mate vermoëns het. Sy raai ouers aan om na die kind se belangstellings of nuuskierigheid op te let want dit reflekteer gewoonlik sy aanleg. Sy beveel aan dat die sterktes in ‘n kind gesoek moet word en dat die kind nie gekomplimenteer moet word omdat hy talentvol is nie maar omdat hy sy beste lewer. Sy maak dan die volgende stelling: “Teach your child that life is about trying and doing better every day, not winning.” Daar sal altyd iemand slimmer, vinniger of meer kreatief as jy wees. Vreugde moet gevind word in strewe, studie, oefening en repetering en pryse of bekens per se moet nie nagestrew word nie. (Vergelyk ook Oaklander, 1988:281-284.)

Weer eens is dit vir navorsers duidelik dat kinders se selfbeeld eerder op gesonde waardes en norme wat fokus op innerlike adel gebou moet word as op uiterlike vertoon en lofprysing.

2.3.6.2 Die rol van die skool en die onderwyser

Al die aanbevelings wat onder 2.3.6.1. gemaak is, is ook onder hierdie opskrif van toepassing aangesien die onderwyser en skool eintlik as plaasvervanger van die ouer optree.

Prinsloo (1994:42) maak daarvan melding dat selfbeeld ‘n veranderlike is wat akademiese oriëntasie kan beïnvloed – daar is ‘n wederkerige verband tussen swak akademiese prestasie en swak selfbeeld. Daar moet ook onthou word dat daar verskillende tipes intelligensie is (Kelly, 1998:156) en dat die skool hoofsaaklik op syfer- en verbale intelligensie klem plaas. Kinders wat nie so goed hierin vaar nie word dikwels as dom beskou met gevolglike swak selfbeeld.

Die onderwyser is vanweë die feit dat hy baie ure in kinders se geselskap verkeer, volgens navorser se mening in die unieke posisie om 'n betekenisvolle, positiewe invloed op die kind se lewe/selfbeeld uit te oefen. Veral die kinderhuiskind moet spesiale aanmoediging ontvang en nooit weens swak punte verneder word nie.

2.3.6.3 Die rol van die maatskaplike werker in die kindershuis

Dit wat onder 2.3.6.1 en 2.3.6.2 gesê is, kan volgens navorser se mening deur die maatskaplike werker in 'n kindershuis nagevolg word want sy tree saam met die kindersversorger as plaasvervanger van die ouer in die kindershuis op. Gilligan (1999:188) beveel ook aan dat kinderhuiskinders sover moontlik aangemoedig moet word om aan kulturele-, sport- en vryetydsbedrywighede deel te neem aangesien sodanige deelname hulle selfbeeld bou en stres verminder.

2.3.6.4 Die rol van die kindersversorger in die kindershuis

Navorser is van mening dat kindersversorgers al die strategieë wat onder 2.3.6.1 en 2.3.6.2 uiteengesit is met vrug kan gebruik.

2.4 SAMEVATTING

Uit bostaande is dit vir navorser duidelik dat die kinderhuiskind besondere probleme ondervind en dat hierdie probleme onder andere 'n negatiewe impak op die ontwikkeling en uitbouing van 'n gesonde selfbeeld het. Dit wil voorkom asof die meeste outeurs van die oortuiging is dat 'n goeie selfbeeld onontbeerlik vir geluk, sukses en die gesonde verhouding met ander mense is. Selfbeeld skyn egter 'n komplekse, enigmatiese verskynsel te wees en dit blyk uit die literatuur dat dit in wisselwerking met verskeie faktore verkeer, daar nie eenstemmigheid bestaan oor hoe te werk gegaan moet word om die selfbeeld te verbeter nie en dat dit deur faktore soos die verhouding met ouers, onderwysers en maats asook die normes en waardes van die samelewing, beïnvloed word. Dit lyk asof die verbetering van die selfbeeld nie van blote kosmetiese intervensies afhanklik is nie maar inderdaad 'n spanpoging van belanghebbende persone en 'n herevaluering van die normes en waardes van die samelewing vereis.

HOOFSTUK 3

GESTALTGROEPSPELTERAPIE EN SPELTEGNIKE GEFOKUS OP DIE ONTWIKKELING VAN DIE SELFBEELD

3.1 INLEIDING

Uit die voorafgaande hoofstuk is dit vir navorser duidelik dat die kinderhuiskind in die middelkinderjare kwesbaar is vir die vorming van 'n swak selfbeeld. Navorser wil in hierdie studie binne die gestaltterapeutiese paradigma spesifieke tegnieke, wat op die positiewe vorming van die selfbeeld fokus, gebruik en bepaal of 'n positiewe verandering van die selfbeeld by sodanige kinders tot stand sal kom.

Daar sal in hierdie hoofstuk eerstens kortliks gekyk word na gestaltterapie, die ontstaan en ontwikkeling, teorie en basiese konsepte en terapeutiese tegnieke daarvan. Daarna sal na gestaltgroeptherapie en 'n gestaltmodel vir selfbeeldontwikkeling gekyk word. Speltherapie, die konsepte onderliggend daaraan met die spesifieke vorme van spel wat navorser in haar empiriese studie gebruik het, word daarna bespreek.

3.2 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN GESTALTTERAPIE

Volgens Magill, Roderiguez & Turner (1996:743) kan die ontstaan van die gestaltbenadering gedurende die 1960's aan Frederick Salomon (Fritz) Perls (1893-1970) toegeskryf word wat as 'n kragtige alternatief vir die twee bestaande benaderings, psigoanalise en gedragsterapie na vore getree het.

Volgens Wulf (1998:81-90) was Perls aan 'n verskeidenheid invloede blootgestel wat weerspieël word in sy ontwikkeling van gestaltterapie. Hy was volgens Congress (1995:1117) veral deur die eksistensiële filosofie (wat van mening is dat elke mens self verantwoordelikheid vir sy lewe moet aanvaar), die gestaltsielkunde (wat die menslike behoefte aan organisasie beklemtoon het) en die Oosterse gelowe (wat die beginsels van teenoorgesteldes of polariteite en die feit dat mense hul ware self alleenlik kan transendeer deur te word wat hulle is) beïnvloed. Small (2000:21) maak daarvan melding dat Perls ook onder Wilhelm Reich wat die Reichiaanse karakteranalise ontwikkel het, studeer het. Navorser kom tot die gevolgtrekking dat gestaltterapie 'n sintese van verskeie benaderings is en lyk dit asof Perls die beste uit die verskeie benaderings geneem het om uiteindelik 'n heel besondere terapie tot stand te bring. Daar gaan nou na die basiese konsepte waarop gestaltterapie gebou is, gekyk word.

3.3 DIE TEORIE EN BASIESE KONSEPTE VAN GESTALTTERAPIE

Gestaltterapie is 'n proses wat mense kan help om 'n vol lewe te lei deur die verbetering van hulle bewustheid van die self, hulle te help om meer verantwoordelikheid vir die bevrediging van hulle persoonlike behoeftes te aanvaar, hulle meer bewus te maak van die omgewing waarin hulle beweeg en om die vermoë om aan ander te gee en van ander te ontvang, te verbeter (Ramey, 1998:4; Brammer, Abrego & Shostrom, 1993:41 en Dierks, 1999:53). Dit is dus volgens navorsers se mening voor die hand liggend dat hierdie vorm van terapie ideaal geskik is om mense/kinders met die verbetering van hulle selfbeeld te help (sien 2.3.1., 2.3.2. en 2.3.2.1) aangesien hierdie terapie veral daarop fokus om kliënte van hulle kragte en sterktes bewus te maak. (Vergelyk Cochran, 1996:11.)

Volgens Polster en Polster (1973:74-175) is die basiese aanname waarop gestaltterapie berus, die feit dat die hele menslike bestaan 'n behoeftebevredigende proses is waarmee almal voortdurend besig is. Die kliënt is egter gewoonlik nie in staat om self sy behoeftes te identifiseer nie en terapie behels dat die kliënt van sodanige behoeftes bewus gemaak moet word.

Navorsers is van mening dat veral die kind weens sy onvolwassenheid nie in kontak met sy behoeftes is nie en hy kan groot ongelukkigheid as gevolg daarvan ervaar. Die terapeut kan hom egter hiermee help. Dit wil, volgens navorsers se mening, voorkom asof bewustheid dié belangrikste komponent van gestaltterapie is. Congress (1995:1118) beweer dat gestaltterapie uit ses konsepte bestaan, naamlik holisme, bewustheid, kontak, figuur/grond, selfregulering en die hier-en-nou. Volgens navorsers se mening kan vier bykomende konsepte naamlik "unfinished business", "topdog versus underdog", polariteite en selfversorging bygevoeg word. Laasgenoemde tien konsepte sal vervolgens kortliks bespreek word.

3.3.1 Holisme

Gestaltterapeute beklemtoon die heelheid van die persoon, sonder 'n onderskeid tussen gees en liggaam, denke en gedrag (Ramey, 1998:4 en Kirchner, 2000:1). Hieruit voortspruitend, praat die kliënt nie van 'n probleem of gevoel as losstaande van die self nie. Die terapeut moet die simptome of gevoel dus as 'n integrerende deel van die kliënt sien (Congress, 1995:1118). Volgens navorsers se mening is dit die rede waarom die kliënt van polariteite in sy lewe bewus gemaak moet word, sodat elke aspek van sy lewe geïntegreer kan word. (Vergelyk Glinwater, 2000:83.)

3.3.2 Bewustheid

Ideaal gesproke moet die kliënt in kontak wees met sy interne gevoelens en prosesse, asook met ander mense en objekte in die eksterne omgewing. Volgens gestaltterapeute besit kinders die vermoë tot bewustheid en groei, maar kinders word gou geleer dat sekere gedagtes en gevoelens nie aanvaarbaar is nie en vermy moet word. Volgens navorsers se mening word veral seuntjies byvoorbeeld gou-gou geleer dat dit onmanlik is om te huil en enige gevoelens van hartseer te uiter, die emosie van pyn word op hierdie wyse onderdruk en ontken wat later op onaantvaarbare wyse in die gedrag na vore kan kom.

(Vergelyk Congress, 1995:1118 en <http://mentalhelp.net/chap15/chap15d.htm>.)

3.3.3 Figuur/grond

Bogenoemde term is aan die gestaltpsigologie ontleen (Congress, 1995:1118). Dit beskryf die persoon in verhouding met die omgewing. Die kliënt word in terapie gehelp om van *figuur* (dit is die behoefte wat vir die kliënt/kind op 'n spesifieke tydstip belangrik is) by die punt van kontak met die eksterne en interne omgewing bewus te word. Met *grond* word verwys na alles wat nie enige aandag in die ervaring van 'n situasie kry nie. Indien 'n kliënt 'n behoefte in die figuur of voorgrond het wat nie bevredig word nie, word dit na die grond of agtergrond geskuiwe. Waar die Freudiane van die “onbewuste” praat, gebruik die gestaltterapeute die term “grond”.

3.3.4 Selfregulering

Die individu behoort verantwoordelikheid vir sy eie dade te aanvaar. Hierdie konsep vorm ook 'n teenstelling met die Freudiaanse beginsel dat die mens 'n slagoffer van deterministiese dryfvere soos aggressie en seks is. Perls was van mening dat alle mense die vermoë het om hulle eie behoeftes te reguleer en om hulself te onderhou en te aktualiseer. Gestaltterapeute glo dat hierdie proses aangehelp kan word deur bewustheid van die self by kontakpunte te verbeter en dat kliënte hulself in 'n meer holistiese lig kan sien (Congress, 1995:1118 en Oaklander, 1993:282).

3.3.5 Hier-en-nou

Volgens <http://mentalhelp.net/psychelp/chap15/chap15d.htm> en Congress, 1995:1119) is die mees radikale afwyking van die psigoanalise miskien die klem op die hier-en-nou in teenstelling met die verlede. Die gestaltterapeut poog om bewustheid van die *huidige* kontakpunt tussen die kliënt en die eksterne omgewing te verhoog. Polster en Polster

(1973:7) sê in die verband: "...a most difficult truth to teach is that only the present exists now and that to stray from it distracts from the living quality of reality".

Volgens navorsers se mening is dit waarom sensoriese- en ander bewustheidsoefeninge in terapie met kinders so belangrik is. Dit beteken egter nie dat die gestaltterapie die relevansie van die verlede in 'n kliënt se lewe ontken nie. Die gestaltterapie erken dat daar "unfinished business" van die verlede in die persoon se lewe mag wees wat sy huidige funksionering nadelig kan beïnvloed. Oefeninge word gegee om die kliënt te help om gebeure van die verlede in die *huidige tyd* te herlewe en dan wel *anders* te herlewe. As voorbeeld kan navorsers noem waar 'n kinderhuiskind wat miskien in die verlede met 'n huistannie in konflik was, aangemoedig word om hom/haar te verbeel dat daardie persoon nou op 'n leë stoel voor hom sit. ('n Handpop kan ook op die stoel neergesit word). Die kind word dan aangemoedig om sy ongelukkigheid teenoor daardie persoon uit te spreek. (Vergelyk Sicoli & Hallberg, 1998:151-160.)

3.3.6 "Unfinished business"

Soos onder die opskrif "hier-en-nou" hierbo aangedui, is "unfinished business" volgens navorsers se mening enige situasie in 'n persoon se lewe (veral die verlede) of onuitgesproke, opgekropte gevoelens wat nog nie opgelos of deurgewerk is nie. Die kliënt is dikwels nie bewus van hierdie "onklar sake" nie maar 'n sensitiewe terapeut sal volgens navorsers se mening gou daarvan bewus word en moet dan aandag daaraan gee. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 2000:166.)

3.3.7 "Topdog versus underdog"

Volgens Thompson en Rudolph (2000:169) is dit een van die mees algemene bipolariteite waarmee gestaltterapeute werk. Dikwels ondervind 'n persoon konflik oor wat hy behoort te doen ("topdog") en wat hy graag wil doen ("underdog"). Die "topdog" dikteer wat die persoon moet doen terwyl die "underdog" die individu manipuleer met verdediging en verskonings. Volgens navorsers se ervaring kan hierdie konflik ernstig (ek is baie kwaad vir my ma - ek is lief vir my ma) of minder ernstig (ek moet studeer - ek wil gaan tennis speel) van aard wees maar dit kan ook in die onderbewussyn lê, in die persoon se "grond". (Vergelyk Ramey, 1998:6.) Die gestalt "twee-stoel tegniek" het getoon dat dit effektief in die oplossing van hierdie intrapsigiese konflik kan wees. Die doelstelling van hierdie metode is om die twee opponerende dele van die psige te skei en 'n dialoog tussen die twee dele te fasiliteer. Onbewuste kennis kom op die wyse na die bewussyn. Die kontak tussen die

twee dele het die potensiaal om tot konflikoplossing te lei en verandering in die kliënt te bewerkstellig (Hallberg, 1998:151).

3.3.8 Polariteite

Volgens Ramey (1998:5) is elke aspek van 'n persoon deel van 'n dualiteit (byvoorbeeld emosioneel: liefde – haat) hoewel slegs een deel waarneembaar is. Daar is 'n neiging dat een deel van 'n polariteit in die voorgrond sal wees en sy antitese in die agtergrond, met ander woorde die persoon is van een deel van die polariteit bewus en van die ander deel onbewus. Bewustheid van beide polariteite verminder die kans dat een deel vashaak in sy onvermoë en onsigbaarheid. (Vergelyk <http://mentalhelp.net/psyhelp/chap15/chap15d.htm>.)

Navorsers se ervaring het getoon dat kinders veral emosionele polariteite ten opsigte van ouers in hulle lewe ervaar. 'n Kind uiter byvoorbeeld woede en self haat teenoor 'n vader. Tog weet die kind dat daardie persoon sy/haar pa is en is daar die antitese van lojaliteit en 'n liefdesgevoel aanwesig. Dit is dan die terapeut se taak om die kinderkliënt bewus van hierdie ander deel van die polariteite te maak. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 2000:112; Schoeman, 1996a:33-34 en Polster & Polster, 1973:62.)

3.3.9 Selfversorging

Volgens Oaklander (1997:298) moet die terapeut die kliënt/kinderkliënt help om 'n sterk sin van die eie-ek te ontwikkel aangesien dit hom sal help om sy verborge emosies te uiter. Bowendien sal die kind begin om goed en positief oor homself te voel. Perls het (soos hierbo aangedui) geglo dat elke mens die vermoë het om homself te aktualiseer en te onderhou. Volgens navorsers se mening maak hierdie beginsel gestaltterapie so geskik vir die opbou van die selfbeeld en het navorsers in haar navorsing gepoog om 'n sin vir die eie-ek by die kinders te ontwikkel.

3.3.10 Kontak

Gestaltterapie poog om die omvang en trefwydte van kontak tussen die persoon en die omgewing – ook die kontak tussen 'n persoon se innerlike en uiterlike en tussen die kliënt en terapeut uit te brei. Dit poog byvoorbeeld om kliënte se bewustheid van oordrag, soos wanneer die terapeut 'n kinderkliënt aan sy/haar ma of pa herinner en dan sy negatiewe gevoelens ten opsigte van die ouer op die terapeut oorplaas, as 'n kontakversteuring te herken (Congress, 1995:1118).

3.3.10.1 Tipes disfunksies of kontakgrensversteurings

Oaklander (1997:294) omskrywe kontak as volg: “Contact involves having the ability to be fully present in a particular situation with all the aspects of the organism – senses, body, emotional expression, intellect – ready and available for use. Children who have troubles, who are worried and anxious, frightened, grieving, or angry, will armor and restrict themselves, pull themselves in, cut parts of themselves off, or inhibit healthful expression”.

Verskeie skrywers (Thompson & Rudolph, 2000:111-112; Polster & Polster, 1973:71; Swanson & Lichtenberg, 1998:5-16; Congress, 1995:1119 en Oaklander, 1993:283-284) maak melding van die volgende kontakversteurings wat kan voorkom, naamlik:

3.3.10.2 Introjeksie behels dat inligting vanuit die omgewing kritiekloos aanvaar word.

Ouerlike boodskappe word dikwels geïntrojekteer en lei tot die kind wat vir homself sê, “Ek moet”, “Ek behoort”. Die taak van die terapeut sou wees om die kinderkliënt te help om ‘n persoonlike stem buiten die ouerlike stem te ontwikkel.

Navorsers is van mening dat nie net die ouerlike stem nie maar ook ander stemme/ boodskappe vanuit die samelewing soos ‘n kinderskool, die skool, kerk, maats en media deur die individu/kind geïntrojekteer word en dit kan lei tot negatiewe idees omtrent die self (sien 2.3.2.1).

3.3.10.3 Projeksie. In tradisionele psigoanalise word met projeksie bedoel dat die individu onaanvaarbare aspekte van sy persoonlikheid verwerp en dit aan ‘n ander toeskrywe.

Gestaltterapeute beskou projeksie as ‘n kontakversteuring en dat mense belangrike dele van hulle persoonlikheid verloor deurdat hulle dit ontken of verwerp het en nou aan ander toedig. Hierdie versteuring neem mag van die individu weg en gee die omgewing uitermate kontrole oor die eie-ek (Congress, 1995:1119).

Navorsers meen dat individue projekteer in ‘n poging om hulself te beskerm teen onaangename en negatiewe aspekte omtrent hulleself. Wat egter nie besef word nie is dat jy nie jou “foute” kan aanspreek of hanteer indien jy nie bewus daarvan is nie en dit aan ander toedig.

3.3.10.4 Retrofleksie is wanneer persone aan hulself doen wat hulle graag aan ‘n ander wil doen of wanneer hulle aan hulself doen wat hulle graag wil hê ander moet aan hulle doen.

Congress (1995:1120) meld dat gestaltterapeute besorg is wanneer hierdie funksie oordryf word. As voorbeeld kan genoem word die kliënt wat in ‘n nie-versorgende, neerdrukkende

omgewing grootgeword het, kan glo dat hy en hy alleen vir sy eie ondersteuning en versorging verantwoordelik is en nooit uitreik na ander mense nie.

Navorsers maak die afleiding dat hierdie versteuring veral by kinderhuiskinders, wat dikwels op hulself aangewys is, kan voorkom.

3.3.10.5 Samevloeiing kom volgens Glinnwater (2000:930) voor wanneer die kliënt voorgee dat daar geen verskil tussen twee individue (ook homself en 'n ander) of sisteme bestaan nie en die ooreenkomste liever beklemtoon. Dit mag in 'n huwelik gebeur wanneer beide partye probeer om die status quo te handhaaf ten spyte van ongelukkigheid of verveling. 'n Gestaltterapeut sal sodanige kliënt meer bewus probeer maak van die verskille in die sfeer van sy bewussyn.

3.3.10.6 Defleksie vind plaas wanneer 'n persoon ongemak in homself hanteer deur kontak te verbreek, deur byvoorbeeld oogkontak te verbreek of humor te gebruik wanneer inligting te naby aan hom kom. Hy kaats dus op 'n ontoepaslike wyse inligting van homself af weg. So 'n persoon sal van die oortuiging wees dat 'n probleem niks met hom te make het nie en 'n "dit traak my nie" houding aanneem.

Navorsers ervaar sodanige houding dikwels by kinderklieënte wat skielik belangstelling in 'n projeksiespeletjie verloor wanneer hulle nie kans sien om verantwoordelikheid vir hulle aandeel in 'n probleem te aanvaar nie. (Vergelyk O'Leary, 1992:17-18.)

Navorsers is van mening dat die terapeut tydens terapie voortdurend die beginsels, konsepte en kontakgrensversteurings van gestaltterapie in gedagte moet hou en die nodige toepassing moet maak. Hierdie proses is moeilik en vereis oefening en ervaring. Daar is ook fases in die terapie waarna nou gekyk sal word.

3.4 TERAPEUTIESE FASES

Thompson en Rudolph (2000:143) onderskei vyf fases van terapie (wat met die vyf lae van neuroses by die mens ooreenkom):

3.4.1 Die valse laag

Baie mense is vasgevang deur te probeer wees wat hulle nie is nie. Hierdie stadium van die terapie word deur baie konflikte in die kliënt gekenmerk. Volgens navorsers se mening word die "valsheid" deur gebrek aan kennis (onbewustheid) van die ware self in stand gehou.

3.4.2 Die fobiese laag

Namate kliënte van hulself en hul valse speletjies bewus raak, word hulle bewus van hul vrese wat hierdie speletjies of “voorgee wat hulle nie is nie” in stand hou.

3.4.3 Die impasse (dooie punt) laag

Hierdie laag word gekenmerk deur kliënte se weiering en weerstand om voort te gaan met die terapie. Volgens Ramey (1998:5) beskou die gestaltterapeut weerstand as ‘n teken van ‘n kreatiewe mag wat in die kliënt teenwoordig is en behoort die terapeut saam met die kliënt die sterkte en funksie van die weerstand te eksplorieer. Navorsers meen dat bewustheid van pynlike realiteite ook kan bydra tot hierdie fase van die terapie. Navorsers het byvoorbeeld ervaar dat ‘n seuntjie met wie sy ‘n goeie verhouding gehad het tydens ‘n “pynlike” bespreking aan haar gesê het dat dit nie meer vir hom lekker by haar is nie.

3.4.4 Die implosiewe laag

Indien kliënte deursettingsvermoë toon, (en deur die terapeut ondersteun word) kan hulle deur die impasse laag beweeg en bewus raak van hulself, ook hul sterktes en begin om met nuwe gedrag te eksperimenteer.

3.4.5 Die eksplosiewe laag

Indien eksperimentering met nuwe gedrag suksesvol is, bereik mense die eksplosiewe laag waar hulle baie energie, wat deur die instandhouding van ‘n valse bestaan (vergelyk die valse laag) nodig was, tot hulle beskikking het.

Volgens navorsers moet die terapeut voortdurend die terapeutiese proses evalueer en bepaal waar die kliënt hom ten opsigte van die terapeutiese fases bevind. Sodoende kan die terapeut sy eie vordering en die termineringstyd evalueer en bepaal.

Daar is verder verskeie tegnieke, wat die terapeut kan gebruik om hom in sy taak behulpzaam te wees, waarna vervolgens gekyk gaan word.

3.5 GESTALTTERAPEUTIESE TEGNIEKE

Volgens Passons (1975:31) moet die tegnieke wat ‘n terapeut gebruik, kongruensie met sy persoonlikheid toon. Die terapeut wat gestaltterapie verkies, verkies gewoonlik aksie bo passiwiteit, erken die bestaan van mag, maar het dit nie nodig vir persoonlike bevrediging nie. Verder tree die terapeut met fermte en selfversekerdheid op, geniet improvisasie

eerder as om 'n vaste plan met terapie te volg, is nie uitermate bang vir emosionele uitbarstings nie en kan sy eie emosionele reaksies gebruik sonder vrees.

3.5.1 Tegnieke om huidige tyd bewuswording te fasiliteer.

(Passons, 1975:46-72).

3.5.1.1 Sensoriese bewuswordingsoefeninge (veral met kinders).

Sensoriese bewuswording deur middel van sy sintuie bring die kind terug na homself en maak hom bewus van homself, ander en sy onmiddellike omgewing (Oaklander, 1988:109). Daar is 'n menigte sodanige oefeninge wat met kinders gedoen kan word - hier volg net 'n paar soos aangedui deur Oaklander (1988:109-135); loer deur vingers, voer sekere handeling agter kinders se rûe uit (hulle hoor net wat gedoen word) en hulle moet raai wat gebeur, gebruik verskillende toegedraaide botteltjies, maak hulle vol met verskillende reukinhoud, laat die kind daaraan ruik en raai waarmee die botteltjies gevul is, maak 'n houër vol van verskillende voorwerpe, laat die kind sy hand daarin steek en net met behulp van die tassintuig beskrywe waaraan hy vat, gee aan die kind 'n bord met verskillende kosse, hy moet daaraan proe en vertel of hy daarvan hou en waaraan dit hom herinner.

3.5.1.2 “Nou is ek bewus van...” Die kliënt word aangemoedig om op 'n vloeiende wyse te sê; “Nou is ek bewus van...”

3.5.1.3 “Waarvan is jy nou bewus?” Aan die kliënt word gevra, “Waarvan is jy nou bewus terwyl jy my van hom vertel?”; “Kan jy nou bewus wees van wat jy doen terwyl jy so sit?”. Glinnwater (2000: 94) maak ook melding van die gebruik van oordrywing – indien 'n kliënt iets goed omtrent homself gesê het, kan die terapeut hom vra om dit te herhaal en wel op 'n spoggerige manier. Navorsers het al vir 'n kinderkliënt gevra om hardop te herhaal wat hy gesê het met handbewegings soos van 'n gewigopteller, byvoorbeeld: “Ek is dapper!”

3.5.1.4 Taalbenaderings. (Volgens navorsers se mening baie nuttig om met kinders te gebruik).

Verandering van “dit” na “ek” byvoorbeeld; “Dit is verveelig hier vandag” na “Ek is vandag verveeld.”

Verandering van “'n mens” na “ek” byvoorbeeld; “'n Mens hou nie van teken nie” na “Ek hou nie van teken nie.” Verandering van “ons” na “ek” byvoorbeeld; “Ons word altyd by die kindershuis vertel wat om te doen” na “Ek word altyd by die kindershuis vertel wat om te doen.”

Verandering van werkwoorde soos “kan nie” na “wil nie” byvoorbeeld; “Ek kan nie

onthou nie” na “Ek wil nie onthou nie.” Verandering van “ek moet” na “ek wil” byvoorbeeld; “Ek moet in die span kom” na “Ek wil in die span kom.”

3.5.1.5 Taalintervensies waarop die terapeut ten opsigte van homself moet let

(Ramey, 1998:5 en Passons, 1975:92-99).

Terapeut moet liever “Hoe” en “Wat” in plaas van “Hoekom” vra byvoorbeeld; “Hoekom kom jy altyd in die moeilikheid?” na “Dit lyk asof jy dikwels in die moeilikheid kom, wat doen jy om dit reg te kry?” Die kliënt praat net aaneen en onsamehangend. Vra; “Jan, hoor jy wat jy sê?” of “ Jan, luister jy na wat jy sê?” “Wat hoor jy?”

Die weglaat van kwalifiseerders. Volgens Passons (1975:95) is kwalifiseerders woorde wat deur kliënte gebruik word om ambivalensies in besluite te hanteer. Die kliënt sê: “Ek veronderstel dit is die regte ding om te doen.” Vra die kliënt om die sin te herhaal sonder die “veronderstel.”

3.5.1.6 Nie-verbale gedrag. Dit is die taak van die terapeut om die kliënt van nie-verbale gedrag bewus te maak. Tydens ‘n sessie met ‘n kind het navorser op een stadium aan die kind gevra om iets goeds omtrent die kinderhuis te teken. Die kinderkliënt het niks gesê nie maar haar mond skeef getrek. Terapeut het aan haar gesê: “Ek sien jy trek jou mond skeef, beteken dit dat jy nie van die kinderhuis hou nie?”

3.5.1.7 Fantasia intervensies. Baie van die gestalttegnieke maak van fantasie gebruik wat dan ‘n appèl tot die kliënt se verbeelding rig. Selfs rollespel, die leë-stoel-tegniek en die “topdog-underdog”-tegniek (sien 3.3.) vereis dat die kliënt van fantasie gebruik moet maak. Volgens navorser se mening kan dit veral met groot vrug met die kinderkliënt gebruik word want dit gaan gewoonlik met groot pret gepaard.

3.5.1.8 Dialoë is veral produktief waar daar tweespalk binne die persoon teenwoordig is. Die “topdog-underdog” intervensie wat hierbo beskrywe is (sien 3.3.) behels ook ‘n dialoog wat gevoer word.

3.5.1.9 Die verlede en die toekoms. Getrou aan die beginsels van gestaltterapie moet die terapeut die kliënt help met “presentizing” deur hom byvoorbeeld ‘n traumatiese gebeurtenis wat met hom gebeur het in die huidige tyd, asof die gebeurtenis tans plaasvind, oor te laat vertel.

3.5.1.10 “Unfinished business” Soos reeds vermeld (sien 3.3.) is laasgenoemde onafgehandelde sake in die persoon se verlede. Die terapeut kan die volgende oefening doen: “Verbeel jou die persoon sit nou voor jou, vertel hom wat jy van sy optrede dink.” Dieselfde tipe intervensie kan ten opsigte van iets in die toekoms wat die kliënt vrees, gedoen word.

3.5.1.11 Benaderings ten opsigte van emosies. Volgens Passons (1975:184) wil die persoon wat sê dat hy nie iets voel nie, eintlik sê dat hy nie sterk emosie voel nie. Gevoelens van lae frekwensie word deur menigte mense ignoreer. Die terapeut moet poog om hierdie emosies wat op die grens van die bewussyn lê, saam met die kliënt te identifiseer.

Voorbeelde: “Ek voel nie eintlik iets nie.” Terapeut: “Wat van ‘n klein gevoel?”

3.5.1.12 Polariteite. Hier volg ‘n voorbeeld volgens navorsers se eie ervaring: ‘n Kinderkliënt kan kla dat die kinderhuistannie te kwaai is met haar. Die kind word dan gevra om met behulp van fantasiewerk dit aan die tannie oor te dra. Daarna vra die terapeut aan die kind of daar nie iets is wat die tannie doen waarvan sy hou nie. Sy word dan gevra om dit ook aan die tannie oor te dra.

3.5.1.13 Droomwerk.

Volgens France, Honore & Allen (1993:2) interpreteer en analiseer gestaltterapeute in teenstelling met die psigoanaliste nie drome nie. Eerder is dit hulle voorneme om die droom “tot lewe” te bring, die droom te herskep en te laat herleef asof dit nou plaasvind. Die droom word nie vertel nie maar word in die huidige tyd uitgespeel. Gestaltteorie beweer dat die verskillende dele van die droom ‘n projeksie van die individu is.

(Vergelyk Oaklander, 1988:145-1510 en <http://mentalhelp.net/psychhelp/chap15/chap15d.htm>.)

Soos hierbo aangedui is daar verskeie kreatiewe tegnieke wat die gestaltterapeut kan gebruik. Volgens navorsers se mening moet die terapeut egter versigtig wees om, in sy poging om die tegnieke te gebruik, nie sy kongruensie en egtheid te verloor nie en die tegnieke bloot meganies toepas.

Aangesien navorsers se empiriese studie met ‘n groep was, sal daar nou kortliks na gestaltgroepterapie gekyk word.

3.6 GESTALTGROEPTERAPIE

Oaklander (1988:285) huldig die mening dat 'n groep die voordeel het dat dit 'n soort veilige, klein wêreldjie vorm waar die kinderklënt sy huidige gedrag kan ervaar en met nuwe gedrag geëksperimenteer kan word. Groepwerk is die ideale omgewing vir kinders wat oefening met kontakvaardighede benodig. Sekere prosedures en tegnieke is veral bruikbaar in 'n groepopset. Wanneer 'n terapeut met een kind in die groep besig is, baat die res van die groep ook daarby, al is hulle net toeskouers. Volgens genoemde outeur is temas veral bruikbaar om in groepverband te gebruik, soos "dit is nie lekker in die kinderhuis nie."

Oaklander (1988:288) maak ook die volgende stelling: "How they experience each other and how they react and relate to each other in the therapy group openly displays their interpersonal relations in general."

Volgens navorsers se mening kan daar vrye kommunikasie tussen groeplede plaasvind, maar die terapeut moet sorg dat dit relevant en van waarde bly. Interaksie behoort nie die kwaliteit van die intervensie te benadeel nie.

Daar sal nou eers na 'n gestaltriglyn vir selfbeeldontwikkeling wat navorsers self opgestel het en daarna na spel terapie en al die fasette daarvan gekyk word.

3.7 'N GESTALTRIGLYN VIR SELFBEELDONTWIKKELING

Hoewel die fases van mekaar onderskei kan word, vind oorvleueling gedurende die terapie gedurig plaas.

I Beginfase

Fokus op kontakmaking en selfkennis

- 1) Assessering
- 2) Kontraktering
- 3) Bewusmaking van kontakfunksies
- 4) Selfkennis oefeninge
- 5) Identifisering van temas vir die middelfase

II Middelfase

Fokus op onvoltooidhede en polariteite en die uitdaging van introjekte met betrekking tot die selfbeeld

- 1) Voortgaande assessering
- 2) Voortgaande bewusmaking van kontakfunksies
- 3) Gebruik van projeksiemediums
- 4) Bewusmaking van emosies

- 5) Bewusmaking van polariteit
- 6) Bewusmaking van eie kragte

III Afsluitingsfase

Fokus op selfversorging en terminering van terapie

- 1) Normalisering van kind se onvoltooidhede
- 2) Bewusmaking van die iemand wat sorg
- 3) Voorbereiding van terminering
- 4) Terminering
- 5) Terugvoering aan die toepaslike, verantwoordelike ouer of instansie

3.8 SPELTERAPIE

Speltherapie is 'n redelike onlangse vorm van terapie wat in die VSA ontstaan het en steeds momentum kry. Verskeie outeurs (Cochran, 1996:2; Sigafos, 1999:148 en Johnston, 1997:103) meen dat beperkte verbale vermoëns veroorsaak dat onderhoudvoering en ander tegnieke dikwels nie aangewese is vir terapie met 'n kind nie. Speltherapeute sien spel as die kind se taal, met die simboliese aard daarvan as 'n plaasvervanger vir woorde. (Vergelyk Oaklander, 1988:160.)

Johnston (1997:104) verduidelik nie-direktiewe speltherapie waar geen poging aangewend word om die kind se begrip of gedrag te beheer of te verander nie, maar dat daar net gefokus word op die daarstelling van 'n terapeutiese situasie. Laasgenoemde gee die kind geleentheid vir ervaringe en dit maak verandering moontlik. Volgens navorser se insiens moet die terapeut as 'n fasiliteerder in die terapeutiese opset optree. Indien volkome vryheid aan 'n kind in die terapeutiese situasie gegee word, kan net sowel geargumenteer word dat die kind maar by die huis na hartelus kan speel en hy sal sy probleme "uitspeel". 'n Gebalanseerde benadering moet dus gevolg word waar nie-direktiewe spel in kombinasie met direktiewe spel gebruik kan word.

3.8.1 ASSESSERING VAN DIE KIND SE PROSES

Meyer (1993:1-2) maak die volgende stelling aangaande assessering: "Skillful and effective professional practice, no matter the model in use, cannot be carried out haphazardly, there has to be a framework, an anchoring process, that at the least guides the practitioner's choice of interventions, making the basis of this choice explicit and available to others' scrutiny. That framework can be assessment, a process that is necessary in all of science

and in all of professional practice....that rely upon interpreting the given data of a case to decide upon and chart the appropriate interventions.”

Assesseringsmetodes: (Vergelyk Kirby & Hardesty, 1998:3-11 en Sigafos, Roberts-Pennell & Graves, 1999:151.)

- 1) Onderhoudvoering. Die onderhoudvoering met die ouer en kind is gewoonlik die tegniek wat ten aanvang van die terapie gebruik word (Collins & Potgieter, 1996:122,125). Die aard van die probleem en die ouderdom van die kind sal bepaal of die onderhoud met die kind self gebruik sal word. Waarneming en 'n onderhoudskedule is volgens navorser se mening waardevolle hulpmiddels met onderhoudvoering.
- 2) Direkte waarneming. Dit is 'n baie direkte vorm van assessering (Yssel, 1997:6).
- 3) Gestandaardiseerde toetse. 'n Groot verskeidenheid gestandaardiseerde toetse bestaan om aspekte van kinders se funksionering te meet en word hoofsaaklik deur sielkundiges gebruik wat spesifiek daarvoor opgelei is. 'n Paar voorbeelde is: intelligensietoetse, persoonlikheidstoetse, vaardigheids- of opvoedkundige toetse en projektiewe toetse (Faul & Van Niekerk, 1998:89-98).

Vir die doeleindes van navorser se studie gaan, soos reeds vermeld, van 'n gestandaardiseerde vraelys van Perspektief Kollege in sake selfbeeld gebruik gemaak word.

- 4) Kontrolelyste. “Eyberg Child Behavior Inventory”, is 'n voorbeeld van sodanige lys.
- 5) Vraelyste. Laasgenoemde help met die insameling van sistematiese inligting, om 'n indruk te verkry van die graad en omvang van die aangemelde probleem en om deur periodieke voltooiing, die vordering van die kliënt te evalueer (Collins & Potgieter, 1996:125).
- 6) Spel. Speltherapeute sien spel as die kind se taal en die sogenaamde “play interview” as analoog van vrye assosiasie by die volwassene (Oaklander, 1988:160). Fantasie en projeksie is belangrik vir die verkryging van inligting en vir assessering (Schoeman, 1996b:64-65).

3.8.2 SENSORIESE BEWUSTHEID

Volgens Yssel (1997:65) kan 'n kind se bewussyn van sy omgewing verhoog word deur al vyf sinuities tydens spel op te skerp. Die kind wat sensories opgeskerp is en kontak kan maak, kan ook volgens genoemde skrywer makliker met sy emosies kontak maak en dit uitdruk. (Vergelyk Schoeman, 1996c:42; Oaklander, 1993:291 en 3.5.1.1.)

Aangesien die kinderhuiskind gewoonlik uit swak huislike omstandighede kom (sien 2.2.1.) en gewoonlik reeds met sy aankoms by die kinderhuis 'n gedepriveerde lewe gelei het, is navorser van mening dat sodanige kinders met spesiale sorg hanteer moet word en dat sensoriese bewustheidsoefeninge met elke terapeutiese sessie gedoen moet word.

Daar sal nou kortliks na elke sintuig verwys word en 'n paar oefeninge ter versterking van die bewuswording van sodanige sintuig sal vermeld word:

Tassintuig. Volgens Oaklander (1988:110) verskaf klei, vingerverf, sand, water en voetverf goeie taktiele stimulasie. Die outeur sorg met haar terapie dat daar genoeg verskillende voorwerpe met verskillende teksture beskikbaar is soos sandpapier, fluweel, pels, rubber, hout, klippe en skulpe en sy laat die kinders daaraan vat en 'n gesprek volg in verband daarmee. Soms word 'n kind geblinddoek en moet hy dan aan 'n ander kind se gesig raak en raai wie dit is. Navorser het in haar empiriese studie onder andere van hierdie tegniek gebruik gemaak.

Sig (sien) sintuig. Volgens Schoeman (1996c:43) is die sigsintuig die hoof-koördinerende sintuig en help dit die kind op 'n besondere wyse om die wêreld om hom te verstaan. Sy beveel aan dat die terapeut moet onthou dat helderheid en donkerte, beweging, vorm en kleur belangrike elemente is wanneer met hierdie sintuig gewerk word. Tear (in Schoeman, 1996c:43) lys die volgende oefeninge wat deur die terapeut gebruik kan word om die kind se visuele sensoriese persepsies te verbeter: loer deur die vingers, kyk deur 'n gekleurde lekkergoedpapiertjie, kyk deur 'n tuisgemaakte rooskleurige bril, kyk deur 'n papier met 'n gat daarin, kyk deur 'n vergrootglas of mikroskoop, speel met 'n spieël, kyk deur 'n verkyker aan beide kante, kyk deur 'n kaleideskoop en kyk deur 'n oktoskoop.

Gehoorsintuig. Schoeman (1996c:43) meld dat die baba reeds in die baarmoeder die klank van sy ma se stem en liggaamsklanke kan hoor. Soos kinders groot word, leer hulle om net te hoor wat hulle wil – 'n kind wie se ouers dikwels op hom raas en skel, sal later glad nie meer die ouer se stem nie hoor. Genoemde outeur beweer ook dat die kind wat nie kontak met klank het nie probleme sal ondervind om kontak met verbandhoudende emosies te hê.

Volgens navorser se mening is daar ook so baie geraasbesoedeling in die moderne tyd dat kinders en ook volwassenes in 'n poging om hulle daarvan te distansieer, dikwels hulle gehoorsintuig negeer en "doof" word – ook vir "goeie klanke." Hier volg 'n paar oefeninge wat die terapeut kan gebruik ter versterking van die bewussyn van die gehoorsintuig: laat

die kind neerskryf wat hy met 'n sekere klank assosieer, laat die kind verskillende huishoudelike voorwerpe teen mekaar slaan, laat die kind doodstil sit en luister hoeveel klanke hy kan hoor, die terapeut boots 'n klank na, die kind moet raai wat dit voorstel en dan die klank herhaal. Navorser het laasgenoemde oefening gevariërd in haar empiriese studie gebruik. Sy het agter die kinders se rug verskillende handeling met gepaardgaande klank uitgevoer wat die kinders toe moes raai wat dit was.

Reuksintuig. Oaklander (1988:119) beveel aan dat die terapeut met die kind oor die neus, neusgate en asemhaling en reuke sal praat en die kind sekere reukervaringe sal bied. Verskeie substansies word in houers geplaas en die kind moet dan daaraan ruik, kyk of hulle die reuk kan identifiseer en vertel wat vir hom die lekkerste en onaangenaamste reuke is. Die uitspraak van die kind se voor- en afkeure versterk die besef van die eie-ek.

Smaaksintuig. Die tong is 'n belangrike orgaan (behalwe dat dit die smaakkliere bevat, kan ons nie sonder die tong praat nie) en tog neem ons dit volgens Oaklander (1988:119) as vanselfsprekend aan. Sy eksperimenteer saam met kinders in verband met die tong se funksies (soos om verskillende smake aan die kind beskikbaar te stel en met hom daarvoor te gesels) sodat hulle meer bewus kan word van wat die tong alles doen.

Liggaamsbeweging. Volgens navorser se mening is die liggaam dié orgaan waarmee ons die wêreld betree, dit is wat ons medemens eerste van ons sien en oordele deur ander persone oor ons, word dikwels op grond van ons liggame gemaak. Liepmann (in Oaklander, 1988:127) meen dat kinestetiese persepsie 'n soort geïnternaliseerde tassintuig is. Oaklander (1988:127) beweer dat as ons vervreemd van ons liggame raak, ons ook van onself vervreemd sal raak. Daar is 'n menigte oefeninge in dié verband – die terapeut moet slegs kreatief wees.

3.8.3 PROJEKSIE

Buiten projeksie as kontakgrensversteuring (sien 3.3), kan projeksie as tegniek ook positief benut word. 'n Projeksie van 'n kind in speltherapie ('n tekening, verfprent of kleifiguur) kan iets van homself en sy omstandighede aan die spelterapeut toon (Yssel, 1997:68). Sy onvoltooidheid of voorgrondbehoefte kom na die oppervlak en dit kan deur die spelterapeut geëksploreer word.

Volgens Schoeman (1996b:64) breek 'n kind in projeksie sy grense af. Hy neem sy eie ervaringe en plaas dit op in 'n ander persoon of objek, die ander persoon of objek dien as 'n

soort videoskerm waarop die kind aspekte van homself wat hy nie kan hanteer nie projekteer – daarom is projeksie aan fantasie gekoppel. Dit is 'n manier om die realiteit na die persoon se wense te verander.

Projeksie in speltherapie word op verskillende maniere gebruik soos; projeksie in die gebruik van begeleide fantasie en verbeelding, in die gebruik van boeke of die skep van stories, werk met miniatuur diertjies, gebruik van klei, teken of verf, gebruik van handpoppe, projeksie met behulp van die sandbak, projeksie in drome en projeksietoetse. Die hantering van 'n projeksie word volgens Oaklander (1988:53-56) met die volgende veertien stappe gedoen:

- Laat die kind sy ervarings en gevoelens toe hy met die skepping besig was, met jou deel.
- Laat die kind die gehele skepping met jou deel en in sy eie woorde beskrywe.
- Moedig die kind aan om op die verskillende dele van sy skepping uit te brei.
- Vra die kind om die skepping te beskryf asof hyself die skepping is.
- Kies sekere aspekte van die skepping waarmee die kind kan identifiseer en dit aan jou beskrywe asof hy daardie deel is.
- Stel vrae aan die kind om die proses aan die gang te kry.
- Indien die terapeut bemerk dat daar 'n opgewondenheid of 'n gebrek aan energie ten opsigte van sekere dele van die skepping aanwesig is, fokus die kind se aandag daarop en versterk sy bewustheid daarvan.
- Laat die kind 'n gesprek tussen twee dele (teenoorgesteldes) van die skepping voer.
- Moedig die kind aan om aandag aan kleur te skenk.
- Let op na leidrade in die kind se nie-verbale taal en gee terugvoering daarvoor aan die kind.
- Werk met identifikasie. Help die kind om dit wat oor die skepping gesê is, te besit byvoorbeeld: "Voel jy ook so?"
- Bring die skepping in verband met die kind se eie belewenis of onvoltooidhede. Vra byvoorbeeld: "Is daar 'n ooreenkoms met jou eie lewe?"
- Soek na ontbrekende dele in die skepping en skenk aandag daaraan.
- Bly by die kind se voorgrond.

Volgens navorser se mening vereis die eksplorering van 'n kind se projeksie ervaring, wysheid en voorafkennis van 'n kind se omstandighede, dit moet met versigtigheid benader word en die terapeut moet nie interpreteer nie. Wanneer sy/hy dit met die kind bespreek moet die terapeut sensitief wees vir die nie-verbale gedrag van die kind. Hoewel bewust-

heid deur die terapeut nagestrewende word, meen navorser dat 'n te "harde kennismaking met die werklikheid" soms te oorweldigend vir 'n kind kan wees.

Daar is 'n wye verskeidenheid van speltegnieke waarvan 'n terapeut gebruik kan maak en daar gaan nou kortliks daarna gekyk word.

3.8.4 VORME VAN SPEL OF SPELTEGNIKE

Daar gaan nou na die spesifieke speltegnieke wat navorser in haar empiriese studie gebruik het, gekyk word:

3.8.4.1 Gedramatiseerde spel.

Van der Merwe (1996c:128) meen dat gedramatiseerde spel aan die kind die geleentheid gee om te groei deur situasies uit te speel en in 'n veilige, nie-bedreigende omgewing 'n situasie te dramatiseer. Sy is ook van mening dat die terapeut die kind se situasie en konteks goed moet ken en innoverend moet wees alvorens sy die intervensie suksesvol sal kan gebruik. Vorme van gedramatiseerde spel is rolspel, die "praat-voel-en-doen speletjie", gedramatiseerde, terapeutiese kommunikasie, poppe, handpoppe en papierpoppe, telefoonspel en maskers. Handpoppe, poppe en sagte speelgoed asook rolspel sal nou van nader bekyk word. (Vergelyk Yssel, 1997:74.)

3.8.4.1.1 Handpoppe, poppe en sagte speelgoed. Handpoppe kan handgemaak of gekoop word (Thompson & Rudolph, 2000:389). Oaklander (1988:108) beweer dat kinders dit geniet om verskillende soorte poppe te maak, daarom kan die maak van poppe by die terapeutiese proses geïnkorporeer word. Daar is verskeie tipes poppe naamlik vingerpoppe, dierpoppe, marionette, skadupoppe, stokkiespoppe en handskoenpoppe. Die poppe wat gekies word, behoort simbolies met die probleme van die kind ooreen te kom (Thompson & Rudolph, 2000:389 en Collins & Potgieter, 1996:124). Beide realistiese en onrealistiese poppe behoort deel van die terapeut se versameling uit te maak. Yssel (1997:75) is van mening dat die gebruik van handpoppe in terapie berus op die beginsel dat die kind sy gevoelens omtrent gebeure of konflikte in sy lewe op die handpoppe projekteer. Die proses behels dat die spelterapeut en die kind die gevoelens van die handpop bespreek – gevoelens wat in der waarheid die gevoelens van die kind is wat hy nie as sy eie wil of kan erken nie. (Vergelyk Johnston, 1997:106.) Navorser het bevind dat die gebruik van 'n handpop met toepaslike "stem" met die vertel van 'n verhaal soos Hansie en Grietjie fassinerend en meer werklikheidsgetrou vir kinders is en dat hulle inlewing in die verhaal katarsis meebring.

3.8.4.1.2 Gedramatiseerde rollespel as medium.

Van der Merwe (1996c:130) beweer dat rollespel gedurende terapeutiese besprekings gebruik kan word. Die kind kan homself speel of die rol van een van sy ouers aanneem of enige ander relevante persoon. Rollespel is veral van waarde waar rolgedrag ingeoefen moet word. 'n Terapeut kan byvoorbeeld verskeie hipotetiese situasies beskrywe om 'n probleem op te los, die kind kies dan die situasie waarmee hy die beste kan identifiseer en speel dit uit.

Navorsers het al 'n hoftoneel met 'n verkragterslagoffer "ingeoefen" waar die klient al die toepaslike rolspelers van klei gemaak het en daarna elke persoon se optrede en spraak "ingeoefen" het. Waar nodig het navorsers die toepaslike leiding gegee – die doel met die oefening was om die vrees en onbekendheid wat die hofsituasie vir die klient gehad het, te dekonstrueer.

3.8.4.2 Skeppende spel

Skeppende spel behels vindingrykheid en manifesteer in verskillende kunsvorme en handvaardighede. Van der Merwe (1996d:138) is van mening dat dit nie vir alle kinders aanneemlik is nie – waarskynlik afhange van hul kreatiewe talente al dan nie.

3.8.4.2.1 Teken as vorm van skeppende spel. 'n Tekening moet gesien word as 'n gedeeltelike verteenwoordiging van die kind se wêreld en moet geassesseer word tesame met dit wat bekend is van die kind (Johnston, 1997:107). Volgens Geldard & Geldard (1997:120) nooi teken die kind uit om te eksploreer, te eksperimenteer en te speel. Die medium laat die kind toe om sterk stellings te maak in aanvaarbare vorme. Dit stel die kind in staat om met negatiewe gevoelens te eksperimenteer en dit te ervaar. Die kind kan ook op 'n aanvaarbare wyse destruktief wees soos om die tekening op te skeur of oor dit te krap, sou die kind dit wou doen. Teken is simboliese taal en kinders wat nie in staat is om oor wense en behoeftes in hulle lewe te praat nie, kan dit deur middel van teken of verf doen. (Vergelyk Collins & Potgieter, 1996:125; Willemsen & Anscombe, 2001:339-342 en Gregorian, Azarian, DeMaria & McDonald, 1996:1-13.)

Navorsers se ervaring met teken as vorm van skeppende spel, veral verfwerk, was dat kinders op enkele uitsonderings na hulle met oorgawe en genieting daaraan oorgegee het en die een tekening na die ander wou maak.

3.8.4.2.2 Kleispiel as vorm van skeppende spel. Cass soos aangehaal deur Van der Merwe (1996d:146-147) sien klei as 'n primitiewe speelmedium in dieselfde kategorie as water, grond, modder en sand. Dit is 'n aanvaarbare medium waardeur gevoelens van aggressie en vyandigheid ontlaai kan word. Oaklander (1988:67) vermeld dat klei as gevolg van sy buigzaamheid en hanteerbaarheid haar gunsteling medium is en vir verskeie doeleindes aangewend kan word. Van der Merwe (1996d:147) lys die volgende voordele van kleispiel:

- Die kind kan klei gebruik om sy situasie te verander en te vorm soos hy graag wil. Soos die kind die klei vorm na sy wil, ontwikkel die kind die begeerte om iets positief aan sy eie situasie te doen,
- deur middel van klei kan die verhoudings van belangrike persone in die kind se lewe uitgebeeld word. Deur figure van mense te vorm en te hanteer, kan die kind verhoudings deurleef en gevoelens ontlaai,
- kleispiel help die kind om te ontspan,
- dit is nuttig vir gevoelsontlading veral by die stil kind met swak verbale vermoëns,
- deur klei te brei, ontlaai die kind gevoelens van aggressie,
- deur middel van klei kry die kind 'n geleentheid tot regressie.

3.8.4.3 Bibliospel / Biblioterapie

- Biblioterapie is terapie wat met behulp van die geskrewe media/leesstof gegee word. Volgens Nichol & Scheffer (1994:12) kan biblioterapie as die proses waartydens 'n dinamiese interaksie tussen die persoonlikheid van die leser en die leesstof plaasvind wat aangewend word vir persoonlikheidsevaluasie, persoonlike groei en aanpassing. Sommige kinders geniet dit om te lees of om aan voorgelees te word. Geldard & Geldard (1997:135) meen die belangrikste is dat soos stories ontvou, ontwikkel verskillende temas en die karakters in die stories reageer met spesifieke gedrag, emosies en gedagtes. Wanneer 'n kind na 'n storie luister, identifiseer hy met 'n karakter in die storie, en wanneer dit gebeur, is dit vanselfsprekend dat hy dit op sy lewe gaan reflekteer. Deur dit op sy lewe van toepassing te maak, kry die kind die geleentheid om deur sy eie emosies en gedagtes te werk wat van toepassing is op sy lewe.

Tegnieke wat met bibliospel of terapie gebruik kan word is: die gebruik van stories, die fantasieverhaal, die metafoor, gebruik van die lewensboek, gebruik van gedigte, tydskrifte, prente, briewe, strokiesprente en dagboeke.

(Vergelyk <http://mentalhelp.net/psyhelp/chap15/chap15f.htm>.)

3.9 SAMEVATTING

Navorser vind aansluiting by die eksistensiële, filosofiese onderbou van gestaltterapie aangesien sy van die oortuiging is dat 'n mens nie die blote slagoffer van jou omstandighede is nie maar proaktief op lewensomstandighede kan en moet optree en altyd die vermoë besit om bo negatiewe lewensomstandighede uit te kan styg.

Verder is navorser die mening toegedaan dat gestaltterapie 'n unieke, interessante en dinamiese vorm van terapie is wat weens die onmiddellikheid en "ondervindinglike" aard daarvan kragtig is om verandering by die kliënt te bewerk. Volgens navorser se mening "leer" kliënte meer deur 'n probleem en emosies in verband daarmee onmiddellik te "ervaar" as om eindeloos te intelektualiseer oor die moontlike oorsake van die probleem. Proefondervindelik het navorser egter al ervaar dat die konfronterende aard van gestaltterapie baie versigtig hanteer moet word aangesien kliënte met min egokragte dit as bedreigend kan ervaar. Selfs verwysing na die nie-verbale gedrag van kliënte moet met groot empatie hanteer word. Die gevaar bestaan verder dat die verskillende tegnieke van gestaltterapie bloot op 'n meganiese wyse toegepas kan word.

Navorser dink dat spelterapie met die verskillende mediums wat gebruik kan word 'n wonderlike geleentheid aan kinders kan bied om uiting aan hulle dikwelse ontstellende emosies te gee, verder verkry die gewoonlik weerlose kind (veral in groepsverband) insig en versterking betreffende emosionele aangeleenthede. 'n Groep kan die individuele kind ook bemagtig, aanmoedig en bystaan om tot selfinsig te kom en help om sy interpersoonlike verhoudinge te verbeter. Navorser glo dat die terapie altyd ten laaste bemagtigend en egoversterkend vir die kind moet wees want hy moet uiteindelik die lewenspad verder alleen aandurf.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSBEVINDINGS

4.1 INLEIDING

Die empiriese gegewens wat in die studie verkry is, word in hierdie hoofstuk bespreek. In die begin word daar vir duidelikheid 'n beknopte gesinsgeskiedenis van elke respondent wat by die studie betrek is, gegee. Daarna word elke byeenkoms soos dit plaasgevind het, afsonderlik bespreek. Die doelstelling van elke byeenkoms, die verloop daarvan en die assessering en evaluasie van elke respondent se proses, onvoltooidhede, selfbeeldmanifestasie en emosionele uitdrukking (soos navorser die kennis volgens die kwalitatiewe navorsingsmetode bekom het) word daarna weergegee.

Aan die einde van die hoofstuk word die groepsresultaat en die individuele resultate van elke respondent na aanleiding van Perspektief Kollege se Selfbeeldtoets voor en na toetsing grafies voorgestel en deur die navorser bespreek. Perspektief Kollege noem sodanige toets die Selfpersepsietoets, daarom sal hierdie twee terme soms afwisselend gebruik word.

*Ses dogters in die middelkinderjare is vir agt gestaltspelterapeutiese groepsessies (twee per week) betrek. Elke sessie het ongeveer twee uur geduur. Navorser het die respondente telkens per motor by die kindershuis gaan haal en weer terugbesorg. Navorser het van die standpunt uitgegaan dat die sessie begin het die oomblik wat al die respondente in die motor was tot wanneer die laaste een uit die motor geklim het.

4.2 Beknopte gesinsgeskiedenis van die onderskeie respondente (skuilname word regdeur gebruik).

Cilda 9 jaar

Cilda is die jongste kind (het 'n ouer boetie) en haar biologiese vader is oorlede. Na die vader se dood het die moeder en kinders aanvanklik 'n ietwat nomadiese bestaan gevoer, totdat hulle hul in Wolmaranstad gevestig het. Hier het die moeder baie lang ure teen 'n lae besoldiging in 'n kafee gewerk. Die moeder het op die oomblik 'n leefmaat wat haar al erg aangerand het en ook al met 'n gesinsmoord gedreig het. Op 'n stadium is die moeder in die Witrand- en Tsepongshospitale vir psigiatriese behandeling opgeneem. Tans bly sy in 'n huis vir haweloses in Klerksdorp. Haar leefmaat het tans 'n werk maar hul inkomste is beperk. Volgens die ander inwoners van die huis wat ook kliënte van Geestesgesondheid is, gaan dit tans goed met die moeder want sy gebruik haar medikasie gereëld. Cilda het

die Desember/Januarie vakansie nie by haar moeder deurgebring nie want daar was nie lewensmiddele nie. Tydens die Maart/April vakansie het alles goed verloop.

Volgens die maatskaplike werker van die kinderhuis is Cilda 'n vrolike, vriendelike dogtertjie, en lyk dit amper asof sy met goeie gedrag probeer om vir pyn binne in haar te kompenseer. Nog nooit is enige voorvalle/insidente van normale "stoutighede" of konflik rapporteer nie.

Hanna 9 jaar

Hanna se ouers is geskei. Daar is vier kinders. Die moeder en die man met wie sy saamleef het op 'n stadium die kinders gehad. Daar was beweringe dat die leefmaat die kinders onbehoorlik gedissiplineer het en die beweringe is deur die KBE van Rustenburg ondersoek. Op grond van die beweringe was die kinders (al vier) by die paterne familie in plek van veiligheid gewees maar as gevolg van verdragings met die uitbetaling van die gelde het die familie gevra dat die kinders verwyder word. Die plek van veiligheidsbevel is gewysig na die kinderhuis. Die vader is enkel maar het 'n vaste vriendin. Hy is 'n leerlingpastoor en boer saam met 'n prokureur. 'n Vete is op die oomblik aan die gang tussen die moeder en vader oor die toegang van die moeder tot die kinders. 'n Hofsaak is ook nog aan die gang, blykbaar om die moeder haar voogdyskap te ontnem. Die vader kry 'n ongeskiktheidstoelaag want hy het sy oog in die Weermag verloor. Die vader kry die kinders elke tweede naweek. Sy verloofde wat glo nogal 'n moederlike tipe is, het die afgelope aantal maande twee beroerte aanvalle gehad en is tans gedeeltelik verlam. Tans is daar geen werklike kontak met die moeder nie alhoewel sy binne sigafstand van die vader woon. Die maatskaplike werker het die idee dat beide ouers probeer om mekaar te benadeel. Sy rapporteer dat Hanna stil is, geneig om eenkant te wees maar dat sy wel maats het. Sy is veral baie geheg aan die twee boeties wat ook in die kinderhuis is. Sy kom skaam voor en sal nie sommer uit haar eie gesels nie. Sy is geneig om by onderonsies betrokke te raak. Sy speel netbal en is lief vir dans en sing. Sy is spontaan wanneer sy 'n verhouding met iemand het. Sy het glo min deursettingsvermoë en volg graag haar eie kop. Daar is by haar die voortdurende behoefte om by die vader terug te wees en die maatskaplike werker is van mening dat die vader hierdie verwagting skep. Die kinderhofverrigtinge is nog nie afgehandel nie.

Fransie (Hanna se ouer sussie, 11 jaar)

Fransie se geskiedenis is dieselfde as haar sussie, Hanna s'n.

Die maatskaplike werker beweer dat Fransie 'n gelykmatige geaardheid het. Sy kan mooi sing en het 'n pragtige stem. Sy is traag om haar skoolwerk te doen en ook haar ander pligte na te kom. Sy praat maklik oor die gebeurtenisse en belewinge tuis en in die verlede.

Sy het 'n meer positiewe beeld van haar vader as van haar moeder. Sy wil veral niks met haar moeder se leefmaat te doen hê nie. Sy tree as 'n regte moedertjie op en loop graag met haar boetie op haar heup rond. Sy is baie spontaan en gesels graag. Sy wil ook graag 'n verhouding met die Here hê en huil maklik. Sy speel netbal, het nie veel selfvertroue nie maar toon wel 'n bietjie leierskapeienskappe.

Tarina 7 jaar

Die gesin het 'n nomadiese bestaan gevoer. 'n Boer van die omgewing het hom oor die gesin ontferm en aan die vader 'n werk en behuising gegee. Daar het probleme ten opsigte van die werkverhouding ontstaan, die vader is afgedank en die hele gesin (vier kinders waarvan die jongste 'n baba was) het geen heenkome gehad nie. Die ouers het ook nie hulle verantwoordelikhede ten opsigte van die behuising nagekom nie en daar was verwaarlosing. Die vader is baie aggressief en die moeder en kinders blyk bang vir hom te wees. Die verwydering was traumaties want die moeder en vader wou met die kinders vlug. Die SAP-honde het hulle dieselfde aand opgespoor. Daar was 'n eerste plek van veiligheidsplasing by 'n privaat gesin wat misluk het. Die gesin se eie kinders het glo "aangesteek" by Tarina-hulle wat woelig en ongedissiplineerd was. Die plek van veiligheidsplasing ten opsigte van Tarina en haar boetie is na die kinderhuis gewysig. Die ander twee sussies van drie jaar en een jaar is by 'n privaat gesin geplaas. Die ouers was tydens die wysiging van die plek van veiligheidsbevel in die Wolmaranstad-omgewing woonagtig. Kort voor die Maart/April-vakansie het die vader werk by 'n vakansieoord te Krugersdorp gekry. Die vader is die algemene nutsman en die moeder werk in die kombuis. Die kinders was vir die Paasnaweek by die ouers en het sedertdien weer tweemaal by hulle gekuier.

Tarina eet uitermatig baie. Haar onderwyseres bevestig dat as sy lusteloos raak, 'n mens haar net 'n stukkie brood moet gee. Haar onderwyseres dink verder dat Tarina intelligent is. Sy doen getrou haar huiswerk. Sy huil maklik en het veral hartverskeurend gehuil na die eerste besoek aan die sussies en die plek van veiligheidmense. Onderliggende aggressie kruip soms uit. Sy is baie afhanklik van drukkies en soentjies en om raakgesien te word.

Christa 8 jaar

Haar ouers is op 'n diefstalklag gearresteer toe Christa 'n peuter en haar boetie 'n baba was. Die kinders was fisies verwaarloos met geen waarneembare bestaansmiddele nie. Die ouers het geen lewens- en ouerskapsvaardighede getoon nie. Die kinders is toe tydelik by 'n kinderlose SAP-lid en sy vrou geplaas en later in hul wettige pleegsorg. Die egpaar se huwelik het egter misluk en die vrou het die gesin verlaat toe Christa ongeveer vyf jaar

oud was. Die kinders is toe in die kinderhuis opgeneem. Na ongeveer 'n jaar hertrou die pleegpa. Hy het toe naweke en vakansies weer by die kinders betrokke geraak. Die kinders was ook in 2001 vir twee naweke by hul biologiese ouers maar dié het weer hul werk bedank en getrek. Hulle kontak die maatskaplike werker vroeg in 2002 maar sedertdien nog glad nie weer nie. Nog 'n baba is in 2001 gebore. Sedertdien is daar geen kontak met die ouers nie en Christa mis hulle. Die kontak met die peetpa het ook afgeneem, die eggenote werk glo naweke en daar is nie dagsorg tydens vakansies nie. Daar is 'n dame in Parys wat bereid is om Christa vakansies te neem maar eintlik is Christa maar volgens die maatskaplike werker, verstote.

Sy is veeleisend ten opsigte van aandag en liefde maar op 'n beskeie manier. Sy was nie skoolgereed nie en ontvang arbeidsterapie sedert 2001 tot huidiglik. Sy het egter in graad een 'n verwagting goed presteer. Sy sukkel egter vanjaar in graad twee. Sy sal waarskynlik later na spesiale onderwys toe moet gaan. Sy kan aggressief raak en baklei en dan is haar taal nie so goed nie. In haar kleuterskooldae het sy geseksualiseerde gedrag getoon maar sy onttrek en toon weerstand indien assessering in dié verband gedoen wil word. Daar kon dus nog nooit vasgestel word of sy aan molestering blootgestel was nie.

Chante 11 jaar

Haar ouers is vervreemd en die moeder onopspoorbaar. Die vader is in 'n saamleef-verhouding met 'n weduwee. (Hy het drie kinders waarvan Chante die jongste is, die weduwee het twee kinders). Die vader was werkloos, het rondgeswerf by familie en toe hulp vir die kinders gesoek. Hulle was vir 'n tyd by die kinderhuis te Winburg as 'n plek van veiligheid maar die kinders het Potchefstroom toe gekom toe die vader werk in Ventersdorp gekry het. Vanaf 2003 werk die vader vir 'n groter salaris in Pretoria. Chante en twee boeties en die oudste kind van die weduwee is in die kinderhuis.

Die vader ontvang die kinders nou net vakansies as gevolg van die relatief groot afstand en weens die feit dat hy geen vervoer het nie. (Toe hy in Ventersdorp was, het hy die kinders ook naweke ontvang). Die vader stel belang in hereniging maar die kinderhofondersoek is nog nie afgehandel nie. Die middele van die ouers is beperk. Die vader is beslis baie lief vir die kinders en sy kinders hou ook baie van die stiefma.

Chante is onseker en selfbewus. Sy moet 'n bril dra maar dit lyk asof dit nie reg vir haar is nie. Haar oë moet hertoets word. Sy word baie deur die ander kinders geterg, ook omdat sy draadjies aan haar tande moet dra. Sy is nog te jonk vir ortodonsie maar sal dit moet kry as sy nog by daardie tyd in die kinderhuis is. Sy is volgens die maatskaplike werker van die kinderhuis 'n bietjie anti-sosiaal maar het tog ook 'n paar maats. Sy is akademies nie so sterk nie maar vorder volgens haar vermoë. Sy mis haar ouers baie.

4.3 BYEENKOMS 1

4.3.1 Doelstellings van die sessie

- Om te begin bou aan 'n veilige terapeutiese verhouding en om die vrees en onsekerheid by die respondente met betrekking tot die byeenkomste uit die weg te ruim.
- Om hulp aan die respondente met hulle oriëntering in die hier-en-die-nou te gee.
- Om grense vir die groepbyeenkomste daar te stel. Die navorser tree slegs as die fasiliteerder op maar die respondente bepaal self die reëls.
- Om die selfbeeldtoets van Perspektief Kollege af te neem.
- Om bewustheid ten opsigte van die eie-ek met behulp van 'n naamspelletjie en 'n projeksiemedium, naamlik teken, te fasiliteer.
- Om beter interpersoonlike verhoudinge aan te moedig en te fasiliteer.

4.3.2 Verloop van die sessie

Navorser gaan haal die respondente by die kindershuis. Die huismoeder, Ina vertel dat die maatskaplike werker haar van die sessies meegedeel het maar nie dat dit op dié dag sou begin nie, die respondente is dus nie op die sessies voorberei nie. Die huismoeder roep egter die ses dogters en navorser stel haarself aan hulle voor. Sy vra of sy 'n bietjie met hulle kan gesels. Hulle sit in 'n kring in die sitkamer en navorser verduidelik aan hulle dat sy 'n tannie is wat met kinders speel en met hulle gesels oor enige probleme wat hulle mag hê. Sy het gekom om hulle te kom haal (hulle gaan vir agt sessies bymekaarkom) maar die kinderhuistannie het hulle ongelukkig nie daarvan vertel nie. Sy vra hulle om verskoning vir die misverstand en vra of hulle kans sien om saam met haar te gaan. Hulle stem almal toe (sonder teësinigheid).

By die huis aangekom, wys navorser hulle die kleurvolle stoele wat sy van emmers vir hulle gemaak het en hulle neem om die tafel daarop plaas. Sy verduidelik aan hulle dat sy van elke byeenkoms 'n verslag moet skrywe maar omdat sy nie meer so goed kan onthou (!) nie, het sy die masjientjie saamgebring wat alles wat gesê word, sal opneem. Navorser sal dit dan later terugspeel en haar verslae skrywe.

Hierna wys navorser aan hulle die groot kalender wat sy gekry het, sy wys aan hulle hoe sy die agt sessies met 'n sterretjie gemerk het. Elkeen van hulle gaan 'n beurt kry om met elke sessie die spesifieke datum met 'n mooi plakkertjie toe te plak.

Verder verduidelik navorsers dat sy nog 'n lys vrae het wat sy graag wil hê hulle moet invul voor hulle gaan speel. Sy verduidelik hoe die toets werk maar omdat hulle 'n bietjie sukkel en baie vrae vra, gaan navorsers elke vraag met hulle deur en voltooi hulle die selfbeeld-toets. Op hierdie stadium is die groep meer ontspanne en spontaan. Soveel so dat almal deurmekaar praat en baie uitbundig is.

Navorsers vra aan hulle wat dink hulle sal gebeur as daar nie stopstrate of robotte in die strate was nie. Hulle kom tot die slotsom dat daar baie ongelukke sal wees. Navorsers trek die analogie deur na die groep toe en vra of hulle haar kan help om reëls vir hulle groep neer te lê. Die respondente neem baie spontaan deel (navorsers sukkel glad nie om hulle aan die praat te kry nie) en hulle stel self die volgende reëls op (sien 2.1.1 en 2.1.1.5):

- Mag nie skree nie.
- Mag nie hardloop nie.
- Mag nie mekaar stamp nie.
- Mag nie vloek nie.
- Mag nie praat as tannie of iemand praat nie.
- Mag nie vir iemand lag of spot nie.
- Mag nie steel nie.
- Mag nie iemand klap nie.
- Mag nie teëpraat nie.
- Mag nie spoeg nie.

Navorsers verduidelik dat sy die reëls groot op 'n plakaat sal skryf en dit teen hulle muur sal plak waar almal dit mooi kan sien.

Hierna vra navorsers of die respondente al daaraan gedink het dat almal van hulle name 'n sekere betekenis het. Navorsers wys hulle 'n boek wat sy by die biblioteek uitgeneem het en sy soek hulle name en die betekenis daarvan daarin op. Die name wat na vore gekom het, was: derde dogter, kaggelsteen, die vreedsame, die singende, volgeling van Christus, ster, die slimme (navorsers het ook saamgespeel). Die respondente geniet die speletjie besonder baie. Navorsers skryf elkeen se naam met die betekenis daarvan op 'n plakkertjie en plak dit op elkeen se bors. Hierna speel die groep nog 'n speletjie. Elkeen kry twee beurte; sy sê haar naam en maak dan een of ander liggaamsbeweging daarmee saam. Daarna herhaal al die ander die naam met die spesifieke liggaamsbeweging. Die respondente toon inisiatief en maak hulle eie snaakse liggaamsbewegings. Daar is baie gelag.

Hierna word papier en vetkryt, potloodkryt of viltpenne aan die respondente beskikbaar gestel (hulle kan kies uit die kryte) en navorser vra dat hulle hulself moet teken soos wat hulle graag wil lyk (sien Bylae A). Daar is veral klagtes van Tarina dat sy nie kan teken nie. Navorser probeer haar vrese besweer deur haar te verseker dat sy nie gaan kyk hoe mooi of lelik sy teken nie. Navorser speel sagte, woordlose musiek terwyl hulle teken en spoedig is almal verdiep in die aktiwiteit. Navorser hou elke kind se proses tydens die sessie dop. Tarina loop op 'n stadium uit die vertrek en sê dat iemand vir haar tekening gelag het. Navorser herinner hulle daaraan dat een van die reëls is om nie vir mekaar te lag nie en sy roep Tarina terug, sê dat hulle haar mis en sy weer moet probeer teken tot die beste van haar vermoë. Sy kom gou terug. Later skryf sy al die name wat sy het, agter op haar tekening.

Die tekeninge toon almal gelukkige gesigte en is baie kleurvol. Toe die respondente klaar is, praat ons oor die tekeninge. Navorser vra die volgende vrae:

1. Het jy dit geniet om die tekening te maak?
2. Vertel vir tannie wat in jou tekening aangaan (lig die verskillende dele uit).
3. Vertel vir tannie hoe jy graag sal wil lyk.
4. Ek sien jy hetgebruik, vertel tannie wat jou gunsteling kleur is.

Die kinders lyk positief en gelukkig en navorser neem hulle terug na die kinderhuis.

4.3.3 Emosionele uitdrukking en selfbeeldmanifestasie van die respondente tydens die sessie

Cilda, respondent A:

Respondent se reaksie: Sy lyk bekommerd oor die betekenis van haar naam en vra wat 'n kaggelsteen is. Sy geniet die tekenry baie, het tekentalent (Fransie en Tarina se tekeninge wys dat hulle Cilda nagevolg het) en vra dat die navorser aan hulle "huiswerk" moet gee wat hulle by die kinderhuis kan doen. Die tekening noop haar om al die dinge op te noem wat sy nog eendag wil doen (ballerina, balletjuffrou, gewone juffrou, kunstenaars). Sy wil graag mooi wees (sien die literatuurstudie 2.3.2). Sy wil nie 'n bril dra nie.

Emosies waarmee respondent in kontak gekom het: Onsekerheid, 'n gevoel van minderwaardigheid, idealisme en fantasering.

Selfbeeldmanifestasie: Sy dink dat sy nie mooi is nie, maar verkry 'n gevoel van bemagtiging ten opsigte van die eie-ek omdat sy teken geniet en deur meeste van die dogters nageboots word.

Groei/weerstand getoon: Die positiewe betekenis van haar naam (kaggelsteen) bemagtig haar en is selfvertroetelend. Sy het bewus geraak van haar ideale en dit in die ope gebring. Weens haar onvolwassenheid het sy nog nie die vermoë om te besef dat haar drome te omvattend is nie. Selfbeeldontwikkeling het plaasgevind.

Hanna, respondent B:

Respondent se reaksie: Haar tekening is baie kleurvol en toon ooreenkoms met Cilda se tekening. Sy sê ook dat sy mooi wil wees en lang hare wil hê. Sy het die tekenry geniet. Sy was trots op die betekenis van haar naam (ster).

Emosies waarmee respondent in kontak gekom het: Drome, ideale, hoe sy haarself ervaar, selftrots (haar naam beteken “ster”).

Selfbeeldmanifestasie: Sy toon selfvertroue met haar spontaniteit maar voel waarskynlik minderwaardig; sy tree energiek op en dink nie sy is mooi nie.

Groei/weerstand getoon: Sy ervaar waarskynlik bemagtiging (haar naam het ‘n positiewe betekenis), aangename ervaring (selfvertroeteling) en selfbeeldontwikkeling.

Fransie, respondent C:

Respondent se reaksie: Haar tekening lyk byna op ‘n haar soos Cilda s’n. Sy wil ook mooi wees en lang hare hê. Sy verkeer in samevloeiing met haar groep en meld dat haar pa haar hare afgesny het omdat sy goggas daarin gekry het. Hierdie feit is waarskynlik op haar figuurvoorgrond en sal opgevolg moet word.

Selfbeeldmanifestasie: Sy praat maklik, “betig” dikwels die ander kinders maar kom skaam voor.

Emosies waarmee respondent in kontak gekom het: Drome, ideale, hartseer, hoe sy haarself ervaar.

Groei/weerstand getoon: Respondent kom in kontak met ‘n onaangename ervaring in die verlede, maar ervaar bemagtiging en selfvertroeteling en selfbeeldontwikkeling (haar naam het ‘n positiewe betekenis).

Tarina, respondent D:

Respondent se reaksie: Haar tekening lyk byna soos Cilda s’n. Sy werk nie spontaan nie en verlaat op ‘n stadium die kamer omdat iemand glo vir haar tekening gelag het. Sy ondervang haar onsekerheid deur al die name wat haar familieledede (haar voorgrond) haar noem, op die agterkant van haar papier kleurvol neer te skrywe.

Selfbeeldmanifestasie: Sy voel onseker, onbeholpe en minderwaardig.

Emosies waarmee respondent in kontak gekom het: Onsekerheid, verlange en bemagtiging.

Groei/weerstand getoon: Sy het weerstand ten opsigte van die tekenry getoon maar “'n plan” gemaak en in kontak met haarself gekom en al haar name in herinnering geroep. Volgens navorser toon dit innerlike krag (maak 'n plan). Selfbeeldontwikkeling het ook plaasgevind.

Christa, respondent E:

Respondent se reaksie: Christa beweeg “op die agtergrond” en is baie stil. Haar tekening is die enigste wat 'n handeling toon. Sy kleur ook die hele wit gedeelte in. Haar tekening toon geen samevloeiing met die groep nie en lyk asof dit op 'n meer kinderlike vlak geskep is. Sy het die tekenry geniet. Sy lyk baie trots op die betekenis van haar naam (volgeling van Christus) en sy wil graag mooi wees en lang hare hê (samevloeiing met die res van die groep).

Selfbeeldmanifestasie: Toon 'n minderwaardigheidsgevoel.

Emosies waarmee respondent in kontak gekom het: Sy ervaar trots, 'n gelukkige gevoel en kom in kontak met haar drome.

Groei/weerstand getoon: Ervaar bemagtiging, selfvertroeteling en selfbeeldontwikkeling.

Chante, respondent F:

Respondent se reaksie: In die bespreking van haar tekening sê sy dat sy nie 'n bril wil dra en skewe tande wil hê nie (op haar figuurvoorgrond). Haar tekening se gesig het toe oë (miskien sien sy nie so goed nie of dink sy haar oë is nie mooi nie). Sy wil graag mooi wees (toon samevloeiing met die res van die groep).

Selfbeeldmanifestasie: Openbaar 'n minderwaardigheidsgevoel.

Emosies waarmee respondent in kontak gekom het: Pyn maar ervaring van aanvaarding deur die navorser en groep.

Groei/weerstand getoon: Kontakmaking met die self, selfbeeldontwikkeling.

4.3.4 Evaluasie van die sessie

Navorser is van mening dat die doelstellings van die sessie bereik is. Die respondente het natuurlik uit die aard van hul verblyf reeds 'n samehorigheidsgevoel (konfluensie). Hulle het gou by navorser gemaklik gevoel en almal (behalwe Christa) was spontaan en het veral die betekenis van hulle name en die naamspelletjie besonder baie geniet.

Die projeksietegniek het almal se bewustheid van hulleself verhoog. Soos van hul ontwikkelingspeil verwag kan word, was hulle in hulle projeksie deur die portuurgroep beïnvloed en het hulle op die uiterlike (meer konkrete) van hulself gefokus.

4.4 BYEENKOMS 2

4.4.1 Doelstellings van die sessie

- Sensoriese bewuswording (sig) (sien literatuurstudie 3.5.1.1).
- Om bewustheid van hulle liggame (ook sensoriese bewuswording) by die respondente te fasiliteer.
- Om bewustheid van verskillende emosies en hoe dit deur die liggaam gemanifesteer word by die kinders tuis te bring.

4.4.2 Verloop van die sessie

Die sessie word begin deurdat die navorser aan die respondente verduidelik dat sy verskillende items vir hulle uitepak het en sy nooi hulle uit om na die omgewing deur elke item te kyk. Elke kind word gevra hoe “die wêreld” vir haar die mooiste gelyk het (navorser speel saam) en die donkerbril skyn die gewildste te wees.

Hierna verduidelik navorser dat hulle nou ‘n speletjie in die garage gaan speel. Hulle gaan naamlik op verskillende maniere loop. Navorser gee die volgende voorbeelde; loop saggies, loop hard, loop asof op warm kole, loop soos ‘n lappop, soos ‘n robot, loop op julle tone, loop op julle hakke, loop op die kant van julle voete, loop soos ‘n olifant. Die respondente kom ook met hul eie voorstelle (dui op inisiatief en veiligheid), loop soos ‘n hasie, soos ‘n skilpad, soos ‘n kangeroo, soos ‘n leeu, soos ‘n model. Die respondente wys navorser hoe om soos ‘n model te loop (iemand het hulle dit blykbaar geleer) en hulle doen dit baie bedrewe. Navorser spreek haar waardering teenoor hulle uit. Hulle vra navorser toe ook om asseblief musiek aan te sit sodat hulle kan ballet. Hulle geniet hierdie aktiwiteit terdeë en is later uitasem en moeg. Tarina vra navorser vir ‘n tweede maal of sy haar huis vir hulle sal wys. Sy belowe dat sy dit aan die einde van die sessie sal doen.

Terug in die speelkamer vertel navorser aan hulle dat hulle nou oor emosies gaan praat. Op navorser se vraag sê Cilda dat emosies soos gevoel is en verder dat hartseer ‘n gevoel is. Sy meld ook dat daar baie gevoelens is, wat navorser bevestig. Fransie en Chante sê dat hulle altyd hartseer voel (hul voorgrondfiguur) en feitlik al die ander noem spontaan dat hulle nie ‘n maatjie het nie. Navorser probeer hul bewustheid verhoog en sê dat hulle dan waarskynlik dikwels eensaam voel. Navorser vra of hulle haar verder ‘n voorbeeld kan

noem van wanneer 'n mens waarskynlik jaloers sal voel. Fransie verduidelik dat 'n mens op iemand jaloers sal wees as jy van haar "boy-friend" hou.

Navorser vra hierna wie almal na Sewende Laan kyk en of hulle weet die mense daarin speel toneel. Hulle verstaan nie heeltemal so mooi nie (is in die konkreet-operasionele fase) en navorser verduidelik hoe dit werk. Verder vertel sy dat mense emosies met hul liggame wys en navorser demonstreer die uiting van woede. Sy verduidelik dat die groep nou 'n speletjie gaan speel met emosie en toneelspel. Navorser sal 'n liedjie op die wysie van "Mary had a little lamb" sing, 'n emosie sê en dan moet hulle wys wat hulle doen as hulle die emosie het. Die respondente speel mooi saam. Hul demonstrering van die emosies is baie stereotiep maar tipies wat van hul ontwikkelingsfase verwag kan word. Hulle vra later of hulle ook 'n emosie kan voorstel (voel veilig) en Tarina vra of sy hartseer kan wys (haar voorgrond). Nadat iemand 'n emosie gewys het, klap die ander spontaan vir haar hande (bemagtigend vir haar). Navorser haal later haar gevoelskaarte uit en laat die kinders raai watter gevoelens die mense op die fotos waarskynlik het. Navorser poog om hul bewustheid te verhoog want sy verduidelik na 'n rukkie vir hulle dat hulle nou seker kan sien dat verskil-lende mense verskillende gesigsuitdrukings soms anders kan vertolk (navorser verduidelik die konsep op 'n wyse wat by die kinders se ontwikkelingsfase pas) en dat ons mense altyd ons gevoelens op 'n sekere, unieke manier wys.

Hierna doen navorser haar belofte gestand en wys aan die dogters haar huis. Sy staan met opset stil by die gesinsfotos in voorbereiding vir die volgende sessie wat op die gesin gaan fokus. By die klavier gekom, moet sy eers 'n liedjie speel en sing, navorser kies vinnig 'n maklike liedjie, leer dit aan hulle en almal sing lekker saam! Navorser is aangenaam verras oor hoe mooi hulle sing en dra haar mening aan hulle oor (bevorder selfbeeld en –bewustheid). Navorser benut verder die tyd en leer aan die respondente hoe hoë (voëltjie note) en lae note (olifant note) klink; sy laat die respondente omdraai en laat hulle raai of sy hoë of lae note speel (sensoriese bewustheid).

Met die terugry na die kindershuis hoor navorser Tarina agter in die kar huil. Sy vra waarom sy huil en iemand anders antwoord dat dit is omdat sy nie kindershuis toe wil gaan nie en na haar ma verlang. Navorser probeer troos en sê vir Tarina dat sy moet probeer om vir haar ma te skrywe as sy so baie verlang. Sy sê in 'n huilende stem dat sy dit al baie gedoen het maar dit help niks nie. Na 'n rukkie fluister sy in navorser se oor dat sy oor twee dinge huil, omdat sy na haar ma verlang en omdat sy bang is Fransie vertel vir Tannie Ina dat sy stout was en dan nie weer na die groep sal kan kom nie. Navorser verseker haar dat sy nie stout

was nie en definitief volgende keer weer sal saamkom. Dit lyk asof dit haar troos maar navorser gaan persoonlik saam met haar na Tannie Ina en verduidelik dat daar nie probleme met haar was nie. Navorser gee Tarina 'n drukkie en Christa kom skaam-skaam ook vir 'n drukkie nader. Navorser probeer hulle gevoelens aflei en vra dat hulle haar moet wys waar hulle slaap.

4.4.3 Emosionele uitdrukking en selfbeeldmanifestasie van die respondente tydens die sessie:

Cilda, respondent A:

Respondent se reaksie: Sy toon spontane deelname en geniet die aktiwiteite, sy toon insig en skroom nie om haar voorkeur ten opsigte van die sig oefeninge bekend te maak nie. Sy geniet die "ballet" saam met die musiek besonder baie en het definitief kreatiewe aanleg en liefde. Die emosie van hartseer is op haar voorgrond as sy daartoe gestimuleer word maar dit is moontlik dat sy in die valse laag (van neurose) is want sy wys gewoonlik nie hartseer nie (sien agtergrondinligting).

Selfbeeldmanifestasie: Sy ervaar bemagtiging omdat sy geballet het, iets wat sy geniet.

Emosies waarmee respondent in kontak gekom het: Bevryding, vreugde, ontspanning, hartseer en humor.

Groei/weerstand getoon: Cilda toon nie weerstand nie, waarskynlik het sy 'n sterk introjek dat 'n mens "soet moet wees". Sy het tot die erkenning van 'n hartseergevoel gekom (al was dit indirek) wat groei toon en het waarskynlik tot 'n groter begrip van emosies gekom.

Hanna, respondent B:

Respondent se reaksie: Hanna ontdooi, tree selfgeldend op, sy is vrolik, ontspanne, spontaan en geniet blykbaar al die aktiwiteite tot dusver.

Selfbeeldmanifestasie: Sy toon selfvertroue.

Emosies waarmee respondent in kontak gekom het: Bevryding, vreugde, ontspanning en humor.

Groei/weerstand getoon: Hanna toon geen weerstand tot dusver nie. Die groei wat navorser tot dusver bemerk het, was positief en sy toon 'n groter begrip van emosies.

Fransie, respondent C:

Respondent se reaksie: Fransie het volgens navorser as die oudste van vier kinders en ook waarskynlik as gevolg van ander redes in die subsisteem van 'n "ouer" inbeweeg. Sy neem dit op haar om die ander kinders voortdurend te vermaan en aan te spreek. Sy kom

ook tydens die dramaspel tot die bewustheid van hartseer. Sy geniet die aktiwiteite maar kom nie altyd ontspanne voor nie.

Selfbeeldmanifestasie: Sy aarsel nie om haar sê te sê nie, maar voel moontlik oor-verantwoordelik vir ander.

Emosies waarmee respondent in kontak gekom het: Bevryding, vreugde, humor, verantwoordelikeheidsgevoel, pligsbesef en hartseer.

Groei/weerstand getoon: Sy kom tot groter bewustheid van hartseer in haar lewe en tot groter begrip van emosies.

Tarina, respondent D:

Respondent se reaksie: Tarina kom op diepe wyse in aanraking met hartseer gevoelens. Sy demonstreer dit egter (met dramaspel en later met werklike trane) en navorsers meen dit het bevrydend op haar ingewerk (katarsis). Sy geniet ook die sensoriese oefeninge en doen spontaan mee. Die afskeid wat van die navorsers geneem moet word, herinner haar waarskynlik aan vorige hartseer "afskiede". Dit is pynlik om haar pyn te belewe en navorsers meen dit is ook vir die ander groeplede pynlik. Tarina het 'n liefdevolle, innemende persoonlikheid. Sy is die jongste van die groep en haar egokragte is blykbaar nog swak ontwikkel.

Selfbeeldmanifestasie: Sy belewe onsekerheidsgevoelens.

Emosies waarmee respondent in kontak gekom het: Bevryding, vreugde, humor, pret, hartseer, verlange, onbegrip, vertwyfeling en waarskynlik vrees.

Groei/weerstand getoon: Respondent het katarsis/bewustheid van pyn-emosie belewe en tot groter begrip van emosies gekom.

Christa, respondent E:

Respondent se reaksie: Christa onttrek op 'n stadium aan die sensoriese oefening. Dit kan as gevolg van 'n swak selfbeeld wees (sien 2.3.5) of 'n teken van weerstand. Op navorsers se uitnodiging sluit sy egter weer by die groep aan. Sy bly skaam en praat min. Sy toon ook behoefte aan fisiese kontak en liefde maar dit is asof sy bang/onseker is hoe om dit te verkry.

Selfbeeldmanifestasie: Sy toon 'n minderwaardigheidsgevoel.

Emosies waarmee respondent in kontak gekom het: Hartseer, miskien verlies, vreugde, pret en humor.

Groei/weerstand getoon: Sy waag om eerste toenadering vir 'n drukkie te soek, toon op 'n stadium miskien apatie, onttrekking aan die groep wat op 'n gevoel van nie-aanvaarding dui en kom tot groter bewustheid van emosies.

Chante, respondent F:

Respondent se reaksie: Chante speel met oorgawe saam, is spontaan en geniet al die aktiwiteite. Die emosionele bewuswordingsoefening maak haar van haar hartseergevoelens bewus, wat pynlik maar terapeuties is. Sy geniet die pret na aanleiding van die dramaspel.

Selfbeeldmanifestasie: Sy toon in hierdie sessie geen minderwaardigheidsgevoelens nie.

Emosies waarmee respondent in kontak gekom het: Vreugde, blydskap, pret, hartseer, pyn en verlies.

Groei/weerstand getoon: Sy kom tot emosionele bewustheid van haarself en groter bewustheid van emosies in die algemeen.

4.4.4 Evaluasie van die sessie

Navorsers is van mening dat die doelstellings van die sessie bereik is. Die respondente het die sessie besonder geniet en het spontaan aan alles meegedoen. Hulle het veral die liggaamsbewegende speletjie en die dramaspel geniet.

4.5 BYEENKOMS 3**4.5.1 Doelstellings van die sessie:**

- Sensoriese bewuswording (reuk).
- 'n Projeksietegniek waarmee gepoog word dat die respondente tot groter bewustheid van hul gesinsagtergrond en dus implisiet tot groter selfkennis sal kom.
- Om deur middel van die projeksie en bespreking agterna te poog om katarsis van emosies te bewerkstellig en moontlike onvoltooidhede aan te spreek.
- Ondersteuning aan die groeplede deur die groep en navorsers.

4.5.2 Verloop van die sessie:

Toe die respondente in die speelkamer inkom, sê Fransie dat sy wors ruik (haar reuksintuig is dus onmiddellik gestimuleer). Die sessie word dan ook begin met "reukoefeninge". Vier van die respondente is verkoue sodat die ruikproses nie altesame suksesvol vir hulle verloop het nie! Na 'n algemene kennismaking met die reukorgaan ruik die respondente aan die volgende aromas: vanilla, koffie, kerrie, mostert, babapoeier, reukwater, origanum, kaneel, naeltjies, seep en asyn. Die respondente was entoesiasies maar reageer nie op die vraag waaraan dit hulle herinner nie. Cilda vra uit die bloute of ons vandag kan verf (haar voorgrondbehoefte) en navorsers sê dat sy nie vandag daarop voorberei is nie maar belowe dat hulle met 'n volgende geleentheid kan verf. (Navorsers verwelkom die eie insette van die

respondente want volgens haar bevorder dit selfbeeldvorming en gee dit die hulle 'n gevoel van beheer – sien literatuurstudie 2.3.6.1).

Navorser stel toe voor dat die respondente hulle gesinne moet teken soos dit was voor hulle na die kinderhuis gekom het (sien Bylae B). Hierdie versoek word met negatiewe reaksie deur meeste respondente begroet. “Neel!”, “Ek kan nie”, en “Ek kan nie onthou nie”(toon weerstand). Navorsers moedig hulle egter aan en almal begin. Tarina kla weer dat sy nie kan teken nie maar navorser herinner haar daaraan dat daar niks met haar tekening van laas verkeerd was nie. Navorsers demonstreer ook aan haar 'n stokmannetjie en –vroujie en probeer haar so bemagtig. Sy boots toe weer Cilda se styl na (toon aanpassingsvermoë). Op Fransie se beswaar dat sy nie haar gesin kan onthou nie (weerstand) moedig navorser haar aan om die gesin te teken soos wat dit die laaste naweek wat sy by die huis was, gelyk het. Navorsers speel stadige, sagte Barokmusiek terwyl die respondente werk. Christa, Chante en Fransie werk stil maar nie die ander nie. Navorsers maak melding hiervan ter wille van groter bewustheid. Navorsers moedig die respondente voortdurend aan en verseker hulle daarvan dat sy nie 'n onderwyseres is nie en dat sy nie kyk of hulle mooi of lelik teken nie (probeer by hul vertrouwe inboesem).

Navorsers het na voltooiing van die tekeninge met elke respondent oor haar skepping gepraat (sien 4.3.2). Terwyl navorser met iemand gesels het, het die ander respondente verveeld geraak. Navorsers het dus net 'n kort gesprek met elkeen gehad.

4.5.3 Emosionele uitdrukking en selfbeeldmanifestasie van respondente tydens die sessie.

Cilda, respondent A:

Respondent se reaksie: Cilda beskrywe haar tekening (op versoek van navorser) in die huidige tyd asof sy die tekening is. Sy teken haar hele gesin en haar ma die grootste. Sy erken dat haar ma die belangrikste persoon in haar lewe is. Terwyl sy geteken het, het sy hardop gesê dat haar ma vir haar mooi is. Navorsers vra of dit beteken dat sy haar ma bewonder, wat sy beaam.

Selfbeeldmanifestasie: Sy identifiseer met haar ma, wat sy mooi vind. Dit kan 'n positiewe krag ten opsigte van selfbeeldontwikkeling wees.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Moontlike, pynlike gevoelens wat met die gesinslewe geassosieer word, trots, geluk, verlange en 'n liefdesgevoel.

Weerstand/groei getoon: Sy toon weerstand ten opsigte van sekere pynlike herinnering aan die gesin. Later kom sy ook tot die bewussyn van 'n ma wat sy liefhet en bewonder (polariteit).

Hanna, respondent B:

Respondent se reaksie: Sy teken haar pa en haar boetie. Op navorser se vraag sê sy driftig dat sy weier om haar ma te teken want sy bly by 'n ander man. Navorser sê sy kan sien sy is kwaad vir haar ma, wat sy bevestig (bewustheid). Navorser vra onmiddellik hierna vir Fransie (sussie) of sy ook kwaad is vir haar ma. Sy aarsel en sê eers nee en toe weer ja (belewe polariteit). Op navorser se vraag waarom sy nie haar ander boetie en Fransie geteken het nie, sê sy daar was nie plek nie. Navorser vra of die boetie wat sy wel geteken het, moontlik nader aan haar is.

Selfbeeldmanifestasie: Geen spesifieke.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Woede, verlange en pyn.

Weerstand/groei getoon: Hanna het tot die bewustheid van haar sterk gevoelens ten opsigte van haar ma gekom, en die verbalisering daarvan het waarskynlik katarsis bewerkstellig.

Fransie, respondent C:

Respondent se reaksie: Sy teken haar pa, boetie en tannie Grieta. Sy teken Hanna nie omdat sy waarskynlik in samevloeiing met haar is. Sy teken ook nie haar ma nie. Tannie Grieta is haar pa se vriendin. Sy belewe 'n onvoltooidheid (polariteit) ten opsigte van haar ma (vergelyk haar reaksie hierbo). Sy skrywe op haar tekening; "almal kuier saam", wat waarskynlik 'n wens, wat in haar voorgrond is, vergestalt.

Selfbeeldmanifestasie: Geen spesifieke.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Verlange, woede, pyn en konflik.

Weerstand/groei getoon: Fransie benodig meer terapeutiese tyd sodat sy met die onvoltooidheid ten opsigte van haar ma gehelp kan word.

Tarina, respondent D:

Respondent se reaksie: Tarina het baie gekla tydens die tekenry, tog antwoord sy op navorser se vraag dat sy dit geniet het. Navorser wys haar op die teenstrydigheid. Sy beskrywe haar tekening asof sy die papier is, byvoorbeeld. "Ek is is 'n wit papier en op my is 'n blommetjie, 'n boom, drie skoelappers, voëltjies, 'n sonnetjie en my ma. Tussen my ma se arms is drie hartjies." Sy erken dat haar ma die belangrikste persoon in haar lewe is en dat sy veral na haar verlang.

Selfbeeldmanifestasie: Sy toon onsekerheid en vrees maar genoegdoening ten opsigte van 'n taak wat suksesvol voltooi is na 'n gevoel van onvermoë.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Verlange, bewustheid van liefde vir ma en pyn.

Weerstand/groei getoon: Na aanvanklike weerstand, het Tarina gelukkig en tevrede voorgekom. Hiermee is 'n klein oorwining oor onsekerheid behaal wat bemagtigend vir haar is.

Christa, respondent E:

Respondent se reaksie: Sy teken haarself en haar ma, 'n boom, voëls, wolke en 'n berg. Haar ma is vir haar die belangrikste mens. Op navorser se vraag ten opsigte van die berg en of dit soms vir haar voel of daar 'n berg tussen haar en haar gesin is, ontken sy dit. Sy kom skaam en verleë voor en navorser besluit om haar nie verder te "ondervra" nie.

Selfbeeldmanifestasie: Sy toon onsekerheid en 'n minderwaardigheidsgevoel.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Navorser is onseker met watter emosies Christa tydens hierdie sessie kontak gemaak het maar waarskynlik was dit pyn en verlange.

Weerstand/groei getoon: Sy het tot die bewustheid van haar ma (navorser is nie seker wie sy as "haar ma" beskou nie) as die belangrikste persoon in haar lewe gekom, wat groei beteken.

Chante, respondent F:

Respondent se reaksie: "Op my is ons huis. Dit is my pa en ma. Dit is 'n appelboom, die sonnetjie, wolke en voëls. My pa lê in die bed en huil. Hy huil elke keer as ons gaan kuier. Hy huil omdat ons in die kindershuis is." Navorser: "Ek is seker dit maak jou ook baie hartseer." Chante het bevestigend op hierdie vraag geantwoord.

Selfbeeldmanifestasie: Geen spesifieke.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Hartseer, verlange en 'n gevoel van beheerverlies.

Weerstand/groei getoon: Sy kom tot die bewustheid van hartseer-emosie wat bemagtigend is.

4.5.4 Evaluasie van die sessie.

Navorser is van mening dat die sensoriese bewustheidsoefening suksesvol was en waarskynlik die weg vir emosionele bewuswording voorberei het. Verder is navorser van mening dat baie onvoltooidhede ten opsigte van die dogters se gesinne nie aangespreek is

nie. Baie meer terapietyd sal hiervoor benodig word. Hulle het egter van hul figuurvoorgrond bewus geword.

4.6 Byeenkoms 4

4.6.1 Doelstellings van die sessie:

- Om die respondente te help om tot groter liggaamsbewustheid en also tot groter bewustheid van die self te kom.
- Om die respondente te help om deur middel van handpoppe tot die bewustheid van die verskillende emosies wat daar is, te kom.
- Om deur middel van die lees van 'n verhaal die respondente te help om tot 'n katarsis van hulle eie emosies en onvoltooidhede te kom.

4.6.2 Verloop van die sessie:

Navorsers verskaf ballonne aan die respondente wat hulle moet opblaas, dan by die nek moet hou, in die lug moet gooi en waarneem wat met elke ballon gebeur. Die respondente geniet hierdie aktiwiteit en lag baie. Navorsers vestig hulle aandag daarop dat elke ballon se beweging van die ander verskil. Die respondente word hierna gevra om hulle te verbeel hulle is 'n ballon en soos 'n ballon te maak. Die respondente is oor die algemeen 'n bietjie lusteloos en sê na 'n ruk dat hulle moeg is en nie meer lus is om te speel nie. Navorsers stel voor dat hulle na 'n storie kom luister.

Die respondente gaan sit om die tafel en navorsers wys verskillende handpoppe, met verskillende emosies op hulle gesigte geteken, aan hulle. Hulle word gevra om die emosie te identifiseer en te sê hoe hulle op die oomblik voel en 'n geleentheid te beskryf toe hulle soos die handpop gevoel het. Navorsers verduidelik dat alle mense een of ander tyd alle emosies al gevoel het (normaliseer). Sy vra of die respondente kan sê wanneer 'n emosie nou juis sleg vir 'n mens is. Cilda sê dit is wanneer 'n mens nie 'n maatjie het wat met jou wil speel nie. Al die respondente, behalwe Chante verklaar in 'n koor dat hulle ook nie 'n maatjie het om mee te speel nie. Navorsers betuig haar opregte ongeloof en jammerte omtrent die toedrag van sake. Sy vestig hulle aandag daarop dat hulle darem hier in die groep nuwe vriendinne gemaak het (probeer hulle bemagtig). Hanna vertel dat sy hartseer en bang was die dag toe sy kindershuis toe moes kom van haar pa af. Fransie beaam dit dadelik en sê hulle was belowe dat hulle na die lang vakansie na haar pa sou teruggaan en dit is toe gekanseleer (haar voorgrond). Al die ander dogters beaam dat hulle hartseer was die dag toe hulle kindershuis toe gekom het. Christa sê uit haar eie sy was bang die kindershuismense gaan haar slaan en vloek. Fransie vertel dat Tarina baie hartseer was.

Op hierdie stadium lê Tarina met haar kop op haar arms en navorser sê dat sy dit aan Tarina se lyfie kan sien (probeer hulle bewustheid van lyftaal verskerp). Navorser sê dat sy hulle eerlikheid bewonder en dat dit goed is as 'n mens weet en kan sê hoe jy voel (bemagtiging). Op navorser se vraag sê Chante sy het hartseer gevoel die dag toe sy van haar pa moes weggaan en toe sy en Fransie na die Hebron-afdeling moes trek (hulle het die vorige dag getrek). Fransie sê sy het die hele nag gehuil. Navorser verduidelik dat 'n mens, soos Hanna gesê het, meer as een emosie op 'n slag kan hê en dat emosies sleg word as dit te lank aanhou en sy vra of hulle weet wat 'n mens kan doen as dit gebeur. Omdat daar nie reaksie is nie verduidelik navorser dat 'n mens dan 'n plan moet maak om met iemand daarvoor te gaan praat. Navorser vra of hulle kan dink met wie 'n mens kan gaan praat. Cilda sê 'n mens kan bid, wat navorser bevestig. Die groep kom ook met die voorstel van Tannie Ina en die maatskaplike werker van die kindershuis voor die dag (selfvertroetelingsstegnieke) wat navorser bevestig.

Daarna vertel navorser met behulp van handpoppe die verhaal van Hansie en Grietjie aan die respondente. Na die verhaal wil hulle ook graag met die handpoppe speel en hulle kry geleentheid. Die lei tot 'n bietjie aggressiewe spel aangesien die handpop 'n soort bokshandskoen word! Navorser laat hulle begaan omdat sy van mening was dat dit moontlike aggressie wat in hulle was, ontlaai het.

Toe die groep na die kindershuis terugry, sing hulle lustig en mooi (navorser voel gelukkig daarmee want so eindig die sessie op 'n positiewe noot).

4.6.3 Emosionele uiting en selfbeeldmanifestasie van die respondente tydens die sessie

Cilda, respondent A:

Respondent se reaksie: Sy neem deel aan die bespreking, identifiseer gevoelens en luister met oorgawe na die verhaal.

Selfbeeldmanifestasie: Sy toon 'n minderwaardigheidsgevoel.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Eensaamheid, hartseer, die waarde van geloof, verlies aan beheer en katarsis van gevoelens.

Weerstand/groei getoon: Hanteringsvaardighede (selfvertroeteling) is bespreek, gevoelens is deur haar geuite wat groei kan beteken.

Hanna, respondent B:

Respondent se reaksie: Volgens haar ontwikkelingsstadium is sy in besondere aanraking met haar gevoelens, haar vader is die belangrikste persoon in haar lewe, sy bewonder hom en luister met oorgawe na die verhaal.

Selfbeeldmanifestasie: Sy is in goeie kontak met haar gevoelens.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Hartseer, vrees, eensaamheid en die katarsis van gevoelens.

Weerstand/groei getoon: Hanteringsvaardighede (selfvertroeteling) is bespreek en gevoelens is geuiter wat groei kan beteken.

Fransie, respondent C:

Respondent se reaksie: Sy neem deel aan die bespreking, haar vader is die belangrikste persoon in haar lewe, sy bewonder hom en luister met oorgawe na die verhaal.

Selfbeeldmanifestasie: Sy toon onsekerheid.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Hartseer, eensaamheid, vrees, verlies van beheer, gevoel van onregverdigheid en katarsis van gevoelens.

Weerstand/groei getoon: Hanteringsvaardighede (selfvertroeteling) is bespreek en gevoelens is geuiter wat groei kan beteken.

Tarina, respondent D:

Respondent se reaksie: Sy neem nie geredelik aan die bespreking deel nie maar luister met oorgawe na die verhaal.

Selfbeeldmanifestasie: Sy toon onsekerheid.

Emosies waarmee respondent in kontak gekom het: Hartseer en eensaamheid.

Weerstand/ groei getoon: Hanteringsvaardighede (selfvertroeteling) is bespreek wat hopelik tot groei kan lei.

Christa, respondent E:

Respondent se reaksie: Sy neem eenmaal spontaan aan die bespreking deel en luister met oorgawe na die verhaal.

Selfbeeldmanifestasie: Sy begin om meer te waag.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Hartseer, onsekerheid, vrees en eensaamheid.

Weerstand/groei getoon: Hanteringvaardighede (selfvertroeteling) is bespreek wat tot groei kan lei.

Chante, respondent F:

Respondent se reaksie: Sy neem deel aan die bespreking en luister met oorgawe na die verhaal.

Selfbeeldmanifesasie: Sy begin om meer te waag.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Hartseer, liefde vir haar pa, verlies van beheer en 'n gevoel van onregverdigheid.

Weerstand/groei getoon: Hanteringsvaardighede (selfvertroeteling) is bespreek wat tot groei kan lei.

4.6.4 Evaluasie van die sessie:

Navorsers is van mening dat die liggaamsbewustheidsoefening nie so suksesvol was nie. Waarskynlik was die respondente aan die einde van die week uitgeput gewees. Hulle het gou moeg geword. Die speel met die handpoppe en die bespreking wat dit uitgelok het, was egter vrugbaar. Die respondente het openlik en spontaan deelgeneem ten spyte van die feit dat dit met pynvolle gevoelens gepaard gegaan het.

4.7 Byeenkoms 5**4.7.1 Doelstellings van die sessie:**

- Sensoriese bewustheid (gehoor).
- Projeksiemedium (klei) om selfkennis, liggaamsbewustheid en emosionele bewustheid te bevorder.
- Om groepsondersteuning te bevorder.
- Om selfontwikkeling en –groei te bevorder.
- Selfondersteuning en –vertroeteling te fasiliteer.

4.7.2 Verloop van sessie

Die groepie begin met sensoriese bewustheidsoefeninge waarby navorsers met haar rug na die groep staan en sekere handeling uitvoer (deur byvoorbeeld water in 'n glas te gooi) en die groepie moet dan raai wat navorsers doen. Die respondente geniet die aktiwiteit baie en raai al die handeling reg.

Navorsers vra of daar nie "reëls" is wat hulle by hul lysie kan voeg nie. Christa kom en fluister naby navorsers se oor: "Hier maak ons nie foute nie," wat navorsers bevestig en later by die groeprëls voeg. Hierna begin die groep met klei speel (die kinders het hulle nog met geen sessie met soveel oorgawe aan hulle spel oorgegee nie) en nadat hulle met die klei kennis gemaak het en lekker gespeel het, vra navorsers dat elkeen haarself sal maak

soos wat sy dink sy lyk. Navorser verduidelik dat hulle nie 'n regtige vroujefiguur hoef te maak nie, maar enige vorm wat hulle aan hulself herinner. Terwyl sommige nog besig is, begin navorser met diegene wat klaar is, te gesels. Navorser vra aan elkeen wat die kleur van haar hare en oë is, of sy kort of lank is, vet of maer, vra dat hul die detail van die skepping moet verduidelik. Tarina maak haarself vol muskietbyte en op navorser se vraag vertel sy dat sy seer het (haar voorgrond). Sy beweer ook dat sy vet is (nie volgens navorser nie). Sy erken ook dat sy Chante nageboots het. Chante maak haarself met 'n yslike bril en 'n plaatjie in haar mond (haar voorgrond). Navorser sê dat sy kan sien dat haar bril haar baie pla en of daar 'n rede is. Sy vertel dat die kinders haar terg en haar "ou goggos" noem. Navorser vra of sy kans sien om bietjie geduldig te wees want sy gaan eendag mooi reguit tande hê. Sy sê sy weet. Hanna maak net 'n gesig. Navorser vra of haar lyf dalk nie mooi vir haar is nie, sy sê dit is nie vir haar mooi nie want sy is vet. Op navorser se versoek (probeer haar bemagtig), sê die groep in 'n koor dat Hanna nie vet is nie! Tarina sê uit die bloute "Jy het 'cute dimples!'" Hanna ontken ook dit. Cilda (wat bril dra) maak haarself sonder 'n bril en Chante herinner haar daaraan dat sy 'n bril dra (weer eens toon dit Chante se voorgrond). Sy erken dat die kinders haar ook spot omdat sy 'n bril dra. Navorser vra of dit haar hartseer of kwaad maak, sy sê hartseer. Sy noem weer dat niemand van haar hou nie. Fransie sê dat sy nie die waarheid praat nie. Navorser vra wie van Cilda hou en 'n koor sê "Ek!" (dit is waarskynlik bemagtigend vir Cilda). Christa maak haar skepping vol gate (sproete sê sy). Om haar figuur is slangetjies. Die slangetjies beskerm haar en doen haar nie kwaad aan nie want hulle is mak. Navorser meld dat sy geen sproete sien nie. Haar kleigesig het ook nie gelaatstrekke nie. Sy sê ook dat sy vet is. Weer eens sê die groep in 'n koor dat sy nie vet is nie (wat moontlik bemagtigend vir haar kan wees).

Fransie maak 'n hele toneeltjie, gee haarself lang wimpers, 'n handsak, knope en 'n gordel. Haar response is neutraal.

Tarina huil weer toe die groep kinderhuis toe teruggaan. Die res van die groep sing.

4.7.3 Emosionele uiting en selfbeeldmanifestasie van die respondente tydens die sessie:

Cilda, respondent A:

Respondent se reaksie: Sy geniet die sensoriese en kreatiewe genot wat klei bied geweldig baie en word bewus van haar minderwaardigheidsgevoelens.

Selfbeeldmanifestasie: Sy voel fisies minderwaardig, veral omdat sy 'n bril moet dra en spot verduur.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Sy het kreatiewe genot, minderwaardigheidsgevoelens, vernedering en skaamte ervaar.

Weerstand/groei getoon: Die groep en terapeut gee aan haar positiewe terugvoering wat tot groei kan lei.

Hanna, respondent B:

Respondent se reaksie: Sy geniet die kleispiel en word van haar liggaamlikheid bewus.

Selfbeeldmanifestasie: Sy voel fisies minderwaardig om redes wat vir navorser onbegryplik is. Waarskynlik projekteer sy haar psigiese ongelukkigheid op haar liggaam of dalk was sy op 'n stadium seksueel getraumatiseer of gemolesteer.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Sy het kreatiewe genot en fisiese minderwaardigheidsgevoelens belewe.

Weerstand/groei getoon: Die groep en navorser gee positiewe terugvoering aan haar wat tot groei kan lei.

Fransie, respondent C:

Respondent se reaksie: Sy geniet die kleispiel.

Selfbeeldmanifestasie: Neutraal.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Sy ervaar kreatiewe genot.

Weerstand/groei getoon: Sy het geen weerstand of groei getoon wat navorser kon waarneem nie.

Tarina, respondent D:

Respondent se reaksie: Sy geniet die kleispiel en word bewus van haar liggaamlikheid.

Selfbeeldmanifestasie: Sy voel fisies minderwaardig.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Sy belewe kreatiewe genot en minderwaardigheidsgevoelens.

Weerstand/groei getoon: Geen.

Christa, respondent E:

Respondent se reaksie: Sy geniet die kleispiel en word bewus van haar liggaamlikheid.

Selfbeeldmanifestasie: Sy voel fisies minderwaardig.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Sy belewe kreatiewe genot en minderwaardigheidsgevoelens.

Weerstand/groei getoon: Navorser gee positiewe terugvoering aan haar wat tot groei kan lei.

Chante, respondent F:

Respondent se reaksie: Sy geniet die kleispiel en word bewus van haar liggaamlikheid.

Selfbeeldmanifestasie: Sy voel fisies minderwaardig omdat sy 'n bril en plaatjie dra en geterg word.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Sy belewe kreatiewe genot en minderwaardigheidsgevoelens.

Weerstand/groei getoon: Navorser gee haar hoop en bemagtig haar wat tot groei kan lei.

4.7.4 Evaluasie van die sessie.

Navorser is van mening dat die respondente die sensoriese bewustheidsoefening en die kleispiel nog die meeste van enige vorige spel geniet het. Hulle het hulle met oorgawe daaraan oorgegee. Die respondente het nog baie onvoltooidhede omtrent hulle liggaamlikheid en selfbeeld wat verdere terapeutiese sessies sal benodig om tot 'n volledige gestalt te kan kom.

4.8 Byeenkoms 6

4.8.1 Doelstellings van die sessie:

- Om bewustheid van die tassintuig te bevorder.
- Om bewustheid by elke respondent ten opsigte van 'n ander te verhoog.
- Om respondente te help om die polariteite ten opsigte van die kindershuis te integreer.
- Om selfvertroeteling te fasiliteer.
- Om samewerking tussen die groeplede te fasiliteer.

4.8.2 Verloop van die sessie:

Die groep begin die sessie deurdat elkeen 'n beurt kry om geblinddoek te word en aan iemand se gesig te vat en net met behulp van die tassintuig te raai wie dit is. Die respondente geniet die speletjie baie en almal het baie pret.

Hierna begin die groepie (op Cilda se vorige versoek) om te verf. Navorser vra dat hulle twee-twee moet saamwerk maar omdat die respondente nie daarvan hou nie maak navorser 'n aanpassing en laat hulle alleen werk (gee aan hulle 'n gevoel van beheer). Navorser vra hulle om eers iets van die kindershuis te verf waarvan hulle nie hou nie en dan iets van die kindershuis waarvan hulle wel hou. Terwyl die respondente werk, speel

navorser sagte Barokmusiek maar die hulle begin self spontaan iets anders te sing en navorser skakel die musiek af (gee die groep 'n gevoel van beheer). Die respondente vra aan navorser hoe hulle "spot" en "terg" moet verf. Die groep gesels oor alles en nog wat terwyl hulle verf en navorser laat hulle begaan terwyl sy elkeen se proses dophou. Tarina is eerste klaar, haar tekening is kleurvol en daar staan geskrywe "Ek hou nie van slaap nie." Navorser vind uit dat sy nie van die roetine en dissipline van die kinders hou nie en dat sy dikwels moet gaan slaap selfs as sy nie moeg voel nie. Navorser gee erkenning aan haar ongelukkige gevoel maar vra of sy kan dink waarom 'n kinders reëls het. Daarna trek navorser weer die analoog van die verkeersreëls waarsonder daar chaos sal wees. Dit lyk of sy verstaan. Iets van die kinders waarvan sy hou, is die swembad.

Iets waarvan Chante nie hou nie is dat die kinders haar spot. Navorser vra wat sy doen as dit gebeur en sy sê dat sy hartseer voel. Terapeut vra of sy al daaraan gedink het dat mense wat 'n ander mens terg dalk nie goed oor hulself voel nie en lekker kry as hulle sien jy voel hartseer, en of sy nie volgende keer wil probeer om hulle te wys dat sy hulle nie eers hoor nie. 'n Lekker iets van die kinders is wanneer die studente kom – hulle speel baie lekker met hulle.

Cilda sê ook dat die kinders lelke goed vir haar sê en dit maak haar hartseer. Navorser vra wat sy doen as dit gebeur en sy sê sy draai om en loop weg. Navorser bevestig dat dit 'n baie goeie plan is. Sy hou van die klimraam by die kinders.

Fransie hou nie van die gevloek en geskinder van die kinders in die kinders nie. Fransie toon weerstand om iets goed van die kinders te verf maar uiteindelik verf sy die Here, die kos en as haar pa haar die naweek kom haal.

Hanna se tekening bevat 'n stukkende hart, sy sê ook diegene wat haar terg maak haar hartseer.

In haar "positiewe" tekening teken sy die terapeutiese groepie en sê dat dit baie lekker vir haar is.

Tarina hou ook nie van die tergere nie en sy hou van die blomme by die kinders (navorser het nog nie veel blomme gesien nie). Vermoedelik ervaar sy weerstand en noem sommer enige ding waarvan sy kwansuis hou.

Die groep geniet die proses van verf en verf die een prent na die ander.

By die kinders aangekom, vra Hanna en Fransie om my persoonlik te spreek. Ons gesels in die motor. Die gesprek gaan hoofsaaklik oor hulle ma wat hulle verwaarloos het (hulle terminologie). Fransie dink haar "boy-friend" is eintlik die probleem. Toe hulle by haar gebly het, het sy en die "boy-friend" vir hulleself kos gekoop maar nie vir hulle kinders nie. Die "boy-friend" het ook ingekom waar hulle gestort het maar darem nie aan hulle

gevat nie. Hulle pa het belowe dat hulle by hom sal gaan bly. Navorsers betoon empatie en gee erkenning aan hulle gevoelens. Sy raai hulle aan om met mevrou Dupper (maatskaplike werker) te gaan gesels. Hulle vertel dat hulle nie uit hulle eie na haar mag gaan nie. Navorsers moedig hulle aan om Tannie Ina (die huismoeder) te vra om 'n afspraak vir hulle by mevrou Dupper te maak.

4.8.3 Emosionele uiting en selfbeeldmanifestasie van die respondente:

Cilda, respondent A:

Respondent se reaksie: Sy geniet dit baie om te verf. Haar negatiewe aanmerking ten opsigte van die kinderhuis toon moontlik konfluensie met die ander kinders. Sy kon wel iets vind in die kinderhuis waarvan sy hou.

Selfbeeldmanifestasie: Sy het moontlik die geterg van die kinders ge-introjekteer en voel dat sy lelik is.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Sy voel minderwaardig omdat sy geterg word en belewe hartseer.

Weerstand/groei getoon: Polariteite ten opsigte van die kinderhuis is waarskynlik tot 'n mate geïntegreer en sy het tot bewustheid gekom wat tot groei kan lei.

Hanna, respondent B:

Respondent se reaksie: Haar negatiewe mening omtrent die kinderhuis toon konfluensie met die groep, moontlik word sy nie soveel gespot nie, sy noem die groepie as 'n positiewe aspek wat eintlik niks met die kinderhuis te doen het nie.

Selfbeeldmanifestasie: Indien sy aanhoudend geterg word, kan sy dit later introjekteer.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Sy voel minderwaardig, hartseer, en belewe moontlik woede.

Weerstand/groei getoon: Sy toon weerstand om iets goed van die kinderhuis te sê.

Fransie, respondent C:

Respondent se reaksie: Voel moreel gebelgd oor sekere "verkeerdhede" in die kinderhuis en sy wil nie iets goed omtrent die kinderhuis sê nie (weerstand).

Selfbeeldmanifestasie: Geen.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Hartseer en woede.

Weerstand/groei getoon: Sy toon weerstand om iets goed van die kinderhuis te sê.

Tarina, respondent D:

Respondent se reaksie: Haar reaksie toon totale onbewustheid of onvermoë om in taal uit te druk waarom sy nie van die kindershuis hou nie (in ooreenstemming met haar ontwikkelingspeil).

Selfbeeldmanifestasie: Geen.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Hartseer en fantasie.

Weerstand/groei getoon: Sy het ontkenning, in die vorm van fantasie, wat 'n vorm van weerstand is, getoon.

Christa, respondent E:

Respondent se reaksie: Die enigste wat (ten spyte van haar skolastiese agterstand – sien agtergrondgegewens) 'n meer abstrakte rede (die dissipline van die kindershuis) aangedui het waarom sy nie van die kindershuis hou nie. Sy kon iets positief in die kindershuis waarvan sy hou, aandui.

Selfbeeldmanifestasie: Geen.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Frustrasie, onmagtigheid, verlies aan beheer en 'n positiewe ervaring in die kindershuis wat sy geniet.

Weerstand/groei getoon: Polariteite ten opsigte die kindershuis is waarskynlik tot 'n mate geïntegreer en sy het tot 'n bewustheid van haar gevoelens ten opsigte van die kindershuis gekom wat tot groei kan bydra.

Chante, respondent F:

Respondent se reaksie: Sy toon sterk negatiewe en positiewe sekerhede omtrent die kindershuis – hierdie polariteit is waarskynlik al tot 'n mate geïntegreer.

Selfbeeldmanifestasie: Selfbewustheid (haar gevoelens ten opsigte van die kindershuis) is volgens navorser bevorderend vir selfbeeldversterking (sien 2.3.1).

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Hartseer, pyn, genot en vreugde.

Weerstand/groei getoon: Sy het tot bewustheid gekom wat tot groei kan bydra.

4.8.4 Evaluasie van sessie:

Navorser is van mening dat die sensoriese bewustheidsoefening goed gewerk het, behalwe dat navorser nagelaat het om die respondente te waarsku dat hulle nie aan mekaar se hare moet raak nie want Cilda se poniestert het haar gou weggegee. Bewustheid van hulle gevoelens was suksesvol hoewel 'n paar respondente weerstand getoon het om iets goed van die kindershuis te sê. Hierdie reaksie is vanweë hulle kommittering, waarvolgens hulle

voel dat hulle geen beheer daaroor gehad het nie, begryplik. Ander lede van die groep wat tog ook positiewe in die kindershuis kon aandui, het waarskynlik 'n positiewe uitwerking op die groep as geheel gehad.

4.9 Byeenkoms 7

4.9.1 Doelstellings van die sessie:

- Om die respondente voor te berei vir die terminering van die sessies.
- Om sensoriese bewustheid (smaak) te bevorder.
- Om die bewustheid van hulle goeie eienskappe by die respondente te verhoog.
- Om deur middel van 'n verhaal katarsis van gevoelens, begrip van hulle omstandighede, 'n besef dat hulle nie alleen met betrekking tot hulle omstandighede is nie en 'n besef van polariteite in mense se lewens, by die respondente te fasiliteer.

4.9.2 Verloop van die sessie

In die vorige sessie het Hanna gevra of ons nie "iets kan hou" omdat sy twee dae vantevore verjaar het nie. Navorser het besluit om 'n klein partytjie met smaakbewustheid te kombineer. Elke respondent het 'n bordjie eetgoed van verskillende smake (sout beskuitjie, stukkie pynappel, sjokolade, lekkergoedjies, worsie, kaside) gekry met 'n koek met kersies en koeldranke daarby. Hanna het die voorreg gehad om die kersies dood te blaas en die groep het vir haar gesing en hande geklap. Die dogters het geweldig baie koek geëet, elkeen het tot vier stukke gevat. Navorser het met hulle oor kos gepraat, hulle voor- en afkeure en watter kos die heel lekkerste vir hulle is. Navorser het ook haar buurman gevra om tydens die "partytjie" 'n paar foto's van die groep te kom neem.

Na die partytjie bring navorser weer die kalender na vore en terwyl 'n respondent die datum toepak, beklemtoon navorser dat hulle moet onthou dat die volgende sessie die laaste sal wees.

Die groep speel toe die volgende speletjie: elke respondent en navorser kry ses papiertjies; op elke papiertjie moet 'n goeie hoedanigheid (uiterlik of innerlik) van elke ander persoon geskryf word, hierdie papiertjies word dan in 'n emmer gegooi, 'n papiertjie word daarna uitgetrek en dan moet die hele groep raai op wie die stelling betrekking het.

Die kommentaar op die papiertjies was hoofsaaklik stereotiep en eenvormig (soos van hul ontwikkelingsfase verwag kon word en is ook 'n bewys van die mate van konfluensie wat by die groep voorkom), soos: "Jy is mooi en sag van binne." Nog 'n paar voorbeelde: "Sy is vreeslik oulik", "Sy is baie mooi", "Sy het mooi en sagte hande", "Sy is 'cute'". Elke

toepaslike papiertjie het navorser op die bors van 'n respondent vasgesteek. Weer eens het die mees oorspronklike gedagtes van Christa gekom. Ongelukkig het sy net drie in plaas van ses strokies papier gekry (van die respondente het vergeet op wie die papiertjie van toepassing was – en Christa is hier en daar vergeet!).

Navorser lees daarna 'n storie aan die groep voor wat sy self geskrywe het (sien Bylae C). Navorser se vrae word nie-toepaslik beantwoord (vier van die ses dogters (Hanna, Fransie, Tarina en Chante) meld dat hulle hofsake nog nie afgehandel is nie – hulle figuurvoorgrond – en dat hulle ouers hulle belowe het dat hulle spoedig by die huis sal wees). Navorser noem dat sy hoop hulle wense word vervul maar dat 'n mens nie altyd kry wat 'n mens begeer nie (poog om die dogters tot realisme te lei).

Op die pad terug kinderhuis toe begin die respondente weer eens spontaan te sing en navorser noem dit aan hulle dat sang 'n mens altyd beter laat voel en dat hulle dit moet probeer as hulle miskien ongelukkig voel (selfvertroeteling).

4.9.3 Emosionele uiting en selfbeeldmanifestasie van die respondente:

Cilda, respondent A:

Respondent se reaksie: Sy geniet die partytjie geweldig baie asook die “eienskap-speletjie” maar is baie stil die res van die tyd (miskien moeg, miskien het die verhaal pynlike herinneringe gebring).

Selfbeeldmanifestasie: Waarskynlik het die speletjie 'n positiewe selfbeeld bevorder.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Geluk, pret, trots en aangename gevoel, pyn, moontlik verligting en katarsis.

Weerstand/groei getoon: Geen weerstand getoon, moontlike groei en katarsis wat as gevolg van die verhaal plaasgevind het.

Hanna, respondent B:

Respondent se reaksie: Sy het die partytjie as hoofrolspeler asook die speletjie geweldig baie geniet en het aandagtig na die verhaal geluister.

Selfbeeldmanifestasie: Haar selfbeeld is waarskynlik baie bevorder.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Ekstase, geluk, vreugde, pret en pyn.

Weerstand/groei getoon: Sy het weerstand ten opsigte van die verhaal getoon maar moontlike groei het as gevolg van die positiewe boodskappe wat sy ontvang het, plaasgevind.

Fransie, respondent C:

Respondent se reaksie: Sy het die partytjie en speletjie geweldig baie geniet en het aandagtig na die verhaal geluister.

Selfbeeldmanifestasie: Haar selfbeeld is waarskynlik bevorder.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Geluk, vreugde, pret en pyn.

Weerstand/groei getoon: Sy het weerstand ten opsigte van die verhaal getoon maar moontlike groei het as gevolg van die positiewe boodskappe wat sy ontvang het, plaasgevind.

Tarina, respondent D:

Respondent se reaksie: Sy het die partytjie en speletjie geweldig baie geniet en het met aandag na die verhaal geluister.

Selfbeeldmanifestasie: Haar selfbeeld is waarskynlik bevorder weens die positiewe boodskappe wat sy gekry het.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Geluk, vreugde, pret en pyn.

Weerstand/groei getoon: Sy het weerstand ten opsigte van die verhaal getoon maar haar selfbeeld het moontlik weens die positiewe boodskappe wat sy ontvang het, gegroei.

Christa, respondent E:

Respondent se reaksie: Sy het die partytjie en speletjie baie geniet en het aandagtig na die verhaal geluister.

Selfbeeldmanifestasie: Navorsers meen haar selfbeeld het dalk 'n knou gekry (sy is die enigste wat net drie papiertjies (komplimente) gekry het.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Vreugde, pret, verwerping en pyn.

Weerstand/groei getoon: Sy het weerstand ten opsigte van die speletjie getoon (sy was die enigste wat nie haar papiertjies huis toe wou neem nie) maar moontlike groei het as gevolg van die positiewe strekking van die verhaal plaasgevind.

Chante, respondent F:

Respondent se reaksie: Sy het die partytjie en speletjie geweldig baie geniet en met aandag na die verhaal geluister.

Selfbeeldmanifestasie: Haar selfbeeld is waarskynlik weens die positiewe boodskappe wat sy ontvang het, bevorder.

Emosies waarmee respondent in aanraking gekom het: Vreugde, pret en pyn.

Weerstand/groei getoon: Sy het weerstand en opsigte van die verhaal getoon (het glad nie toepaslik op navorser se vrae na aanleiding van die verhaal gereageer nie) maar haar selfbeeld het moontlik, soos reeds gesê, as gevolg van die positiewe boodskappe wat sy ontvang het, verbeter.

4.9.4 Evaluasie van die sessie:

Navorsers is van mening dat al die doelstellings van die sessie bereik is hoewel daar nie kans was om die individuele onvoltooidhede van die respondente aan te spreek nie.

Navorsers kon nie die “vergeet van Tarina” voorsien het nie maar is van mening dat dit ongelukkig ‘n pynlike ervaring vir haar was. Die respondente het nie toepaslik op die vrae wat die navorser na aanleiding van die voorgelese verhaal gevra het, gereageer nie maar hulle voorgrond-behoefte geverbaliseer. Die verhaal het waarskynlik hulle gedagtes op ‘n ander spoor geplaas (hulle voorgrondbehoefte) of moontlik het hulle weerstand openbaar aangesien die dogter in die verhaal uiteindelik positief teenoor haar kommittering reageer het. Die positiewe uiteinde van die verhaal het tog moontlik hoop en katarsis vir die dogters gebring aangesien die verhaal implisiet aangetoon het dat ‘n mens eendag ‘n gelukkige en vrugbare lewe kan lei ten spyte van hartseer in jou kinderdae.

4.10 Byeenkoms 8

4.10.1 Doelstellings van die sessie:

- Om die groep met die terminering van die sessie by te staan.
- Te fokus op selfvertroeteling en –versorging.
- Om die bewustheid van iemand wat as vertrooster en hulp in hulle lewe kan optree, te fasiliteer.
- Om te poog dat die eindervaring van die groepsterapie positief sal wees.

4.10.2 Verloop van die sessie:

Navorsers begin die sessie deur die respondente daaraan te herinner dat dit die laaste byeenkoms is en of enigeen iets daaromtrent wil sê. Chante begin deur baie dankie te sê, dit was baie lekker vir hulle gewees. Die ander van die groep beaam dit en navorser vra wat vir hulle die lekkerste was; hulle noem die partytjie, klei, verf en dans maar ook sommer alles. Navorsers praat laaste en bedank die kinders vir hulle mooi gesindheid, mooi samewerking en die pret wat almal (navorsers inklusief) saam gehad het. Sy probeer hulle gevoelens verbaliseer en sê dat elkeen ‘n besondere plek in haar hart gekry het en dat sy vandag hartseer voel want afskeide is altyd maar hartseer. Sy hoop dat hulle altyd aan die tydjie saam met vreugde sal terugdink (fasiliteer bemagtiging en selfvertroeteling).

Navorsers vra of hulle vir oulaas nog iets sal teken, (sien Bylae D) naamlik iemand wat hulle van weet na wie hulle altyd toe kan gaan as hulle hulp wil hê of sommer net wil gesels. Dit kan enige iemand wees, 'n pa, ma, oom, tannie, sussie, kinderhuistannie of maatskaplike werker van die kindershuis. Fransie sê, "Of die Here," en navorsers bevestig dit. Navorsers vra hulle ook om by die tekening 'n wens wat hulle het, neer te skrywe. Die respondente is gou verdiep en herinner navorsers gou daaraan dat sy ook moet teken! (Toon goeie vertrouensverhouding met navorsers).

Christa teken 'n hele paar mense: Carina, 'n maatjie, Mamma, Pappa, Ouma, Oupa. Sy het nie 'n wens geskrywe nie en navorsers vra of sy dit maar vir haar kan skrywe. Haar wens is: *"Ek wens ek wil 'n dokter wees."* Cilda teken twee mooi vrouetjies, Mamma en Tannie Mientjie. Haar wens: *"Ek wens ek kan uit die kindershuis gaan."* Sy wil nie hê dat navorsers die wens hardop moet lees nie (voel skaam/skuldig?) maar met aanmoediging stem sy tog in. Hanna teken Pappa, Tannie Grieta, Jesus en Tannie Mientjie. Haar wens: *"Pappa, my wens is ek wil eendag by my pa gaan bly hy moet die hofsaak wen En ek wens ek kan uit die kindershuis uitgaan."* Tarina teken Tannie Mientjie en haarself, wolke, son, blommetjies, voëltjies. Haar wens: *"Ek wens ek kan treg gaan na my mamma en pappa en ouma en oupa en twee sussies en Boeta en tannie en God."* Fransie teken vier figure; Jesus, Tannie Grieta, Pappa, Tannie Mienkie en die Afdeelingtannie. Sy skrywe iets bokant elke figuur: Pappa – *"Ek wens ek kan by my pa gaan bly en skoolgaan en ek kan met my pa ook praat oor my probleme,"* Tannie Grieta – *"ek wens sy word gesond en ek kan met haar praat oor my probleme ook,"* Tannie Mienkie – *"Ek kan met haar praat as daar broebleeme is,"* Jesus – *"Ek kan met hom praat as ek probleme het en Hy kan ons almal help en hy het ons almal lief."* Chante teken 'n huis in die middel met "Pappa" links en "Mamma" regs van die huis. Haar wens: *"Ek wens ek kan eendag by my pa en stiefma gaan bly."*

Perspektief Kollege se vraelys word daarna deur die respondente voltooi en navorsers gee aan elkeen van die groep 'n roomys "cone". Omtrent almal meld dat hulle nog nooit so 'n roomys geëet het nie!

Die groep sing oppad terug na die kindershuis.


4.10.3 Evaluasie van die sessie:

Navorsers is van mening dat die doelstelling van die sessie bereik is. Die respondente het blykbaar nie trauma met die laaste sessie ervaar nie. Die sessie het die navorsing afgesluit met 'n besef by die respondente dat daar altyd iemand is na wie hulle vir hulp kan gaan en dit was selfvertroetelend en -bemagtigend. Vier van die respondente het navorsers geteken

as iemand wat daar vir hulle is en dit dui waarskynlik op die feit dat navorser die vertroue van die groep gewen het en dat hulle ervaar het dat sy hulle kan help.

Hier volg nou 'n grafiese voorstelling van die groep en individuele respondente se selfbeeldindekse voor en na die terapeutiese intervensie met kommentaar van die navorser:

GROEP




	Eerste 2003/05/27	Tweede 2003/06/13
Angstigheid	68%	60% Verbeter met 8%
Skuldgevoelens	68%	52% Verbeter met 16%
Gebrek aan Selfwaarde	21%	38% Versleg met 17%
Isolasië	47%	53% Versleg met 5%
Verantwoordelik vir ander	49%	53% Versleg met 4%
Gebrek aan Selfgelding	42%	36% Verbeter met 8%

*Soos gesien, bestaan Perspektief Kollege se selfpersepsietoets uit ses elemente. Die leser van die toets moet in gedagte hou dat die Standaardmetingsfout 2% is.

In die lig van laasgenoemde is die grootste “negatiewe” lesing met die eerste oogopslag die verslegting van 17% ten opsigte van die gebrek aan selfwaarde. By nadere ondersoek blyk egter die volgende: met die eerste lesing was die onderhawige eienskap heeltemal uit

verhouding positief wat “verdag” voorkom en volgens navorser se mening aantoon dat die respondente uit voeling met hulself was. Die verslegtende 17% in die tweede toetsing is baie meer in balans met die res van die persentasies wat daarop dui dat die respondente meer in aanraking en tot bewustheid van hulself gekom het wat ‘n positiewe tendens is. Die mees positiewe van die tweede lesing is dan ook dat die lesings nou in balans met mekaar is. Die verslegting van die isolasie en verantwoordelikheid vir ander met onderskeidelik 5% en 4% is nie baie beduidend nie en navorser is van mening dat indien die terapie meer uitgestrek en oor ‘n langer tydperk geduur het hierdie syfers positief sou wees. Dieselfde argument geld ten opsigte van angstigheids en gebrek aan selfgeloof wat beide ‘n positiewe groei van 8% getoon het. Navorser is van mening dat hierdie syfers definitief met genoemde veranderinge hoër sou wees. Die verbetering van die skuldgevoelens met 16% is mooi positief en blykbaar het die terapie veral hierdie element aangespreek wat waarskynlik hierdie respondente met hul aanpassing in die kindershuis ten goede sal wees omdat die literatuurstudie getoon het dat gekommitteerde kinders dink hulle is die oorsaak van hul kindershuisplasing. Opsommend kan gesê word dat die gestaltgroepspeeltherapie ‘n beduidende positiewe uitwerking op die respondente gehad het.


FRANSIE



	Eerste 2003/05/27	Tweede 2003/06/13
Angstigheid	75%	43% Verbeter met 32%
Skuldgevoelens	50%	55% Versleg met 5%
Gebrek aan Selfwaarde	43%	31% Verbeter met 12%
Isolاسie	37%	31% Verbeter met 6%
Verantwoordelik vir ander	81%	62% Verbeter met 19%
Gebrek aan Selfgelding	43%	43% Bly dieselfde

By Fransie het dramatiese groei ten opsigte van angstigheid plaasgevind. Die verskil by skuldgevoelens is onbeduidend. Haar gebrek aan selfwaarde het gegroei en toon dat sy meer realisties met haarself omgaan. Isolاسie en verantwoordelik vir ander verbeter met selfgelding wat dieselfde bly. In die algemeen gesproke was haar positiewe groei gemiddeld van aard.


TARINA



	Eerste 2003/05/27	Tweede 2003/06/13
Angstigheid	56%	62% Versleg met 6%
Skuldgevoelens	72%	61% Verbeter met 11%
Gebrek aan Selfwaarde	37%	43% Versleg met 6%
Isolasië	18%	56% Versleg met 38%
Verantwoordelik vir ander	37%	62% Versleg met 25%
Gebrek aan Selfgelding	62%	37% Verbeter met 25%

By Tarina is die verskil by angstigheid, skuldgevoelens en gebrek aan selfwaarde nie beduidend genoeg nie. Die gebrek aan selfwaarde het wel 'n groot verbetering getoon. Die verslegting van isolasië kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat sy die jongste respondent in die groep was. Soos die verslae aangedui het, het sy dikwels getoon dat sy onbevoeg teenoor die vaardighede van die ander gevoel het. Die groot verslegting van verantwoordelikheid vir ander kan nie deur navorser aan 'n spesifieke aspek gekoppel word nie. Oor die algemeen was daar verandering maar nie groei nie.


CHANTE



	Eerste 2003/05/27	Tweede 2003/06/13
Angstigheid	75%	81% Versleg 6%
Skuldgevoelens	72%	61% Verbeter 11%
Gebrek aan Selfwaarde	6%	6% Bly dieselfde
Isolاسie	56%	50% Verbeter 6%
Verantwoordelik vir ander	62%	43% Verbeter 19% 19%
Gebrek aan Selfgelding	50%	43% Verbeter 7%

By Chante was daar groot verbetering ten opsigte van skuldgevoelens en veral ten opsigte van verantwoordelikheid vir ander. Haar gebrek aan selfwaarde bly dieselfde wat navorsers as 'n teleurstelling ervaar. Groei, hoewel weinig het by gebrek aan selfgelding plaasgevind. Die verslegting van angstigheid met 6% is ook nie baie beduidend nie.


CHRISTA



	Eerste 2003/05/27	Tweede 2003/06/13
Angstigheid	68%	43% Verbeter 15%
Skuldgevoelens	77%	38% Verbeter 39%
Gebrek aan Selfwaarde	12%	68% Versleg met 56%
Isolasië	75%	37% Verbeter 38%
Verantwoordelik vir ander	56%	37% Verbeter 19%
Gebrek aan Selfgelding	25%	43% Versleg met 18%

Christa toon groot verbetering ten opsigte van angstigheid en skuldgevoelens. Alhoewel die gebrek aan selfwaarde versleg, is dit in sigself 'n verbetering/groei. Met die eerste lesing was daar 'n wanbalans, die gebrek aan selfwaarde was te laag in vergelyking met die ander aspekte en kan aanvaar word dat dit 'n bewys was van die respondent se pogings om haar probleme te hanteer. Sy is nou meer realisties by haarself betrokke.


HANNA



	Eerste 2003/05/27	Tweede 2003/06/13
Angstigheid	68%	81% Versleg met 13%
Skuldgevoelens	72%	50 Verbeter met 36%
Gebrek aan Selfwaarde	12%	25% Versleg met 13%
Isolasië	37%	68 Versleg met 31%
Verantwoordelik vir ander	50%	62% Versleg met 12%
Gebrek aan Selfgelding	37%	25% Verbeter met 12%

Volgens navorsers se mening was angstigheid en skuldgevoelens met die eerste lesing oorgeaktiveer. Soos met die vorige respondent se lesing was die positiewe lesing van die gebrek aan selfwaarde 'n teken van 'n onrealistiese betrokkenheid by die eie-ek en was dit 'n manier om aan te pas by haar probleme. Met die tweede lesing versleg die angstigheid met 13% terwyl skuldgevoelens met 36% verbeter en gebrek aan selfwaarde met 13% versleg. Weer eens is die gebrek aan selfwaarde in groter balans gebring. Volgens navorsers het groei plaasgevind en indien die terapie langer geduur het, sou die versleggende elemente verbeter het.

CILDA



	Eerste 2003/05/27	Tweede 2003/06/13
Angstigheid	68%	50% Verbeter van 18%
Skuldgevoelens	66%	50% Verbeter van 16%
Gebrek aan Selfwaarde	18%	56% Versleg van 38%
Isolاسie	62%	81% Versleg van 19%
Verantwoordelik vir ander	12%	56% Versleg van 44%
Gebrek aan Selfgelding	37%	25% Verbeter van 12%

Met die eerste toets beleef die respondent groot angs en skuldgevoelens. Oënskynlik het sy 'n goeie selfwaarde wat onrealisties is en 'n teken van onbewustheid van die self en 'n poging om by haar probleme aan te pas, is. Die respondent voel ook baie geïsoleerd. Sy voel nie verantwoordelik vir ander nie en het redelike selfgelding. Dit toon in die algemeen 'n ongebalanseerdheid want in die lig van die hoë angstigheid en skuldgevoelens is dit ondenkbaar dat die respondent goeie selfgelding en selfwaarde sal hê. Na die terapie toon die angstigheid en skuldgevoelens 'n verbetering. Gebrek aan selfwaarde "versleg" met 38% maar is nou in groter balans met angstigheid en skuldgevoelens. Die respondent het dus tot groter realisme/bewustheid gekom en begin om pyn te hanteer. Haar isolاسie is hoër en navorser kan dit nie verklaar nie behalwe om te sê dat sy baie in die groep gepraat

het van die feit dat sy nie vriende het nie en hierdie feit was waarskynlik sterk op haar voorgrond. Volgens navorser se mening was sy nie in die groep deur die ander geïsoleer nie en het sy baie erkenning in die groep gekry. Haar verantwoordelikheid vir ander het ook aansienlik versleg en dit kan dalk te wyte wees aan die feit dat sy meer realisties by haar self betrokke geraak het. Die respondent is meer selfgeldend wat groei toon.

4.10.4 Samevatting en gevolgtrekking:

*Perspektief Kollege se toets toon, soos reeds gesê, dat die respondente meer in aanraking met hulself gekom het en dat groei veral ten opsigte van skuldgevoelens plaasgevind het. Aangesien selfbeeld op selfkennis gebou word, kan die gevolgtrekking gemaak word dat gestaltgroepspeeltherapie 'n positiewe uitkoms ten opsigte van die verbetering van die selfbeeld van die kind in die middelkinderjare in 'n kinderskool toon.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Gedurende hierdie studie is probeer om vas te stel of die selfbeeld van die kinderhuisdogter in die middelkinderjare moontlik sal verbeter indien sodanige kinders aan gestaltgroepspeeltherapie onderwerp word.

In hierdie hoofstuk word bepaal of die vooropgestelde doelstelling en doelwitte van bogenoemde studie bereik is. Die navorsingsbevindinge word kortliks bespreek waartydens die navorser tot gevolgtrekkings kom en waarna aanbevelings na aanleiding van die studie gemaak sal word.

5.2 BEREIKING VAN DIE DOELSTELLING EN DOELWITTE

Onder hierdie hoof sal die doelstelling en doelwitte soos in hoofstuk een gestel telkens aangedui word waarna die wyse waarop dit bereik is, geskets sal word.

5.2.1 Bereiking van die doelstelling

- Om vas te stel wat die uitkoms van gestaltgroepspeeltherapie op die selfbeeld van die dogter in die kinderhuis in die middelkinderjare sal wees.

Ses dogters tussen die ouderdom van sewe en elf jaar is by agt groepbyeenkomste (twee sessies per week) betrek waartydens gestaltterapeutiese tegnieke met hulle benut is. Hulle selfbeeldindekse is voor en na intervensie getoets. Waarnemings en interpretasies is ook deur middel van die kwalitatiewe navorsingsmetode gedoen. Beduidende gevolgtrekkings kon gemaak word (sien Hoofstuk 4). Die doelstelling is dus bereik.

5.2.2 Bereiking van die doelwitte

- Om 'n kennisbasis daar te stel ten opsigte van wat selfbeeld is, die ontwikkelingskenmerke en behoeftes van die laerskoolkind, die kenmerke en probleme van die kind in 'n kinderhuis en die aard en omvang van gestaltgroepspeeltherapie.
- Om deur middel van 'n empiriese ondersoek vas te stel wat die invloed van gestaltgroepspeeltherapie op die selfbeeld van die laerskooldogter in die kinderhuis is.
- Om aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van gestaltgroepspeeltherapie ten opsigte van die selfbeeld van die laerskooldogter in 'n kinderhuis, vir praktiese benutting deur maarskaplike werkers wat aan hierdie kinders hulp verleen.

Ten einde hierdie doelwit te bereik, is 'n deeglike vooronderzoek gedoen. Beskikbare literatuur is geraadpleeg om die ontwikkelingskenmerke en behoeftes van die laerskoolkind, die kenmerke en probleme van 'n kind in 'n kinderskool, die aard en omvang van gestaltgroepspeeltherapie en die aard en wese van selfbeeld te bestudeer. Kenners op die gebied van die kinderskoolkind is ook geraadpleeg en 'n deeglike beplanning en die opstel van 'n riglyn vir elke sessie is gedoen voordat dit in die praktyk toegepas is. Aktiwiteite waaraan die kinders deelgeneem het, is volledig weergegee sodat maatskaplike werkers en spelterapeute dit vir die toekoms sou kon gebruik.

5.3 GEVOLGTREKKINGS OOR NAVORSINGSVRAAG

Die gevolgtrekking waartoe ten opsigte van die navorsingsvraag, naamlik: "Wat is die invloed van gestaltgroepspeeltherapie op die selfbeeld van die laerskooldogter in 'n kinderskool", gekom kan word, is dat daar 'n beduidende positiewe invloed was.

Navorsers kom tot hierdie gevolgtrekking nie slegs vanweë die kwantitatiewe resultate van die selfbeeldtoets van Perspektief Kollege nie maar ook vanweë die kwalitatiewe navorsingsmetode gebaseer op waarneming, begrip en insig.

5.4 GEVOLGTREKKINGS OOR NAVORSINGSBEVINDINGE

Op grond van die empiriese gegewens wat verkry en in die vorige hoofstuk bespreek is, kom navorsers tot die onderstaande gevolgtrekkings:

5.4.1 Bruikbaarheid van die navorsingsaktiwiteite

Navorsers kom tot die gevolgtrekking dat die aktiwiteite wat gebruik is meer as voldoende geleentheid aan die kinders gebied het om hulle sensoriese bewustheid op te skerp en so die weg vir emosionele bewustheid voor te berei. Verder het dié oefeninge terselfertyd geleentheid vir ontlading van energie, pret en vreugde gebied. Die projeksies het die kinders geleentheid gegee om met hulle gevoelens in kontak te kom en katarsis te ervaar. Die groepsopset het egter nie voldoende geleentheid aan die navorsers gebied om onvoltooidhede met die individuele kinders deur te werk nie. Terwyl navorsers intens met een groeplid besig was, het die ander groeplede die dogter se aandag afgetrek, aandag van die navorsers geëis of so verveeld geraak dat die gevaar bestaan het dat die groep heeltemal ontwrig sou word.

'n Verdere gevolgtrekking waartoe navorsers gekom het, was dat die sessies te naby mekaar geskeduleer was. Navorsers is van mening dat die dogters nie genoeg kans gekry het om

hul ervaringe te prosesseer nie. Een sessie per week sou waarskynlik beter resultate gelewer het.

Navorsers het gepoog om die aktiwiteite gevarieerd te hou en 'n balans tussen pret en erns te bewerkstellig. Gedurende die sessies is voortdurend op selfkennis, die uitbouing van die selfbeeld en selfvertroeteling gefokus. Laastens was die voorbereiding vir terminering volgens navorsers se mening baie suksesvol en kon geen stres of trauma met die laaste sessie bemerk word nie.

5.4.2 Spesifieke aktiwiteite wat gebruik is

Sekere aktiwiteite het meer byval gevind as ander naamlik, die betekenis van elkeen se naam, verfwerk, dans op maat van musiek, sensoriese bewustheid (smaak), ontvang van terugvoering oor die goeie eienskappe en kleiwerk.

5.4.2.1 Betekenis van naam speletjie

Die betekenis-van-my-naam het die kinders onmiddellik met hulself in kontak gebring, op individualiteit gefokus, nuwe perspektiewe ten opsigte van hulleself oopgemaak en tot groter selfkennis en –trots gelei. Navorsers het die moontlikheid ondervand dat 'n kind se naam dalk 'n negatiewe konnotasie kon hê en daarom het sy vooraf gesorg dat sy slegs positiewe betekenis in die naamboek merk (sommige name het meer as een betekenis). Een dogter se naam het 'n neutrale betekenis gehad en dit was gou duidelik dat die dogter teleurgesteld daaromtrent was. Die ander dogters het dikwels na hulle “nuwe naam” terugverwys wat 'n teken is dat hulle trots daarop was en moontlik kon hierdie eenvoudige intervensie/speletjie bydra tot die verbetering van hul selfbeeld.

5.4.2.2 Verfwerk

Navorsers is van mening dat hierdie aktiwiteit soveel byval gevind het want verfwerk gee buiten die kreatiewe bevrediging ook sensoriese genot. Die dogters moes die verf self met water meng, die kleure meng en nuwe kleure skep. Die kwasbeweging gee ook 'n vloeiendheid wat vryheid van lyn stimuleer. Saam met die rustige musiek wat gespeel is, het navorsers 'n kalmte terwyl hulle gewerk het onder die dogters waargeneem.

5.4.2.3 Dans op maat van musiek

Hierdie aktiwiteit het waarskynlik soveel byval gevind want verskillende sintuie (kinetiese gevoel, gehoor, liggaamsbewustheid) word terselfertyd ingespan en bring die beweging met musiek, volgens navorsers se mening, 'n gevoel van vryheid, ontspanning, beheer en

kom die kind ook met sy verbeeldingswêreld en fantasie in kontak. Dit was opmerklik dat een dogter dadelik ook haar wens aan navorser bekend gemaak het dat sy eendag 'n balletjuffrou wil word.

5.4.2.4 Sensoriese bewustheid (smaak)

Daar moet onthou word dat hierdie aktiwiteit met 'n partytjie gepaard gegaan het. Dit was opmerklik dat die dogters hul byna ooreet het aan die koek. Navorser meen egter dat onthou moet word dat hierdie kinders, soos die literatuurstudie aangetoon het, uit gedeprimeerde omstandighede (waar hulle soms aan karige voeding onderwerp was) kom. Waarskynlik is dit die rede waarom hulle hierdie aktiwiteit so besonder baie geniet het.

5.4.2.5 Terugvoering oor goeie eienskappe

Al ses dogters het by tye laat blyk dat hulle 'n swak selfbeeld het. Hierdie aktiwiteit het benewens verhoogde selfkennis ook op spelende wyse 'n geleentheid gebied om ses komplimente te ontvang en navorser kon waarneem dat dit groot vreugde aan die dogters verskaf het.

5.4.2.6 Kleiwerk

Soos uit die literatuurstudie (3.8.4.2.2) geblyk het, verskaf kleiwerk kreatiewe en sensoriese genot by kinders. Navorser kan bevestig dat dit geblyk het dat haar respondente besondere plesier en bewuswording deur hierdie medium ervaar het.

5.4.3 Ontwikkelingskenmerke van die middelkinderjare

- Vanuit die literatuurstudie is aangetoon dat die kind in die middelkinderjare al in staat is om gedrag as reg of verkeerd te beoordeel. Hierdie aspek is deur die navorsingstudie bevestig en navorser het waargeneem dat die respondente al 'n sterk sin vir wat reg/regverdig en wat verkeerd/onregverdig is, gehad het. Veral een dogter het reeds 'n baie sterk morele gevoel openbaar, waarskynlik omdat sy sterk identifiseer met haar pa wat 'n aspirant pastoor is. Die dogters het ook van tyd tot tyd toepaslik na die reëls van die groep verwys wat klaarblyklik bewys dat hulle die nut en waarde van die reëls verstaan het.
- Die sterk behoefte aan portuurgroepbinding en die soeke na erkenning en aanvaarding het ook uit die literatuurstudie geblyk en navorser het waargeneem dat meeste van die dogters in hierdie verband probleme ondervind het. Tydens een sessie het vyf van die ses dogters verklaar dat hulle nie 'n maat het om mee te speel nie en dat hulle hartseer

hieroor voel. Navorser is van mening dat hierdie verskynsel met 'n swak selfbeeld in verband gebring kan word.

- Vanuit die literatuur word gemeld dat kinders in hierdie lewensfase bewus word van emosies en dat 'n mens gemengde emosies kan hê en dat die uitdrukking van 'n emosie nie altyd die ware innerlike weerspieël nie. Navorser kan hierdie feit bevestig, die dogters was al in staat om sterk emosies te identifiseer en kon ook verstaan dat emosies nie altyd korrek waarneembaar is nie. Al die dogters, behalwe een, was al in staat om hulle emosies te reguleer wat navorser in die lig van die trauma wat die kinders al beleef het as 'n groot prestasie en teken van krag in die dogters beskou. Daar was egter 'n groot verskil tussen die jongste (7 jaar) en oudste (11 jaar) dogter merkbaar. Die jongste kon moeilik haar hartseer- en angsgevoelens hanteer of beheer en het 'n groot behoefte aan vertroeteling gehad.
- Navorser het bemerk dat al die dogters kognitief nog in die konkreet-operasionele fase was. (Vergelyk 2.1.1.2.) Hulle voorbeelde, gesprekke en redenering was hoofsaaklik op die konkrete gefokus. Tog het hulle reeds logiese en georganiseerde redeneringsvermoëns gedemonstreer.

5.4.4 Houding van dogters ten opsigte van kindershuisplasing

- Volgens die literatuurstudie (sien 2.2.2) staan kinders baie negatief teenoor die kindershuis en kommittering. Navorser kan veral hierdie feit uit haar empiriese gegewens bevestig.
- Al ses kinders het dit maklik gevind om iets in 'n projeksietegniek te teken van die kindershuis waarvan hulle nie hou nie. Almal het ook vertel hoe hartseer hulle was die dag toe hulle kindershuis toe moes kom. Vyf van die ses kinders se grootste wens is om terug by hulle ouers te wees.
- Slegs een kind het die kindershuistannie (saam met ander persone) as 'n bron van ondersteuning en hulp identifiseer. Navorser vind dit jammer dat nie een kind iemand anders in die kindershuis as 'n hulpbron aangedui het nie.
- Veral twee kinders het aangedui dat hulle baie gespot word in die kindershuis (omdat hulle bril dra en een 'n plaatjie vir haar tande het). Volgens die literatuurstudie is die kind in die middelkinderjare besonder sensitief vir die siening van ander (sien 2.3.2.1) daarom is hierdie probleem veral pynlik en moeilik vir sodanige kind. Veral een respondente het onophoudelik na haar bril en plaatjie verwys wat daarop dui hoe ernstig sy die kinders se gespot geïntrojekteer het.

5.4.5 Selfbeeld van die kinderhuiskind

- Navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat die kinderhuiskind 'n swak selfbeeld het (sien 2.3.1). Volgens die literatuur word selfbeeld grootliks deur liggaamsbeleving bepaal en gedurende projeksies het vyf kinders negatiewe projeksies van hulself gemaak (een het haar “klei-liggaam” vol gemaak en 'n ander vol “musketbyte”, een dogter het slegs 'n kleikop gemaak en 'n ander het haar kleigesig geen gelaatstrekke gegee nie).
- Drie van die ses was oortuig dat hulle vet is. Volgens hul lyftaal kon navorsers die afleiding maak dat hulle “vet” negatief belewe. Een respondente het op meer as een geleentheid haar ongeluk uitgespreek omdat sy gespot word. Hierdie feit werk volgens navorsers verder negatief in op die vorming van 'n gesonde selfbeeld.
- In 'n volgende projeksie het vyf van die ses dogters aangedui dat hulle mooi wil wees (sien 2.3.2). Een dogter wat duidelike kuiltjies in haar wange het, wou dit glad nie aanvaar nie (defleksie) en het aan navorsers, soos die literatuur aangedui het, die belangrikheid van negatiewe selfspraak in die selfbeeldvorming beklemtoon.
- Vyf van die ses dogters het aangedui dat hulle nie maats het nie. Navorsers kom tot die gevolgtrekking dat hierdie feit toegeskryf is aan die swak selfbeeld wat hulle het. As gevolg van die swak selfbeeld isoleer die kind homself, ervaar dat hy nie maats het nie en voel dan weer nog meer minderwaardig (sien 2.3.2).
- Daar was tekens van spontaneïteit, opgewektheid en samewerking maar ook skaamte, onttrekking, selfkritiek, angs en blamering van ander (projeksie). Hierdie diskrepansie dui volgens navorsers daarop dat hul negatiewe selfbeeld nog nie hul lewens oorheers nie en dat die positiewe gedrag bewys lewer dat die respondente oor voldoende kragte beskik om met die nodige leiding/terapie te groei en meer positief oor hulself te voel.

5.4.6 Benutting van gestaltpeltherapie tegnieke

- Gestaltpeltherapeutiese tegnieke kon toepaslik benut word om die kinders te help om 'n positiewe selfbeeld uit te bou.
- Deur die benutting van sensoriese bewustheid, selfkennispeletjies, teken- en verwerk en kleiwerk kon die kind in kontak kom met onderdrukte emosies, selfkennis opdoen en so gedeeltelike beheer oor haarself verkry.
- Emosies wat die middeljarekind in die kinderhuis belewe, is volgens navorsers se waarneming hartseer, verlange, angs, onsekerheid, hoop, fantasie, gevoel van verwerping, magteloosheid en onwaardigheid. Met die gestaltpeltherapie tegnieke is haar bewustheid hiervan opgeskerp.

- Soos reeds vermeld was dit nie moontlik om die onvoltooidhede van die dogters deurgrondig aan te spreek nie. Navorser beveel aan dat die agt sessies deur individuele terapie opgevolg moet word.
- Daar is in die terapie veral op selfondersteuning gefokus, veral aangesien die kind in die kindershuis min ondersteuningsisteme het. Deur middel van die integrasie van polariteite, verbetering van selfkennis, bewusmaking van kragte in die eie-ek en van ondersteuningsisteme is die kind gehelp om meer selfversorgend en -vertroetelend op te tree.
- Omdat getaltherapie fokus op bewustheid in die hier-en-nou en die eie verantwoordelikheid van die individu om selfversorgend en –vertroetelend te wees, is navorser van mening dat dit by uitstek die terapie is wat aangewend kan word om iemand se selfbeeld aan te spreek.

5.4.7 Terapeutiese prosesse van gestaltherapie

- 'n Spesifieke gestaltherapeutiese riglyn is gevolg ten einde die selfbeeld van die middeljarekind te bevorder (sien 3.7).
- Die benutting van hierdie terapeutiese riglyn tydens die empiriese studie het daartoe bygedra dat die dogters meer in kontak met hulself gekom het. Kontak lei tot die bewustheid van sterktes en kragte en bevorder dan 'n goeie selfbeeld. Navorser is nie van mening dat die ses dogters die eksplisiete laag van die persoonlikheid bereik het nie maar dat die terapie hulle gehelp het om uit die valse laag te begin beweeg.

5.4.8 Kontakgrensversteurings

- Kontakgrensversteurings het by al ses dogters wat in die navorsingstudie betrek is, voorgekom. Navorser is van mening dat al ses dogters die diskoerse in die samelewing van wat as 'n ideale liggaamsbou beskou word, die spot en terg van die portuurgroep en die idee dat hulle onaantreklik en ongewild is, geïntrojekteer het. Hierdie introjek was by een dogter so sterk dat sy die positiewe terugvoering van die groep dat sy aantreklike kuiltjies het, gedeflekteer het.
- Projeksie het ook voorgekom. Twee dogters het negatiewe gevoelens en die skuld vir hul kommittering geheel op die skouers van hulle ma geplaas. Dit is moontlik dat twee ander dogters die rede vir hul kommittering op hulself geprojekteer het en nou hulself as onaanvaarbaar beskou. (Vergelyk die kleiwerk waar een dogter haarself vol gate gemaak het en die ander een vol muskietbyte.) Verder het vyf dogters aangetoon dat hulle nie maats het nie; dit is moontlik dat hierdie dogters hulself isoleer en dan die "skuld" vir hul ongewildheid op die maats projekteer. Dit is volgens navorser ook

moontlik dat hulle hul ongelukkigheid omtrent hul verblyf in die kinderhuis op “die gebrek aan maats” en “tergery” projekteer. Dit moet onthou word dat dit feitlik onmoontlik vir hierdie kinders is om die skuld vir hul kommittering op hul ouers se skouers te plaas, volgens navorsers se mening sal hulle eerder die oorsake op hulself projekteer as op hulle ouers.

- Samevloeiing met die groep kon duidelik in die projeksies van die kinders en hulle verbale kommentaar waargeneem word. Hulle tekeninge was soms byna identies. Slegs een dogter was nie in samevloeiing nie en het individualiteit getoon. Hierdie feit word natuurlik bevorder deur die feit dat die kinders saamwoon en mekaar heeldag sien. Die voordeel daarvan was dat die groep nie skaam vir mekaar was nie en dat vrye en spontane interaksie tussen hulle plaasgevind het.

5.5 AANBEVELINGS

Na aanleiding van die voorafgaande studie en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings gemaak:

5.5.1 Opleiding van die gemeenskap

Belanghebbendes (ouers, onderwysers, predikante, dosente, sielkundiges, maatskaplike werkers) moet leiding verskaf en bou aan gesonde lewensnorme ten opsigte waarmee die waarde en betekenis van iemand (kind) bepaal word. Valse, uiterlike en vervlietende norme moet verwerp en vermy word.

5.5.2 Opleiding aan belanghebbendes

Ouers, onderwysers, maatskaplike werkers en huismoeders in kinderhuise behoort opgelei en ingelig te word ten opsigte van die bou van ‘n goeie selfbeeld in ‘n kind. Die waarde wat ‘n goeie selfbeeld vir die individu het, moet beklemtoon word. Moontlik kan maatskaplike werkers in privaat praktyk sodanige seminare aanbied.

5.5.3 Kinderhuise

Daar moet nie opgehou word om aan alternatiewe kinderversorgingsmoontlikhede te dink nie. Die behoeftes van ‘n kinderhuis moet voortdurend onder die aandag van die kerk en regering gebring word. Indien nodig moet nuwe kinderhuise opgerig word en bestaendes opgradeer word. Die huismoeder het soms ‘n onmoontlike las en kan nie kwaliteit aandag aan elke kind gee nie. Addisionele personeel moet, indien nodig, aangestel kan word. Opleiding moet aan huismoeders verskaf word waarin die aspek van gesonde selfbeeldvorming ook aandag moet geniet. Kinderhuiskinders moet in die posisie geplaas word om sekere verbruikersgoedere (byvoorbeeld ‘n bedkassie) as hulle eie te kan

identifiseer. Daar moet groter toeganklikheid tussen die kinders en die terapeutiese personeel wees.

5.5.4 Implimentering van die riglyn

- Navorser wil aanbeveel dat die ouderdomsverskil wanneer daar met 'n groep gewerk word nie meer as twee jaar sal wees nie. In navorser se groep het die jongste kind dikwels onbekwaam teenoor die ander gevoel (vier jaar verskil) en dit het juis 'n positiewe selfbeeldvorming teengewerk.
- Navorser beveel ook aan dat daar nie twee sessies per week moet plaasvind nie. Volgens navorser moet die kinders genoeg tyd kry om wat hulle ervaar het, te verwerk. Sommige sessies het diep belewinge bevat en hiervoor is refleksietyd nodig. Een sessie per week lyk die ideale te wees.
- Navorser beveel aan dat addisionele rustige aktiwiteite (soos storieboeke waardeur geblaai kan word of inkleurboeke) vir die groep beskikbaar moet wees wanneer die navorser 'n kind se projeksie met haar wil bespreek. Wanneer die kinders hul beurt moet af wag, raak hulle verveeld en dit voorkom dat navorser elke kind se projeksie deeglik met haar kan bespreek. Indien navorser ook nie hierin slaag nie behoort hierdie leemte na die empiriese studie met die individuele kind aangespreek te word.
- Navorser beveel aan dat rustige aktiwiteite die meer lewendige moet afwissel. Verder moet gepoog word om die sessies gevarieerd te hou met iets nuut en prikkelend by elke sessie.
- Navorser se beplanning moet plooibaar wees. Indien kinders 'n voorkeur vir 'n sekere aktiwiteit toon, moet navorser bereid wees om haar beplanning te wysig en daarby aan te pas.
- Navorser is van mening dat hierdie riglyn met enkele aanpassings ook op kinders buite 'n kinderhuis gebruik kan word.
- Navorser beveel aan dat sover moontlik gepoog moet word om te keer dat die kinders nie tydens 'n projeksie mekaar naboots nie, anders is hulle projeksies nie outentiek nie en kan navorser nie die kind met sy onvoltooidhede help nie. Moontlik kan die probleem ondervang word (indien daar genoeg spasie is) deur die kinders ver van mekaar te laat sit. Dit is egter onmoontlik om te keer dat die kinders na mekaar se terugvoering sal luister en dit dalk sal naboots.

5.5.5 Navorsing

Ten opsigte van toekomstige navorsing word aanbeveel dat die volgende hipoteses getoets word:

- Indien 'n oerleidingprogram wat fokus op die gesonde selfbeeldvorming van kinders deur ouers gebruik word, sal hul kinders se selfbeeld verbeter.
- Indien 'n groep kinders aan gestaltgroepspeeltherapie blootgestel word, sal hul akademiese prestasies verbeter.

5.5.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is gepoog om 'n beknopte samevatting van die navorsingstudie wat onderneem is, te gee, om vas te stel tot watter mate die doelstelling en doelwitte van die studie bereik is en die gevolgtrekkings en waarnemings waartoe gekom is aan te dui en sekere aanbevelings te maak.

BRONNELYS

Bender, C.J.G. 1999. **Kinderontwikkeling vanuit 'n opvoedkundige perspektief vir MA (MW) (Spelterapie)**. K.I.O 810. Pretoria: Universiteit van Pretoria: Fakulteit Opvoedkunde.

Berk, L.E. 2000. **Child Development**, Fifth Edition. Boston: Allyn & Bacon.

Bower, B. 1993. Gender paths wind toward self-esteem. **Science News**, 143(20), October: 122-123.

Brammer, L.M., Abrego, P.J. & Shostrum, E.L. 1993. **Therapeutic counseling and psychotherapy**. Sixth Edition. New Jersey: Prentice-Hall.

Brooks, R.B. 1998. To foster children's self-esteem and resilience, search for islands of competence. **Brown University Child & Adolescent Behavior**, 14(6): 142-144.

Burnett, P.C. 1999. The relationship between significant others' positive and negative statements, self-talk and self-esteem. **Child Study Journal**, 29(1): 77-81.

Cleghorn, P. 1996. **The Secrets of Selfesteem**. Shaftesbury, Dorset: Elemental Books Limited.

Cochran, J.L. 1996. Using play and art therapy to help culturally diverse students overcome barriers to school success. **School Counselor**, 43(4), March: 1-11.

Coetzee, L. 1997. **Selfondersteuning as bousteen vir selfvertroeteling in spelterapie: 'n maatskaplikewerk-perspektief**. Ongepubliseerde MA Tesis (MW). Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Collins, K. & Potgieter, R. 1996. A model for the assessment of children. **Die Maatskaplikewerk-Navorsing-Praktisyn**, 9(2): 121-127.

Congress, E.P. 1995. Gestalt. In: **Encyclopedia of Social Work** 19th Ed. Volume 2. Washington D.C.: NASW PRESS.

Crozier, W.R. 1995. Shyness and self-esteem in middle childhood. **British Journal of Education**, 65, 85-95.

Davies, D. 1999. **Child Development: A Practitioner's Guide**. New York: The Guilford Press.

Departement van Wesyn, 1998. **Information Guide for Social Workers on the Child Care Act 74 of 1983, as amended and regulations**. Kaapstad: CTP Book Printers.

De Vos, A.S. 1998a. Intervention research. In: De Vos, A.S. **Research at Grassroots: a primer for the caring professions**. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 1998b. Introduction to the research process. In: De Vos, A.S. **Research at Grassroots: a primer for the caring professions**. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S., Schurink, E.M. & Strydom, H. 1998. The nature of research in the caring professions. In: De Vos, A.S. **Research at Grassroots: a primer for the caring professions**. Pretoria: Van Schaik.

Dierks, J.M. 1999. Listening within: a brief therapy model for use with gestalt theory. **The Gestalt Journal**, 19(2), 51-99.

Dupper, A. 2002. Onderhoud met mev. A. Dupper, Hoof maatskaplike werker, Abraham Kriel Kinderhuis, Potchefstroom op 20 Augustus 2002.

Faul, A.C. & Van Niekerk, C. 1998. The assessment of vulnerable children with standardized measurement instruments. **Maatskaplikewerk-Navorsing-Praktisyn**, 11(3), 89-106.

Feist, J. 1994. **Theories of personality**. 3e Uitgawe. Orlando: Harcourt Brace College Publishers.

France, M., Honore, E.A.G. & Allen, G. 1993. Gestalt and other strategies for exploring dreams through a step-by-step approach. **Guidance & Counseling**, 9(2), November: 1-7.

- Fraser, E.M. 1989. **Selfbeeldbou van die primêre skoolkind in 'n kindershuis met behulp van spelterapeutiese tegnieke.** Ongepubliseerde MA Tesis (MW). Pretoria: UNISA.
- Fouche, C.B. & De Vos, A.S. 1998a. Selection of a research design. In: De Vos, A.S. **Research at Grassroots: a primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik.
- Fouche, C.B. & De Vos, A.S. 1998b. Problem formulation. In: De Vos, A.S. **Research at Grassroots: a primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik.
- Geldard, K. & Geldard, D. 1997. **Counseling Children: A Practical Introduction.** London: SAGE Publications.
- Gilligan, R. 1999. Enhancing the resilience of children and young people in public care by mentoring their talents and interests. **Child and Family Social Work**, 4, November: 187-196.
- Glinnwater, J.T. 2000. Gestalt therapy: treatment of the affective self. **The Gestalt Journal**, 13(2), Fall: 81-95.
- Greene, M.F. 2000. Your kid's emotional health. **Good Housekeeping**, 231(5), November: 19-22.
- Gregorian, V.S., Azarian A., DeMaria, M.B. & McDonald, L.D. 1996. Colors of disaster: the psychology of the "black sun". **The Arts in Psychotherapy**, 23(1): 1-14.
- Grinnell, R.M. 1993. **Social Work Research and Evaluation.** 4th Ed. Itasca Illinois: Peacock.
- Grinnell, R.M. & Williams, M. 1990. **Research in Social Work: A Primer.** Illinois: F.E. Peacock Publishers.
- Hart, L. 1994. **On the Wings of Selfesteem.** Berkeley, California: Celestial Arts.
- Johnston, S.S.M. 1997. The use of art and play therapy with victims of sexual abuse: a review of the literature. **Family Therapy**, 24(2), 101-112.

- Joubert, J.M.C. 1997. 'n **Gestalthulpprogram vir die kind met enurese vanuit 'n maatskaplikewerk-perspektief**. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Kelly, M. 1998. How can we boost our younger child's self-esteem? **Family Life**, 96(1), April: 155-156.
- King, K.A. 1997. Self-concept and self-esteem: A clarification of terms. **Journal of School Health**, 67(2), February: 207-210.
- Kirby, M. & Hardesty, P.H. 1998. Evaluating older pre-adoptive foster children. **Professional Psychology: Research and Practice**, 29(5), October: 428-436.
- Kirchner, M. 2000. Gestalt therapy theory: an overview. **Gestalt!**, 4(3), Autumn: 1-18.
- Kohn, A. 1994. The truth about self-esteem. **Journal of Humanistic Counseling, Education & Development**, 76(4), December: 52-67.
- Landreth, G.L. 1991. **Play therapy: the art of the relationship**. Munchie Indiana: Accelerated Development Inc., Publishers.
- Lategan, H.J. 1999. 'n **Fenomenologiese beskrywing van die kinderhuis-adolesent se leefwêreld**. Ongepubliseerde MA Tesis. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.
- Loewy, M.I. 1998. Suggestions for working with fat children in the schools. **Professional School Counseling**, 1(4), April: 146-154.
- Louw, D.A., Schoemann, W.J., Van Ede, D.M. & Wait, J. 1998. Die middelkinderjare. In: Louw, D.A. **Menslike Ontwikkeling**. Tweede uitgawe. Pretoria: HAUM-Tersiêr.
- Magill, F.N., Roderiguez J. & Turner, L. 1996. **International Encyclopedia of Psychology, Gestalt Therapy**. Vol 1. London: Fitzroy Dearborn Publishers.
- Matthias, C. 1997. **Removal of children and the right to family life**: South Africa Law and Practice.

McParlin, P. 1996. Children 'looked after' (in care) – implications for educational psychologists. **Educational Psychology in Practice**, 12(2): 112-117.

Meyer, C.H. 1993. **Assessment in social work practice**. New York: Columbia University Press.

Mosek, A. & Adler, L. 2001. The self-concept of adolescent girls in non-relative versus kin foster care. **International Social Work**, 44(2): 149-160.

Nichol, R.J. & Scheffer, J. 1994. Biblioterapie en Kinderpsigiatrie. **Geneeskunde**, Junie: 12-20.

Nuttall, P. 1995. **"Middle Childhood Development"**
<http://www.nncc.org/child.dev/mid.dev.html>.

Oaklander, V. 1988. **Windows to our children**. New York: The Gestalt Journal Press.

Oaklander, V. 1993. From meek to bold: a case study of gestalt play therapy. In: Kottman, T. & Schaefer, C. (Eds.) **Play Therapy in Action: A Casebook for Practitioners**. Northvale: Jason Aronson Inc.

Oaklander, V. 1997. The therapeutic process with children and adolescents. **Gestalt Review**, 1(4): 292-317.

Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2000. **Verklarende Handwoordboek van die Afrikaanse Taal**. Kaapstad: Perskor.

O'Leary, E. 1992. **Gestalt therapy: theory, practice and research**. London: Chapman & Hall.

Passons, W.R. 1975. **Gestalt Approaches in Counseling**. New York: Holt, Rinehart & Winston.

Pawel, J.J. 2001. Help your child develop self-esteem. **Brown University Child & Adolescent Behavior Letter**. 17(3), March: 17-19.

Polster, E. & Polster, M. 1973. **Gestalt Therapy Integrated**. New York: Brunner/Mazel.

- Pretorius, J.W.M. 1994. **Ontwikkelingsfases van die opvoeding**. In: Ferreira, G.V. (Red.). *Temas in die psigopedagogiek*. Deel 1. Stellenbosch: UUB.
- Prinsloo, M. 1994. **Die verbetering van die selfkonsep van die kind in die kindersorgskool deur middel van maatskaplikewerk-hulpverlening**. Ongepubliseerde MA (MW) Tesis. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Ramey, L. 1998. The use of gestalt interventions in the treatment of the resistant alcohol-dependant client. **Journal of Mental Health Counseling**, 20(3), July: 1-10.
- Rhodes, J.E., Haight, W.L. & Briggs, E.C. 2000. The influence of mentoring on the peer relationships of foster youth in relative and nonrelative care. **Journal of Research on Adolescence**, 9(2), 185-201.
- Roberts-Pennell, D. & Graves, D. 1999. Longitudinal assessment of play and adaptive behavior in young children with developmental disabilities. **Research in Developmental Disabilities**, 20(2), 147-162.
- Robinson, L. 2000. Racial identity attitudes and self-esteem of black adolescents in residential care: an exploratory study. **The British Journal of Social Work**, 30: 3-20.
- Roos, T. 1994. **Die kinderhuiskind met enuresis**. Ongepubliseerde MA Tesis. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Roth, R.; Slone, M. & Dar, R. 2000. Which way cognitive development? **Theory & Psychology**, 10(3), 353-373.
- Rubin, S.G. 2000. Selfesteem and your child. **Ostomy Quarterly**, 37(3), Spring: 33-36.
- Schoeman, J.P. 1996a. The art of the relationship with children – a gestalt approach. In: Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. **Entering the child's world: a play therapy approach**. Pretoria: KAGISO.

Schoeman, J.P. 1996b. Projection techniques. In: Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. **Entering the child's world: a play therapy approach.** Pretoria: KAGISO.

Schoeman, J.P. 1996c. Sensory contact with the child. In: Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. **Entering the child's world: a play therapy approach.** Pretoria: KAGISO.

Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. **Entering the child's world: a play therapy approach.** Pretoria: KAGISO.

Schurink, E.M. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. In: De Vos, A.S. **Research at Grassroots: a primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik.

"Self-Awareness." <http://mentalhelp.net/psyhelp/chap15/chap15d.htm> (2003).
(Outeur onbekend).

Sicoli, L. A. & Hallberg, E.T. 1998. An analysis of client performance in the two-chair method. **Canadian Journal of Counselling**, 32(2), 151-162.

Sigafoos, J. 1999. Longitudinal assessment of play and adaptive behavior in young children with developmental disabilities. **Research in Developmental Disabilities**, 20(2): 147-162.

Sinclair, I. 1998. **Children's homes: a study in diversity.** New York: John Wiley & Sons.

Small, L. 2000. **A gestalt playtherapy guideline within a pentecostal pastoral setting.** Ongepubliseerde MA (MW) Tesis. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Statman, D. 1993. Selfesteem in children. **Journal of Moral Education**, 22(1): 124-129.

Steenberg, E. 1995. **Die effek van 'n kreatiewe kunsterapeutiese program op die psigologiese funksionering van kinderhuiskinders.**

Ongepubliseerde MA Tesis. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

Strydom, H. 1998. The pilot study. In: De Vos, A.S. **Research at Grassroots: a primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. & De Vos, A.S. 1998. Sampling and sampling methods. In: De Vos, A.S. **Research at Grassroots: a primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik.

Swanson, C. & Lichtenberg, P. 1998. Diagnosis in gestalt therapy: a modest beginning. **The Gestalt Journal**, 21(1), Spring: 1-17.

Taussig, H.N. 2002. Risk behaviors in maltreated youth placed in foster care: a longitudinal study of protective and vulnerability factors. **Child Abuse and Neglect**, 26, March: 1180-1199.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 2000. **Counseling Children.** California: Brooks/Cole Publishing Company.

Toerien, M. 2001. **Die benutting van gestaltpeltherapie op die aanpassing van die middelkinderjare-kind in 'n kindershuis.** Ongepubliseerde MA Tesis (MW) Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van der Merwe, C.J. 1992. **'n Maatskaplikewerk-onderzoek na die invloed van verwaarlosing op die selfbeeld van die kind in sy middelkinderjare.** Ongepubliseerde MA Tesis (MW). Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van der Merwe, M. 1996a. The use of play techniques when counselling young children in a divorce situation. In: Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. **Entering the child's world: a play therapy approach.** Pretoria: KAGISO.

- Van der Merwe, M. 1996b. Assessment play. In: Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. **Entering the child's world: a play therapy approach**. Pretoria: KAGISO.
- Van der Merwe, M 1996c. Dramatic play. In: Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. **Entering the child's world: a play therapy approach**. Pretoria: KAGISO.
- Van der Merwe, M. 1996d. Creative play. In: Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. **Entering the child's world: a play therapy approach**. Pretoria: KAGISO.
- Viljoen, C. 1998. **Verbetering van die selfkonsep van adolessente straatkinders deur middel van spel terapie: 'n maatskaplikewerk-perspektief**. Ongepubliseerde MA (MW)Tesis. Preoria: Universiteit van Pretoria.
- West, J. 1992. **Child centered play therapy**. Second edition. London: Arnold.
- Wigfield, A. & Eccles, J.S. 1994. Children's competence beliefs, achievement values and general self-esteem. **Journal of Early Adolescence**, 14(2), May: 89-110.
- Willemsen, H. & Anscombe, E. 2001. Art and play group therapy for pre-school children infected and affected by HIV/AIDS. **Clinical Child Psychology and Psychiatry**, 6(3), 339-350.
- Wood, S. 2001. The secret to self-esteem. **Family Life**, April: 13-16.
- Wulf, R. 1998. The historical roots of gestalt therapy theory. **The Gestalt Journal**, 21(1), Spring: 81-91.
- Yssel, J.M. 1997. **Assesseringsriglyn vir die emosioneel-sosiale funksionering van die allergiese kind – 'n maatskaplikewerk-perspektief**. Ongepubliseerde MA Tesis (MW). Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Yssel, J.M. 1999. **Gestaltterapie met die allergiese kind in die middelkinderjare**. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

BYLAE A

Volgorde van tekeninge:

**Cilda
Hanna
Fransie
Tarina
Christa
Chante**

(not available)

BYLAE B

Volgorde van tekeninge:

**Cilda
Hanna
Fransie
Tarina
Christa
Chante**

(not available)

BYLAE C

(not available)

BYLAE D

Volgorde van tekeninge:

**Cilda
Hanna
Fransie
Tarina
Christa
Chante**

(not available)